
AFRIKAANS HUISTAAL

*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

# *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*




## *Grondslagfase*
## *Graad R-3*

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD R-3

## AFRIKAANS HUISTAAL

**Department of Basic Education**

222 Struben Street
Private Bag X895
Pretoria 0001
South Africa
Tel: +27 12 357 3000
Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110
Website: http://www.education.gov.za

**© 2011 Department of Basic Education**

**ISBN: 978-1-4315-0401-5**

Design and Layout by: Ndabase Printing Solution

Printed by: Government Printing Works

# FOREWORD BY THE MINISTER



Our national curriculum is the culmination of our efforts over a period of seventeen years to transform the curriculum bequeathed to us by apartheid. From the start of democracy we have built our curriculum on the values that inspired our Constitution (Act 108 of 1996). The Preamble to the Constitution states that the aims of the Constitution are to:

- heal the divisions of the past and establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights;
- improve the quality of life of all citizens and free the potential of each person;
- lay the foundations for a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law; and
- build a united and democratic South Africa able to take its rightful place as a sovereign state in the family of nations.

Education and the curriculum have an important role to play in realising these aims.

In 1997 we introduced outcomes-based education to overcome the curricular divisions of the past, but the experience of implementation prompted a review in 2000. This led to the first curriculum revision: the *Revised National Curriculum Statement Grades R-9* and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* (2002).

Ongoing implementation challenges resulted in another review in 2009 and we revised the *Revised National Curriculum Statement* (2002) to produce this document.


From 2012 the two 2002 curricula, for *Grades R-9* and *Grades 10-12* respectively, are combined in a single document and will simply be known as the *National Curriculum Statement Grades R-12.* The *National Curriculum Statement for Grades R-12* builds on the previous curriculum but also updates it and aims to provide clearer specification of what is to be taught and learnt on a term-by-term basis.

The *National Curriculum Statement Grades R-12* accordingly replaces the Subject Statements, Learning Programme Guidelines and Subject Assessment Guidelines with the

(a) Curriculum and Assessment Policy Statements (CAPS) for all approved subjects listed in this document;

(b) *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; and

(c) *National Protocol for Assessment Grades R-12.*



**MRS ANGIE MOTSHEKGA, MP**
**MINISTER OF BASIC EDUCATION**

# INHOUD


**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Tydstoekenning ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10-12 ..... 7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT TALE ..... 8**

**2.1 Inleiding ..... 8**

**2.2 'n Geïntegreerde benadering ..... 8**

**2.3 Tydstoekenning ..... 8**

**2.4 Assessering ..... 11**

**2.5 Luister en praat ..... 11**

**2.6 Lees- en skryffokustyd ..... 12**

**2.7 Skryf ..... 19**

2.7.1 Handskrif ..... 19

**AFDELING 3: VOORGESTELDE ONDERRIGPLANNE ..... 21**

**3.1 Graad R ..... 21**

**3.2 Graad 1 ..... 54**

**3.3 Graad 2 ..... 78**

**3.4 Graad 3 ..... 102**

**WOORDELYS ..... 127**

# AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## 1.1 Agtergrond

Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (NCS)* bepaal beleid oor kurrikulum en assessering in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

## 1.2 Oorsig

(a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* verteenwoordig 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende:

- (i) die Kurrikulum - en Assesseringsbeleidsverklarings vir elke goedgekeurde skoolvak;
- (ii) die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12;* en
- (iii) die beleidsdokument, *National Protocol for Assessment Grades R-12 (January 2012).*

(b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

- (i) die *Revised National Curriculum Statement Grades R-9, Government Gazette No. 23406* van 31 Mei 2002; en
- (ii) die *National Curriculum Statement Grades 10-12, Government Gazettes, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in subparagrawe b(i) en (ii), wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word toenemend deur die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

- (i) die Leerarea- / Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
- (ii) die beleid, *National Policy on assessment and qualifications for schools in the General Education and Training Band*, afgekondig in die *Government Notice No. 124* in die *Government Gazette No. 29626* van 12 Februarie 2007;
- (iii) die beleid, *National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF)*, afgekondig in *Government Gazette No. 27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding learners with special needs,* gepubliseer in die *Government Gazette, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleid, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12;* en

(v) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding the National Protocol for Assessment (Grades R-12)*, afgekondig in die *Government Notice No. 1267* in die *Government Gazette No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat word, bevat die norme en standaarde van die *National Curriculum Statement Grades R-12.* Dit sal in terme van *afdeling 6A* van die *South African Schools Act,* 1996 *(Act No. 84 of 1996),* die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

## 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van ’n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers ’n voldoende profiel van ’n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig ’n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

- *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse
- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die struikelblokke in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Guidelines for Inclusive Teaching and Learning (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD R (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 7/8 | 7/8 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| **Lewensvaardighede:** | **6** | **6** | **7** |
| • Aanvangskennis | (1) | (1) | (2) |
| • Skeppende Kunste | (2) | (2) | (2) |
| • Liggaamsopvoeding | (2) | (2) | (2) |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1) | (1) | (1) |
| **Totaal** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. ’n Maksimum tyd van 8 uur en ’n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word ’n minimum tyd van 2 uur en ’n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word ’n maksimum van 8 uur en ’n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. ’n Minimum van 3 uur en ’n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| **Lewensvaardighede:** | **4** |
| • Skeppende Kunste | 1,5 |
| • Liggaamsopvoeding | 1 |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | 1,5 |
| **Totaal** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **Totaal** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4.5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4.5 |
| Wiskunde | 4.5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B *(Annexure B, Tables B1-B8)*** van die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12,* onderhewig aan die bepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **Totaal** | **27,5** |

Die tydstoekenning per week mag net vir die minimum vereiste vakke in die *National Curriculum Statement Grades R-12* (NCS) soos hierbo uiteengesit, gebruik word. Dit mag nie vir enige addisionele vakke wat tot die vakkeuselys gevoeg is, gebruik word nie. As 'n leerder enige addisionele vakke wil aanbied, moet ekstra tyd toegeken word vir die onderrig van hierdie vakke.

# AFDELING 2: INLEIDING TOT TALE

## 2.1 Inleiding

In die Grondslagfase is die belangrikste vaardighede in die kurrikulum vir Huistaal die volgende:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | *Dink en Redeneer* en *Taalstruktuur en -gebruik* is in al vier die taalvaardighede (luister, praat, lees en skryfwerk) geïntegreer. |
| Lees en klanke | |
| Skryf en handskrif | |

Die inhoud (kennis, begrippe en vaardighede) van die *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)* is in die *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* per kwartaal herrangskik onder bogenoemde opskrifte. Die KABV voorsien aan onderwysers die volgende:

- 'n inleiding wat riglyne bevat oor die gebruik van die Grondslagfase-dokument;
- inhoud, begrippe en vaardighede wat aangeleer moet word per kwartaal;
- riglyne ten opsigte van tydstoekenning;
- vereistes vir formele assesseringsaktiwiteite en voorstelle vir informele assessering; en
- lyste van voorgestelde hulpmiddels per graad.

## 2.2 'n Geïntegreerde benadering

Die Tale-program is met al die ander vakke geïntegreer. Taal word oor die kurrikulum heen in alle mondelinge, lees- en skryfwerk gebruik. Baie van die luister- en praatvaardighede sal ontwikkel word in Wiskunde, en Lewensvaardighede wat uit verskillende vakke saamgestel is, soos Skeppende Kuns, Aanvangskennis, Persoonlike en Sosiale Welstand insluit, Natuurwetenskap, Tegnologie en Sosiale Wetenskap. Temas en onderwerpe kan uit hierdie vakgebiede gekies word om kontekste vir die onderrig van taalvaardighede te bied.

## 2.3 Tydstoekenning

Die volgende tydstoekenning vir Tale tree in 2012 in werking. Die tydstoekenning vir Tale in die Grondslagfase sal deur die taalkonteks van die skool bepaal word. Skole kan self besluit om meer of minder tyd aan Huistaal en Eerste Addisionele Taal te bestee volgens die behoeftes van hulle leerders. Die minimum tyd vir die Huistaal en Eerste Addisionele Taal word in die onderstaande tabel tussen hakies aangedui.

| | **Huistaal** | **Eerste Addisionele Taal** |
|---|---|---|
| Graad R | 10 uur | |
| Graad 1 | 8 (7) uur | 3 (2) uur |
| Graad 2 | 8 (7) uur | 3 (2) uur |
| Graad 3 | 8 (7) uur | 4 (3) uur |

Die Departement is nie voorskriftelik t.o.v. die manier waarop skole die **minimum tyd** vir die verskillende grade in die verskillende komponente aanwend nie, maar stel die volgende indeling per graad voor.

| GRAAD 1 HUISTAAL | | Totaal per week |
|---|---|---|
| Luister en praat | 15 minute per dag vir 3 dae | 45 minute |
| Lees en klanke | Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute)<br>Gedeelde lees: 15 minute per dag vir 3 dae (45 minute)<br>Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute) | 4 uur 30 minute |
| Handskrif | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Skryf | 15 minute per dag vir 3 dae | 45 minute |
| | Totaal per week | **7 uur** |

| GRAAD 2 HUISTAAL | | Totaal per week |
|---|---|---|
| Luister en praat | 15 minute per dag vir 3 dae | 45 minute |
| Lees en klanke | Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute)<br>Gedeelde lees: 15 minute per dag vir 3 dae (45 minute)<br>Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute) | 4 uur 30 minute |
| Handskrif | 15 minute per dag vir 3 dae | 45 minute |
| Skryf | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| | Totaal per week | **7 uur** |

| GRAAD 3 HUISTAAL | | Totaal per week |
|---|---|---|
| Luister en praat | 15 minute per dag vir 3 dae | 45 minute |
| Lees en klanke | Klanke: 15 minute per dag vir 4 dae (60 minute)<br>Gedeelde lees: 20 minute per dag vir 3 dae (1 uur)<br>Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute) | 4 uur 30 minute |
| Handskrif | 15 minute per dag vir 3 dae | 45 minute |
| Skryf | 20 minute per dag vir 3 dae | 1 uur |
| | Totaal per week | **7 uur** |

Die Departement is nie voorskriftelik t.o.v. die manier waarop skole die **maksimum tyd** vir die verskillende grade in die verskillende komponente aanwend nie, maar stel die volgende indeling per graad voor.

| GRAAD 1 HUISTAAL | | Totaal per week |
|---|---|---|
| Luister en praat | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Lees en klanke | Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute)<br>Gedeelde lees / skryf: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute) | 5 uur |
| Handskrif | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Skryf | 20 minute per dag vir 3 dae | 1 uur |
| | Totaal per week | **8 uur** |

| GRAAD 2 HUISTAAL | | Totaal per week |
|---|---|---|
| Luister en praat | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Lees en klanke | Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute)<br>Gedeelde lees / skryf: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute) | 5 uur |
| Handskrif | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Skryf | 20 minute per dag vir 3 dae | 1 uur |
| | Totaal per week | **8 uur** |

| GRAAD 3 HUISTAAL | | Totaal per week |
|---|---|---|
| Luister en praat | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Lees en klanke | Klanke: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute)<br>Gedeelde lees / skryf: 15 minute per dag vir 5 dae (1 uur 15 minute) Groepbegeleide lees: 30 minute per dag (2 groepe elk vir 15 minute) vir 5 dae (2 uur 30 minute) | 5 uur |
| Handskrif | 15 minute per dag vir 4 dae | 1 uur |
| Skryfwerk | 20 minute per dag vir 3 dae | 1 uur |
| | Totaal per week | **8 uur** |

## 2.4 Assessering

Die KABV vereis die volgende aantal formele assesseringsaktiwiteite:

| GRAAD | VAK | KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Huistaal | 1 | 2 | 2 | 2 | 7 |
| 2 | Huistaal | 1 | 2 | 2 | 2 | 7 |
| 3 | Huistaal | 1 | 3 | 3 | 2 | 9 |

In die eerste kwartaal is daar slegs een formele assesseringsaktiwiteit (bestaande uit 'n aantal afdelings wat verskillende aspekte van taal dek) vir Graad 1 - 3. Skole word aangemoedig om in Graad 1 'n grondlynassessering in die eerste kwartaal te doen. Voorstelle word gemaak vir informele assessering, wat daaglikse leer en onderrig versterk, maar wat nie formele rapportering / verslaghouding vereis nie.

## 2.5 Luister en praat

Leerders se luister- en praatvaardighede ontwikkel nie net in taalkomponente nie, maar deurlopend ook in ander vakke. Omdat luister en praat essensieel is vir alle leer, is dit belangrik om hierdie vaardighede so vroeg as moontlik in die leerder se akademiese lewe te ontwikkel. Daarom word daar in die Grondslagfase spesifiek tyd afgestaan om hierdie twee belangrike vaardighede te ontwikkel.

Die tydstoekenning vir *Luister en praat* bepaal (1) die tydsduur aan die begin van elke dag en (2) gefokusde luister- en praataktiwiteite.

### 2.5.1 Mondelinge werk aan die begin van die dag

Elke oggend behoort met 'n kort, klassikale mondelinge aktiwiteit te begin. Gebruik hierdie tyd om:

- oor die dag te praat, die weerkaart te bespreek, leerders wat verjaar geluk te wens en enige spesiale gebeurtenisse vir die dag te bespreek;
- die register na te gaan en leerders wat teenwoordig / afwesig is, te identifiseer; en
- te luister na 'n paar leerders se nuus, 'n prent of voorwerp te "wys en vertel", te gesels oor die dagboek, sport, konserte, aktuele gebeurtenisse en stories te vertel. Probeer om ten minste een keer elke twee weke na elke leerder se nuus te luister.

### 2.5.2 Gefokusde aktiwiteite

Besondere aandag behoort in die Grondslagfase aan luister- en praatvaardighede geskenk te word. Die tyd wat aan mondeling toegestaan word, sluit luister- en praataktiwiteite in wat spesifieke vaardighede ten minste twee maal per week teiken. Die KABV bepaal dus (1) daaglikse / weeklikse luister- en praatvaardighede en (2) 'n lys ander belangrike luister- en praatvaardighede. Dié verdeling help onderwysers om onderrigtyd so te beplan dat die luister- en praatlesse telkens op die ontwikkeling van 2 - 3 spesifieke vaardighede konsentreer. Hierdie gefokusde aktiwiteite behoort by Drama, wat deel vorm van Skeppende Kuns in Lewensvaardigheid, geïntegreer te word.

## 2.6. Lees- en skryffokustyd

In Graad 1 - 3 vind *Lees en skryf* plaas in die lees- en skryffokustyd. Dit is hier, aan die hand van duidelik gefokusde lesse, waar leerders onderrig word om effektiewe lesers en skrywers te word. Daar moet daagliks tyd opsygesit word vir bepaalde lesse wat lees (gedeelde lees, groepbegeleide lees, lees in pare, selfstandige lees, klanke) en skryf (gedeelde skryf, skryf in groepe, selfstandige skryf, taal- en spellingaktiwiteite) dek. Gedurende hierdie tye doen die onderwyser begeleide lees met twee groepe terwyl die ander leerders inskerpingsaktiwiteite doen soos skriftelike begripswerk, klanke, spelling, taal en skryf. Lees in pare / selfstandige leeswerk kan tegelykertyd plaasvind.

**Die *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir die Grondslagfase verdeel die vereistes vir lees in die volgende:**

- Gedeelde lees (insluitend gedeelde skryf)
- Groepbegeleide lees
- Lees in pare / selfstandige lees
- Klanke (insluitend fonologiese / fonemiese bewustheid)

### 2.6.1 Gedeelde lees

**Gedeelde lees (en / of gedeelde skryf)** vind gewoonlik plaas tydens die eerste 15 minute van die lees- en skryffokustyd. Die onderwyser werk met die hele klas (klassikaal). Gedeelde lees vind twee tot vier dae 'n week plaas aan die hand van vergrote tekste soos Grootboeke, plakkate en prente, of 'n teks wat op 'n transparant en oorhoofse projektor gewys word, of leerders kan individuele fiksie- en niefiksietekste gebruik. Hoewel daar gewoonlik slegs een teks per week gebruik word, sal die geselekteerde tekste vir elke graad toeneem in lengte en moeilikheidsgraad namate die jaar vorder en ook oor die grade heen. Leerders word bekendgestel aan 'n reeks stories, gediggies, rympies en toneelstukke, sowel as inligtings- en grafiese tekste.

Elke gedeelde leessessie sal 'n leerfokus uit die volgende bevat: *gedrukte tekskonsepte, tekskenmerke, klanke, taalpatrone, woordidentifiseringstrategieë en 'n verskeidenheid begripsvlakke (soos letterlik, herorganisasie, gevolgtrekking, evaluering en waardering).* Die eerste sessie fokus op genot en 'n eerste “kyk” na die teks, terwyl die leerders 'n persoonlike reaksie toon op die teks. In die volgende sessie word dieselfde teks gebruik, maar die fokus verskuif na groter leesbetrokkenheid saam met die onderwyser en die besprekings wat plaasvind, bevorder woordeskat, begrip, dekoderingsvaardighede en teksstrukture (taal, leestekens, ens.). Op die derde en moontlik die vierde dag, lees die leerders die teks selfstandig en doen mondelinge, praktiese en skriftelike aktiwiteite na aanleiding van die teks. Sommige tekste kan 'n dag of twee gebruik word, veral in Graad 2 en Graad 3.

### 2.6.2 Gedeelde skryf

Waar moontlik, behoort die gedeelde leesteks **gedeelde skryf** te ondersteun wanneer die onderwyser demonstreer hoe om 'n teks te skryf. Die leerders neem deel aan die samestelling van die teks terwyl die onderwyser die rol as fasiliteerder of sekretaris aanneem. Die gedeelde leesteks kan geraadpleeg word vir voorbeelde van taalpatrone, spelwyses of ander tekseienskappe wat behulpsaam kan wees in die voorbereiding van nuwe tekste. Hierdie demonstrasie van die skryfproses help om leerders voor te berei om self te skryf. Gedeelde lees en gedeelde skryfwerk behoort in Graad 1 tot 3 plaas te vind.

### 2.6.3 Groepbegeleide lees

Dit is 'n **daaglikse groepleesstrategie** waartydens al die groeplede dieselfde teks onder begeleiding van die onderwyser lees. Die groep bestaan uit die onderwyser saam met 'n groep van 6 tot 10 leerders. Die onderwyser beplan die lesse en sluit 'n verskeidenheid woordherkenningsvaardighede in wat die leerders sal help wanneer hulle onbekende woorde in tekste teëkom. Dit is belangrik dat die leerders met die onderwyser en met mekaar oor die teks praat tydens hierdie benadering. Die onderwyser behoort nie tydens die groepleessessies deur leerders wat besig is met onafhanklike aktiwiteite onderbreek te word nie. Elke groepsessie behoort tussen 10 en 15 minute per groep te duur. Twee groepe lees daagliks vir die onderwyser, d.w.s. die twee groepe se leestyd saam is omtrent 30 minute per dag.

**Vorming van leesgroepe**

Die teks word geselekteer volgens die groep se onderrigleesvlak. Die maklikste manier om hierdie leesvlak te bepaal, is om die leerders in groepe te verdeel en hulle waar te neem terwyl 'n teks gelees word. Die volgende tekens van leesgedrag sal behulpsaam wees om leerders te groepeer vir begeleide leessessies:

- Die teks moet met gemak gelees word, maar tog vir die leser uitdagings bied op dekoderings- of begripsvlak. Die leser behoort tussen 90% en 95% van die woorde te herken. Leerders behoort die gegewe teks binne 'n minuut van mekaar klaar te lees.
- Hulle lees vlot en met gepaste uitdrukking.
- Hulle toon belangstelling in die teks.
- Hulle het nie nodig om te “vinger-lees” nie.
- Hulle kan stillees.

**Stappe vir 'n groepbegeleide leesles**

**(i) Kies 'n toepaslike teks:**

Gegradeerde leesboeke sal gewoonlik gebruik word vir groeplees. Dié leesboeke behoort op 'n laer vlak te wees as die tekste wat vir gedeelde lees gebruik word. Lees die teks vooraf en bepaal enige eienskappe met betrekking tot struktuur, woordeskat of sinsbou wat vir die leerders 'n uitdaging kan bied. Dit kan die onderwyser 'n aanduiding gee waarop om te fokus tydens onderrig.

**(ii) Inleiding:**

Stel die soort boek of hoofstuk en onderwerp vir die sessie bekend. Help die leerders om die onderwerp met eie lewenservaringe te verbind. Hou die gesprek gefokus en gee net genoeg inligting sodat die leerders die teks suksesvol kan lees (2 - 3 minute).

**(iii) Praat oor die prent of vlugtige lees:**

Jong leerders praat kortliks oor die prente / illustrasies in die boek of hoofstuk en wys belangrike besonderhede uit. Stel vrae oor die moontlike verloop van die storie. Leer ouer leerders hoe om die teks vlugtig te lees en skenk aandag aan byskrifte, hoofstukke se opskrifte en ander tekskenmerke soos die inhoudsopgawe en / of subopskrifte in die teks. Die onderwyser bespreek nuwe of moeilike woorde tydens praat oor die teks en voordat die leerders die teks self lees. Dit behoort 2 - 3 minute te duur.

**(iv) Eerste lees:**

Leerders lees die teks individueel. Baie jong lesers kan die teks hardop lees of “fluisterlees”, terwyl meer ervare lesers stil lees totdat die onderwyser hulle vra om hardop te lees. Die onderwyser neem die leesgedrag waar en selekteer dan 'n addisionele onderigfokus, gegrond op hierdie waarnemings. Die onderwyser beweeg van leerder tot leerder en luister na 'n kort teksgedeelte wat die leerder hardop lees. Die onderwyser moedig die leerders aan deur byvoorbeeld die volgende te sê:

- Wat verwag jy om in hierdie boek te lees?
- Maak dit vir jou sin?
- Baie goed! Jy het jouself gekorrigeer. Dit maak sin.
- Wat sal in hierdie sin reg klink?
- Kyk na die illustrasie.
- Dit kan wees, maar kyk weer na die eerste letter.

**(v) Bespreking:**

Bespreek die antwoorde op vrae wat tydens die prent- of illustrasiebespreking voorgekom het. Die bespreking kan 'n klankfokus, begrip- of taalaspek insluit. Die reeks vrae behoort in die teksbespreking geïntegreer te word om begrip te ontwikkel.

**(vi) Tweede en daaropvolgende leessessies:**

Op daaropvolgende dae kan die leerders die teks in pare of alleen herlees. Die hoofdoel is om leesvlotheid te ontwikkel en geleenthede te skep om die teks te gebruik vir die ontwikkeling van woordeskat, taal en beter begrip van die teks. Varieer die manier waarop dit gedoen word deur byvoorbeeld die dele wat betrekking het op 'n karakter te lees, of beurte te neem om 'n bladsy of paragraaf te lees. Ouer, meer ervare lesers kan 'n spesifieke gedeelte kies om gedurende hierdie tyd aan te werk.

**Lees in pare en selfstandige lees**

Lees in pare en selfstandige lees gee die leerders die geleentheid om hulle leesvaardighede in te oefen en moedig leesgenot aan.

Leerders kan hulle klas- of groepleesboeke herlees, of eenvoudige “pretboeke” of aanvullende leesboeke lees, hoewel die teks op 'n laer vlak moet wees as dié wat tydens gedeelde en begeleide leesgroepsessies gebruik is. Die leerders kan enige tyd, enige plek, in pare lees of dit kan 'n klassikale leesaktiwiteit wees. Leerders kan in pare binne of buite die klaskamer sit om saam te lees of beurte te neem om te lees, of twee leerders wat byvoorbeeld hulle werk voltooi het, kan saam gaan lees terwyl die ander leerders besig is om ander werk te doen.

Skep geleenthede waar leerders **boeke op hul eie lees** sodat leesvlotheid kan ontwikkel, mits die boeke maklik genoeg is vir die leerders om sonder hulp te lees. Kort, eenvoudige boeke met voorspelbare teks en kleurvolle illustrasies is ideaal. Sommige onderwysers hou daarvan om die leerders tuisleeswerk te gee. Vir hierdie doel word die herlees van groepleesboeke of eenvoudige “pretboeke” aanbeveel. Hierdie ekstra leesoefening, wat op 'n **gereelde daaglikse grondslag** plaasvind, speel 'n belangrike rol tydens leer om te lees.

**Die vyf komponente van leesonderrig**

Die meeste leeskenners stem saam dat daar vyf hoofkomponente by leesonderrig is, naamlik:

- fonemiese bewustheid;
- woordherkenning (sigwoorde en klanke);
- begrip;
- woordeskat; en
- vlotheid.

Elk van hierdie komponente moet daagliks spesifiek onderrig en ingeoefen word.

**Fonemiese bewustheid**

Fonemiese bewustheid is die herkenning dat spraak uit 'n reeks klanke bestaan, die herkenning van individuele klanke, asook die manier waarop klanke woorde en woorde sinne vorm. Hierdie bewusmakingsproses begin reeds vroeg in Graad 1.

**'n Moontlike volgorde vir die aanleer van fonemiese bewustheid:**

- *aktiwiteite wat op rym fokus* (bv. Wat rym met kat*?)*
- *aktiwiteite wat op lettergrepe fokus* (bv. Klap jou naam - *Su-san)*
- *aktiwiteite wat op die enkelbeginkonsonante fokus* (die deel voor die vokaal) *en die rym* (die vokaal + die daaropvolgende konsonant(e) (bv. *k+at* en *m+at)*
- *aktiwiteite wat op die foneem (spraakklank) fokus* (bv. Sit die klanke bymekaar: / st / - / o / - / p)
- Pasaktiwiteite: Het hiedie woorde dieselfde beginklanke? *(bv. tafel/tande)*
- Isoleringsaktiwiteite (analise): Wat hoor jy aan die begin van die woord *swart*?
- Plaasvervangingsaktiwiteite: Watter woord vorm jy as jy die */st/* vervang met */f/* in die woord *stoel*?
- Samevoegingsaktiwiteite: Watter woord vorm jy as jy hierdie klanke saamvoeg?
  - */br/ä/n/* (samevoeging van foneme)
  - */br/ein/* (samevoeging van beginklank en rym)
  - */ma/mmie/* (samevoeging van lettergrepe)
- Analiseringsaktiwiteite: Sê die dele wat jy in die woord hoor:
  - Stadig: */sta/dig/* (skei die lettergrepe)
  - Kat: */k/-/a/-/t/* (skei die klanke)

- Weglatingsaktiwiteite:
  - Sê handsak sonder die hand (lettergreepweglating)
  - Sê vriend sonder die / vr / (weglating van beginklank)
  - Sê skiet sonder die / t / (klankweglating).

Sinvolle aktiwiteite om basiese vaardighede soos *luister* te ontwikkel, sluit in luisterspeletjies, kleuterrympies, rymspeletjies en alliterasiespeletjies (woorde wat met dieselfde klank begin).

**Klanke**

Klanke verwys na die klanke in woorde en die simbole (letters van die alfabet) wat die klanke verteenwoordig. Dit is 'n belangrike begrip in beide lees en skryf.

Daar is 'n reeks klankprogramme beskikbaar. Skole kan 'n program selekteer wat die breedvoerige en sistematiese onderrig van klanke ondersteun. Skole behoort te hou by die gekose program. Die voorgestelde volgorde van klanke in die klankprogram van die KABV dien slegs as 'n riglyn. Indien 'n klankprogram afwyk van dié voorgestelde volgorde, kan dit eerder gevolg word. Die tempo vir die aanleer van klanke volgens 'n klankprogram moet egter soortgelyk wees aan die tempo wat in die KABV voorgeskryf word.

Klanke en handskrif behoort bymekaar aan te sluit omdat die aanleer van die klank en die vorming van die letter hand aan hand gaan. Die letters wat die meeste gebruik word, moet in Graad 1 aangeleer word. Daar mag dalk besluit word om die letter *c* voor die letter *a* aan te leer, en die letter *l* voor *h* en *b* as gevolg van die vorm van die letters. Die klankprogram in die KABV is so ontwerp dat daar 1 - 2 nuwe klanke per week bekendgestel word tydens die eerste twee kwartale. Teen die einde van die eerste kwartaal behoort die leerder ten minste agt klanke te ken en die res van die klanke teen die einde van die tweede kwartaal. Die dubbelklanke word in die tweede helfte van Graad 1 bekendgestel, soos wat die leerder se klankvaardighede ontwikkel. Hou terselfdertyd vol met woordbou en die verdeling van woorde in klanke.

In Graad 2 en Graad 3 word klanke met twee vokale, tweeklanke, begin- en eindklanke en spelreëls aangeleer. Daar moet meer konsonant- en vokaalkombinasies aangeleer word wat toeneem in moeilikheidsgraad gedurende die jaar en oor die grade heen. Hou in gedagte dat die aanleer van die klanke nie in isolasie moet plaasvind nie, maar dit behoort te skakel met die gedeelde leesprogram.

Omdat leerders die klanksimboolsisteem aanleer van die taal wat onderrig word, moet hulle aangemoedig word om hulle eie manier van spelling te ontdek totdat hulle die konvensionele spelling aanleer. Leerders wat hulle eie spelling “ontdek”, ontwikkel tot beter spellers as dié wat dit nie self “ontdek” nie. Streef daarna dat leerders fonemies meer akkuraat spel (waar elke klank in die woord verteenwoordig word deur die geskrewe vorm van die woord (bv. tanne, baje).

Spelling hou verband met klanke en die spelprogram moet deur die klanke van die week versterk word. Die onderrig van spelling in Graad 1 en 2 is meer informeel van aard, maar in Graad 3 behoort 'n meer formele spelprogram geïmplementeer te word, met periodieke, informele speltoetse en diktee. Korrekte spelling moet ook in die leerder se skriftelike werk sigbaar wees en nie net in toetse en diktee nie.

**Woordherkenning**

By sigwoorde (of "kyk-en-sê"-woorde) herken die leerder individuele woorde "op sig" omdat die woord herhaaldelik voorkom en gebruik word. Woorde wat gereeld in tekste voorkom (hoëfrekwensie woorde), kan op hierdie manier aangeleer word.

Gebruik gedeelde en groepbegeleide lees om die **vyf-vinger-strategie** te demonstreer, waar elke vinger 'n spesifieke strategie voorstel wat die leerder kan gebruik om sistematies onbekende woorde te lees en die betekenis daarvan te ontsyfer.

- Die duim: Laat die woord uit en lees tot aan die einde van die sin.
- Die wysvinger: Kyk na die prent.
- Die middelvinger: Kyk na die woord om enige bekende dele van die woord te herken.
- Die ringvinger: Klank die woord.
- Die pinkie: Vra hulp om die woord te lees of vra die woord se betekenis.

Moedig leerders aan om hierdie proses te gebruik wanneer hulle onbekende woorde teëkom.

**Begrip**

Die onderwyser het baie geleenthede om die leerders te betrek by verskillende denkvlakke en vraagstelling tydens leeslesse. Hieronder volg 'n paar maniere om vrae te stel wat laer- en hoër-orde-begripsvaardighede sal ontwikkel.

*Letterlike begrip*

- Identifiseer ... (bv. *Identifiseer die hoofkarakter in die storie.)*
- Wys uit ... (bv. *Wys na die motor wat die rower bestuur het.)*
- Lees / haal die reël aan wat ... (bv. *Lees die reël wat aandui dat die ouma ongelukkig was.)*
- Beskryf ... (bv. *Beskryf die skelm van die storie.)*
- Vind ... (bv. *Vind die naam van die boek wat sy gelees het.)*
- Wys ... (bv. *Wys my die deel van die storie waarvan jy die meeste gehou het.)*
- Stel vas ... (bv. *Stel vas waarheen die familie gery het.)*
- Vermeld ... (bv. *Wat is die naam van die hondjie wat weggeraak het?)*

*Herorganisasie*

  - o Vergelyk ... (bv. *Vergelyk die twee susters. Wat is die verskil?)*
  - o Lys ... (bv. *Lys die plekke wat die oupa besoek het.)*

- o Kontrasteer ... (bv. *Kontrasteer die ou huis met die nuwe huis.)*
- o Verdeel ... in ... (bv. *Verdeel die verskillende diere in die storie in twee groepe, dié wat vriendelik was teenoor die meisie en dié wat haar wou eet.)*
- o Klassifiseer ... (bv. *Klassifiseer die diere in die storie.)*
- o Som op ... (bv. *Som die storie in vier sinne op.)*
- o Hoe verskil ... (bv. *Hoe verskil die held van die skurk?)*

*Gevolgtrekking*

- o Verbeel ... (bv. *Verbeel jou jy was die held. Wat sou jy gedoen het?)*
- o Veronderstel ... (bv. *Veronderstel die leeutemmer het die hok oopgelaat. Wat sou gebeur het?)*
- o Kon ... (bv. *Kon die man die rivier op enige ander manier oorgesteek het?)*
- o Gevolge ... (bv. *Wat is die gevolge van daardie besluit?)*
- o Wat sou gebeur het as ... (bv. *Wat sou gebeur het as die man die leeu gevang het?)*

*Evaluering*

- o Moes ... (bv. *Moes die ouma die storie vertel het?)*
- o Na jou mening ... (bv. *Na jou mening, was die seun reg om so op te tree?)*
- o Stem jy saam ... (bv. *Stem jy saam dat dit die beste was om weg te hardloop?)*
- o Wat sou jy ... (bv. *Wat sou jy gedoen as jy in daardie posisie was?)*
- o Is dit reg dat ... (bv. *Is dit reg dat die oom hom uit die huis gejaag het omdat hy brood gesteel het?)*
- o Watter beskrywing is die beste ... (bv. *Watter beskrywing van die hoofkarakter is die beste?)*

*Waardering*

- o Hou jy van ... (bv. *Hou jy van die storie wat ons gelees het?)*
- o Is dit 'n goeie woord / frase ... (bv. *Is dit 'n goeie woord om die skelm te beskryf?)*
- o Ken jy enigiemand ... (bv. *Ken jy enigiemand wat soos sy suster optree?)*
- o Hoekom het jy daarvan gehou / nie gehou nie ... (bv. *Hoekom hou jy nie van die beer nie?)*

Moedig leerders aan om meta-kognitiewe vaardighede te gebruik sodat leerders hulleself kan monitor in beide woordherkenning- en begripsvaardighede terwyl hulle lees. Leerders word geleer om hulself te vra: *"Klink dit reg?", "Lyk dit reg?"* en *"Maak dit sin?"* Demonstreer die proses in gedeelde lees en pas dit toe tydens begeleide lees in groepe, met hulp van die onderwyser.

**Leesvlotheid**

Leesvlotheid behels:

- *akkuraatheid tydens dekodering* - om daartoe in staat te wees om die meeste woorde te identifiseer;
- *leesspoed* - onmiddellike en moeitelose herkenning van woorde;
- *frasering* - lees vlot met toepaslike frasering en uitdrukking; en
- *begrip.*

Leesvlotheid kan verbeter deur spesifieke leesvaardighede aan te leer vir woordherkenning en dekodering deur tekste te selekteer wat makliker en interessanter is, tekste wat reeds gelees is te herlees, en 'n groter hoeveelheid leesstof te lees.

**Hardoplees / Voorlees**

'n Finale en belangrike komponent van 'n gebalanseerde leesprogram is die onderwyser se voorleestyd (storietyd). 'n Hele reeks taalvaardighede (insluitend lees) word ontwikkel in 'n sinvolle konteks en is die kern van 'n gebalanseerde geletterdheidsprogram. 'n Liefde vir lees en 'n passie vir stories word bevorder wanneer die onderwyser stories aan die leerders voorlees.

| |
|---|
| Meer inligting aangaande alle aspekte wat betrekking het op die onderrig van lees kan in die Departement van Basiese Onderwys se handboek, *Teaching Reading in the Early Grades (2008),* gevind word. |

## 2.7 Skryf

Leerders begin in Graad 1 "skryf" deur prente te gebruik, maar soos wat die vaardighede van lettervorming bemeester word, begin hulle om individuele woorde, byskrifte en volsinne te skryf wat geïllustreer kan word. Teen die middel van Graad 1 behoort leerders hul eie byskrifte vir hulle prente te kan skryf en ten minste een eie sin te kan saamstel. Die onderwyser voorsien hulp in die vorm van aanvangsinne of skryframe, bv. *"Ek hou van ...".* Omdat spelling gewoonlik problematies is, word daar aan elke leerder 'n A5-boek gegee wat gebruik word as 'n persoonlike woordeboek. Voorsien sluitingstegniekoefeninge waar leerders 'n sin voltooi deur die ontbrekende woorde in te vul en eenvoudige vrae wat leerders met 'n eenvoudige *Ja / Nee* of 'n enkele woord kan beantwoord.

Die gedeelde skryfaktiwiteite demonstreer die skryfproses sodat leerders kan verstaan hoe afsonderlike letters 'n woord vorm, hoe woorde sinne vorm, die belangrikheid van spasiëring en die korrekte gebruik van leestekens. Leerders ontwikkel 'n uitgebreide woordeskat en leer hoe sinne deur byvoeglike naamwoorde en bywoorde verryk kan word. Soos leerders meer ervare raak in die skryf van hulle eie sinne, kan hulle aan paragrawe bekendgestel word.

Die skryfproses word in die KABV beskryf. Dit behels die skryf van 'n konsepweergawe, die skryf van die teks, redigering en aanbieding (die lees van die teks deur ander). Die Grondslagfase-leerder sal nie sy / haar werk oorskryf nie, maar dit eerder redigeer deur 'n lyn te trek deur ongewenste woorde en byvoeging van teks waar nodig.

### 2.7.1 Handskrif

Die KABV maak voorsiening vir die sistematiese aanleer van handskrifvaardighede tydens kort periodes in die verskillende grade, ongeveer 15 minute per dag en afhangende van die graad.

*Pre-/voorbereidende skryfprogram*

Voordat 'n formele handskrifprogram in Graad 1 gevolg kan word, moet leerders eers 'n pre-skryfprogram volg om vaardighede in visuele diskriminasie, groot- en fynmotoriese en hand-oog-koördinasie, liggaamsbeeld, lateraliteit en voorgrond- en agtergrondpersepsie te ontwikkel. Hulle moet die korrekte potloodgreep aanleer en lettervorming (beginpunt, grootte, vorm, rigting) oefen. Later word die leerders gelei om die letters op en tussen die lyne te posisioneer en te plaas. Die korrekte sithouding is ook belangrik. Jong leerders vind dit dikwels moeilik om van die skryfbord af te transkribeer omdat hulle ogies tyd nodig het om te herfokus van die bord af na die papier wat voor hulle lê en omdat die korttermyn visuele geheue nog nie voldoende ontwikkel is nie. Daarom help dit leerders om in Graad 1 - 3 skrifstroke met 'n ry letters te hê waarvan hulle tydens handskriflesse kan naskryf.

*Oorbrugging na lopende skrif of skrif met verbindings*

Teen die einde van Graad 1 moet leerders daartoe in staat wees om al die klein- en hoofletters asook sinne korrek en vlot van die skryfbord of skrifstroke af te skryf. In Graad 2 ontwikkel leerders groter spoed in drukskrif en dit is in hierdie graad waar die meeste skole lopende skrif of skrif met verbindings vir die leerders leer. Die keuse aangaande die handskrif word deur die skool / provinsie bepaal, maar leerders moet toegerus word om 'n lopende skrif of skrif met verbindings teen die einde van Graad 3 te kan skryf. Hierdie oorbrugging vind by die meeste leerders tydens die eerste helfte van Graad 3 plaas.

*Materiale*

In Graad 1 begin leerders met vetkryte op blanko papier skryf. Mettertyd vorder hulle na 17 mm liniëring en gebruik potlode vir formele handskriflesse, alhoewel baie skole verkies om steeds blanko boeke vir ander skriftelike werk te gebruik - selfs in Graad 2. In Graad 3 moet leerders 8.5 mm liniëring gebruik. Die stadium wanneer hierdie oorgang plaasvind, sal afhang van die leerder se vlak en die skoolbeleid.

*Leerders met leerprobleme*

Die taalperiode behoort ook geleenthede te bied om leerders met leerprobleme te ondersteun, verrykingsaktiwiteite te skep vir die leerders wat goed presteer, tyd in te ruim vir assesseringsaktiwiteite en ook om skriftelike werk te doen. Die onderwyser moet alle voltooide skriftelike werk nasien sodat elke leerder se vordering gevolg en gemonitor kan word om op opvolgstrategieë te besluit. Die onderwyser moet daagliks tekste hardop aan leerders voorlees om hulle woordeskat uit te brei en te ontwikkel.

# 3. VOORGESTELDE ONDERRIGPLANNE

## 3.1 Graad R

Die organisasie van taal en leer in Graad R berus op die beginsel van **integrasie en spel**. Die onderwyser moet proaktief optree en eerder 'n tussenganger as 'n fasiliteerder wees. Die onderwyser benut veral insidentele leergeleenthede wat spontaan voorkom tydens 'n reeks leerdergesentreerde aktiwiteite soos vryspel in die fantasiehoekies en aktiewe blokspel. Dit vind ook plaas gedurende onderwysergerigte aktiwiteite soos die storiekring of ander kringe. Taalkwessies wat verband hou met sosiale, emosionele en ander vorme van ontwikkeling, soos fyn- en grootmotoriese vaardighede, kom spontaan voor in die roetines en aktiwiteite van 'n kwaliteit Graad R-program. Dit voorsien geleenthede vir die onderwyser om doelgerig tussenbeide te tree en insidentele leer wat lei tot ontluikende geletterdheid aan te moedig. 'n Tradisionele, formele, klaskamergerigte leerprogram met hegte strukture moet ten alle koste vermy word omdat dit nie optimale geleenthede skep vir die aanleer van geletterdheid by die Graad R-leerder nie. Graad R is nie 'n “afgewaterde” Graad 1 nie. Dit het unieke eienskappe wat gegrond is op die manier waarop leerders van hierdie ouderdomsgroep betekenis gee aan hulle eie leefwêreld en waarop hulle kennis, vaardighede, waardes en houdings bekom wat hulle toelaat om tydens die formele leerjare maksimaal te ontwikkel.

**Fokus op informele en spontane leer** in die verskillende “kringe” gedurende die dag. Ontwikkel ook 'n daaglikse program wat voorsiening maak vir optimale tyd vir vryspel en wat die onderwyser aanmoedig om geleenthede te benut wat voortspruit uit leerders se belangstelling en kreatiwiteit. Die hele skooldag moet gesien word as geleenthede om geletterdheid te versterk wanneer die onderwyser direk ingryp deur middel van beplande “oomblikke” wat onderwysgerigte aktiwiteite insluit. Verskeie insidentele leergeleenthede ontstaan gedurende die dag en stel die onderwyser in staat om leer te bevorder deur hierdie “oomblikke” te gebruik. Dit kom ook die meeste voor tydens roetine periodes en vryspel.

Vanuit 'n **geletterdheidsoogpunt** sal die “onderrigmomente” aan die onderwyser geleentheid bied om, byvoorbeeld, oopeindevrae te vra of om alternatiewe voorstelle vir die kind te bied om sodoende die begeerte aan te wakker om sy eie leer te bevorder. Dit word 'n kwessie waar die onderwyser moet weet wanneer om by die leerproses in te gryp en wanneer om terug te staan en die kind die geleentheid te bied om sy eie probleme op te los.

In die Graad R-jaar word die rooster 'n dagprogram genoem. Dit bestaan uit drie hoofkomponente, naamlik **onderwysergerigte aktiwiteite, roetines en leerdergesentreerde aktiwiteite of vryspel**. Spesifieke onderwysgerigte geletterdheidsgeleenthede word aangebied gedurende die oggend se “taalkring” (byvoorbeeld tema / onderwerpsbespreking / taalkring, daaglikse weerbespreking, vertel van “nuus”, “wys en vertel” kringe en storietyd. Die onderwyser kies 'n geletterdheidsfokus (d.w.s. die onderwyser moet 'n duidelike idee hê van die tipe leer wat hy of sy wil bevorder) uit skeppende kunsaktiwiteite, perseptuele kringe, beweging, musiek en dramatiseringskringe. Dit dra by tot die ontwikkeling van perseptuele begrippe en vaardighede wat formele lees bevorder.

**Roetines** bied uitstekende geleenthede vir die insidentele bevordering van verskeie geletterdheidsvaardighede. Byvoorbeeld, in plaas daarvan om die leerders doelloos in 'n ry te laat staan en wag om badkamer toe te gaan, kan die onderwyser hierdie tyd gebruik om die leer van klanke te bevorder. Al die leerders wie se name met die letter / klank “S” begin, kan badkamer toe gaan, en daarna die leerders wie se name met die letter / klank “N” begin, ens. Die ander leerders kan woordspeletjies speel soos “Ek sien met my kleine ogies ...” of speletjies om hulle woordeskat uit te brei (bv. Wat rym met kat? Wat dink julle eet katte?). Snoeptyd en opruimtyd bied soortgelyke leergeleenthede wanneer die onderwyser die leerders aanmoedig om prettige klank- en woordspeletjies te speel.

Gedurende **vryspel** kan die onderwyser geletterdheid op twee maniere bevorder. Eerstens deur die strukturering van die vryspel-area. Die onderwyser bied geleenthede wat gegrond is op die soort leergeleentheid wat hy of sy graag wil bevorder. Buite-vryspel soos om op 'n houtklimraam te speel of om op 'n fietsbaan te ry, bied geleenthede vir die bevordering van ruimtelike oriëntering soos die kruising van die middellyn (een van die belangrike perseptueel-motoriese vaardighede wat benodig word vir beide lees- en skryfvaardighede). Dit moedig ook letter- en woordherkenning aan waar die leerders die geleentheid kry om padtekens te "lees" en hulle blootgestel word aan gedrukte media uit die omgewing. Vrye binnespelaktiwiteite behoort dieselfde geletterdheidsleergeleenthede te skep. 'n Geheuespeletjie bevorder visuele geheue en die fantasiehoekie bevorder luister- en praatgeleenthede. 'n Tweede manier waarop geletterdheid gedurende vryspel bevorder kan word, is deur die doelgerigte ingryping van die onderwyser. Dit kan gedoen word deur weldeurdagte vrae te vra wat denke en woordeskat uitbrei. Deur die kind te help dink aan alternatiewe maniere om probleme op te los, kan die onderwyser die kind aanmoedig om dieper te dink en 'n goeie rede te vind vir die keuses wat hulle gemaak het. Sodoende word nie net geletterdheid nie, maar ook die algehele (holistiese) ontwikkeling van die kind aangespreek.

In 'n **gebalanseerde, buigbare, taalryke daaglikse program** word geletterdheidsleergeleenthede regdeur die dag aangebied. Terselfdertyd word belangrike beginsels wat die vroeë leer versterk, ingeskerp. Jong kinders leer die beste deur beweging (kinesteties) en dan deur interaksie met konkrete materiaal (driedimensionele leer) voordat die oorgang na papier- en potloodaktiwiteite (tweedimensionele aktiwiteite) plaasvind.

**Assessering in Graad R** is informeel van aard en leerders moet nie blootgestel word aan 'n "toets"-situasie nie. Daarom is daar nie assesseringsaktiwiteite in die *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Graad R ingesluit nie. Elke aktiwiteit wat vir assessering gebruik word, is versigtig beplan sodat 'n verskeidenheid vaardighede geïntegreer word. Assessering in Graad R vind meestal plaas deur middel van waarneming, waartydens die onderwyser die bevindinge van die assessering op 'n kontrolelys afmerk en aanteken. Sodoende word 'n volledige prentjie van elke leerder se sterk punte en struikelblokke geleidelik gedurende die jaar gevorm. Dit bied geleentheid om hindernisse aan te spreek en sterk punte te bevorder.

## DAAGLIKSE PROGRAM

| Tyd | Aktiwiteit |
|---|---|
| | Aankoms en vryspel |
| ±36 MIN | Groettyd, Verjaarsdae, Register, Nuus, Weerkaart |
| | ONDERWYSER-BEGELEIDE AKTIWITEITE: Huistaal, Wiskunde, Lewensvaardigheid |
| ±50 MIN | Skeppende aktiwiteite (Daagliks: 1 hoofaktiwiteit + 2 / 3 ander aktiwiteite)<br>Vryspel binne |
| ±30 MIN | ONDERWYSER-BEGELEIDE AKTIWITEITE: Huistaal, Wiskunde, Lewensvaardigheid |
| ±10 MIN | TOILETROETINE Taal, Wiskunde, LV |
| ±20 MIN | SNOEPTYD Taal, Wiskunde, LV |
| ±60 MIN | Vryspel buite en opruim |
| ±10 MIN | TOILETROETINE Taal , Wiskunde, LV |
| ±30 MIN | ONDERWYSER-BEGELEIDE AKTIWITEITE: Huistaal, Wiskunde, Lewensvaardigheid |
| ±30 MIN | Daaglikse storie |
| | Rus- / stiltyd<br>Afskeid |

Taal
Wiskunde
Lewensvaardighede

**Vryspel binne:**

- Fantasiespel
- Rolspel
- Konstruksiespel
- Blokspel
- Opvoedkundige spel
- Perseptuele speletjies
- Legkaarte
- Leeshoekie

**Vryspel buite:**

- Water- en sandspel
- Rolspel
- Balspel
- Swaaie
- Speelgoed met wiele
- Opvoedkundige speelgoed
- Klimapparaat
- Buitebande
- Bewegings-aktiwiteite

**HUISTAAL**

- Ontwikkel aktiwiteite vir Afrikaans
- Stories
- Dramatisering
- Grootboeke / prente
- Lees van prente
- Bespreking van prente
- Perseptuele aktiwiteite
- Nuus
- Gedigte / ryme
- Musiek / liedjies / rympies
- Musiek / storie / dvd's
- Temabesprekings
- Bewegingsaktiwiteite
- Roetines
- Vryspel

**LEWENSVAARDIGHEDE**

Ontwikkel aktiwiteite vir Lewensvaardighede

- Bewegingsaktiwiteite
- Liedjies en musiek
- Gedigte en ryme
- Temabesprekings
- Verjaarsdae
- Roetines
- Vryspel

**WISKUNDE**

- Ontwikkel aktiwiteite vir Wiskunde
- Liedjies en musiek aktiwiteite
- Perseptuele aktiwiteite
- Telrympies
- Temabesprekings
- Wetenskap eksperimente
- Roetines
- Vryspel

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GRAAD R** | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **LUISTER EN PRAAT** | • Luister na stories en dramatiseer dit<br>• Luister na en reageer op eenvoudige vrae<br>• Luister na en herhaal ritmiese patrone korrek<br>• Luister na en herroep eenvoudige woordvolgorde (bv. bed, bad, bid)<br>• Benoem en wys na dele van die liggaam<br>• Sing eenvoudige liedjies en neem deel aan aksierympies<br>• Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens.<br>• Pas en sorteer volgens vorm, kleur, ens.<br>• Neem deel aan besprekings en stel vrae | • Luister na stories en spreek 'n mening daaroor uit<br>• Luister na instruksies en aankondigings en reageer toepaslik<br>• Luister sonder om die spreker te onderbreek, neem beurte om te praat en stel vrae ter verduideliking<br>• Luister na, geniet en reageer op prent- en woordraaisels, raaisels en grappies<br>• Praat oor persoonlike ervarings en gevoelens<br>• Vertel 'n bekende storie met 'n begin, middel en einde<br>• Beantwoord oop en geslote vrae<br>• Rolspeel verskillende situasies<br>• Neem deel aan klasbesprekings<br>• Gebruik terminologie bv. sin, hoofletter, punt | • Luister na stories en gedigte en beantwoord hoër-orde-denkvrae<br>• Luister na 'n stel ingewikkelder instruksies en reageer gepas<br>• Luister sonder onderbreking na die spreker, toon respek vir die spreker, stel vrae en lewer kommentaar op dit wat gehoor is<br>• Praat oor persoonlike ervarings en meer bekende nuus<br>• Vertel 'n storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde<br>• Gee uitdrukking aan gevoelens oor 'n storie of gedig en verstrek redes<br>• Beantwoord oopeindevrae en regverdig antwoorde<br>• Skep eie rympies<br>• Rolspeel verskillende situasies<br>• Neem aan besprekings deel en doen verslag oor die groep se werk<br>• Gebruik terminologie (bv. selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord, voornaamwoord, voorsetsel, komma, vraagteken, paragraaf) | • Luister vir die hoofgedagte en besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae<br>• Luister na 'n storie en bepaal die verband tussen oorsaak en gevolg<br>• Gee uitdrukking aan gevoelens oor 'n teks en verskaf redes<br>• Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies en reageer toepaslik<br>• Neem deel aan 'n gesprek as 'n sosiale vaardigheid, aanvaar en respekteer die manier waarop ander praat<br>• Lewer 'n mondelinge aanbieding (bv. vertel persoonlike nuus, beskryf 'n voorwerp / ervaring, herroep 'n gebeurtenis)<br>• Vertel 'n kort storie met 'n eenvoudige storielyn en verskillende karakters<br>• Gebruik interessante taal (bv. vertel grappies en raaisels)<br>• Voer onderhoude vir 'n spesifieke doel<br>• Gebruik terminologie bv. onderwerp, werkwoord, voorwerp, vraag, stelling, bevel, sinoniem, antoniem (teenoorgesteldes), uitroepteken |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GRAAD R** | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **KLANKE** | • Identifiseer rymwoorde in bekende rympies en liedjies (bv. Jan Viljoen)<br>• Herken dat woorde uit klanke bestaan (bv. die beginklank/e van hul eie name)<br>• Verdeel mondelinge sinne in woorde<br>• Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe<br>• Herken, ouditief en visueel, aanvangskonsonante en -vokale, veral aan die begin van 'n woord | • Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke in woorde<br>• Herken en gebruik dubbelklanke: **aa, oo, ee, uu**<br>• Herken en gebruik klankgroepe wat uit twee vokale bestaan (**ie**, **ou, eu, ei, oe, ui**)<br>• Herken meervoude (-**s, -e**) ouditief<br>• Groepeer woorde in klankfamilies | • Konsolideer Graad 1 klanke<br>• Hersien letter-klank-verhoudings van alle enkelklanke<br>• Herken klanke wat uit twee vokale bestaan bv. **ie** - v**ie**r, **oe** - b**oe**k, **ou** - k**ou**d, **ui** - t**ui**n, **eu** - s**eu**n, **ei** - kl**ei**n<br>• Herken tweeklanke bv. **aai** - br**aai**, **ooi** - r**ooi**, **oei** - r**oei**, **eeu** - sn**eeu**<br>• Herken beginklanke bv. **bl**- **bl**aar, **br**- **br**oer, **gl**- **gl**y, **gr**- **gr**yp, **st**- **st**aan, **sl- sl**ang, **sm- sm**aak, **sn- sn**aaks, **sk- sk**aam, **sp- sp**ek<br>• Herken beginklanke bv. **ge- ge**sig**, be- be**gin**, ver- ver**geet**, pl- pl**an**, vl- vl**ag**, kl- kl**as**, fl- fl**es**, pr- pr**et**, vr- vr**ag**, kr- kr**ap**, tr- tr**ap**, dr- dr**uk**, fr- fr**is**, tw- tw**ee, **sw- sw**art**, kw- kwa**ad<br>• Spel woorde korrek deur kennis van klanke te gebruik<br>• Bou woorde met kennis van klanke wat gedurende die jaar onderrig is | • Konsolideer Graad 1 en 2 klanke<br>• Herken woorde wat met **spr-, skr-** en **str-** begin<br>• Herken dat 'n enkelvokaal óf kort óf lank uitgespreek kan word (bv. bom / bome)<br>• Gebruik enkel- en dubbelkonsonante en -vokale korrek (bv. droom / drome; kop / koppe)<br>• Herken en gebruik spelpatrone (bv. -**er** in agt**er**; -**el** in ket**el** aan die einde van 'n woord)<br>• Herken en gebruik spelpatrone (bv. tussen **r** en **m**, **l** en **m** is nooit 'n vokaal nie, bv. wa**rm**, ske**lm**)<br>• Gebruik die slotklanke -**t** en -**d** korrek (bv. broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**)<br>• Herken en gebruik die verkleinings-uitgang **-jie** by woorde wat op -**t** of -**d** eindig kry -(bv. mat**jie**, hond**jie**)<br>• Herken en gebruik die verkleiningsuitgange -**tjie**, -**jie**, en -**pie** by **dubbelklank-**woorde bv. h**aa**n**tjie**, b**oo**t**jie**, b**oo**m**pie** (Uitsonderings: hasie, rosie, plasie)<br>• Herken en gebruik die verkleinings-uitgange -**ie**, -**tjie** en -**jie** by woorde wat uit klanke met twee vokale bestaan bv. k**ou**s**ie**, d**eu**r**tjie**, l**ie**d**jie**<br>• Herken en gebruik die verkleinings-uitgang -**tjie** by tweeklankwoorde bv. vlooi**tjie,** koei**tjie,** meeu**tjie**<br>• Herken en gebruik spelpatrone (**g** en **k** kom nie langs mekaar voor nie bv. si**ng**, bli**nk**)<br>• Herken en gebruik woorde wat op -**like** eindig bv. le**like** |

| | OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GRAAD R** | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **KLANKE** | | | | • Herken en gebruik meervoude van klanke wat uit twee vokale bestaan en tweeklanke kry **-e** (bv. deur - deur**e**, vlooi - vlooi**e**<br>• Herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word (bv. hart / hard; lei / ly) (homofone)<br>• Vaslegging van woorde wat op -**ige** eindig bv. rust**ige**<br>• Verkleinwoorde van eenlettergrepige woorde wat op **-ng** eindig, kry -**etjie** bv. ding**etjie**<br>• Verkleinwoorde van meerlettergrepige woorde kry -**kie** bv. garin**kie** (Onthou dat **g** en **k** nie langs mekaar hoort nie)<br>• Vaslegging van -**ê**-, -**ô**- woorde bv. p**ê**rel, m**ô**re<br>• Lettergreepverdeling van kappiewoorde: woorde word altyd na die ê / ô afgebreek bv. mô-re<br>• Vaslegging van deeltekenwoorde bv. reën<br>• Lettergreepverdeling van deeltekenwoorde: woorde word voor die -ë- afgebreek bv. spa-si-ëer<br>• Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle geskrewe woorde<br>• Plaas letters en woorde in alfabetiese volgorde<br>• Herken en gebruik sinonieme en antonieme |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | GRAAD R | GRAAD 1 | GRAAD 2 | GRAAD 3 |
| **LEES EN KYK** | • Herken en wys na bekende voorwerpe in prente<br>• Rangskik 'n reeks prente om 'n storie te vorm<br>• Interpreteer prente (bv. maak 'n eie storie op deur die prente te "lees")<br>• Dramatiseer dele van 'n storie, liedjie of rympie<br>• Hou die boek korrek vas en blaai korrek<br>• Rolspeel om te lees en neem 'n "leesstem" aan<br>• Herken eie naam en die name van sommige maatjies in die klas<br>• "Lees" hoëfrekwensie woorde wat in die klaskamer en skool gebruik word (bv. deur, kas)<br>**Gedeelde lees in klasverband saam met die onderwyser**<br>• "Lees" vergrote teks bv. gedigte, Grootboeke, plakkate<br>• Verbind eie ervarings aan die teks wat deur die onderwyser gelees word<br>• Beskryf karakters in stories en spreek 'n mening uit<br>• Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente<br>• Beantwoord vrae wat op die gelese teks gebaseer is<br>• Teken prente om die hoofgedagte van die storie weer te gee<br>• Selfstandige lees<br>• "Lees" prenteboeke | • Ontwikkel vaardighede om 'n boek te hanteer (hou die boek vas en blaai korrek)<br>• Interpreteer prente om 'n eie storie te skep, d.w.s. "lees" prente<br>• Lees handelsmerke, etikette en ander woorde van gedrukte media uit die omgewing<br>• Herken eie naam en die name van maats<br>• Lees etikette en byskrifte by klasvoorwerpe<br>• Ontwikkel basiese begrippe van gedrukte media soos:<br>• Boekkonsep<br>• Konsep van woorde en letters<br>• Rigting - lees van voor na agter, links na regs en van bo na onder op 'n bladsy<br>**Gedeelde lees in klasverband saam met die onderwyser**<br>• Lees Grootboeke en ander vergrote tekste<br>• Gebruik die prente en die boekomslag om die storie in die boek te voorspel<br>• Bespreek die storie, identifiseer die hoofgedagte en karakters<br>• Rangskik gebeure in die storie in 'n logiese volgorde<br>• Herken oorsaak en gevolg in 'n storie (bv.: Die kind was in die moeilikheid **omdat** hy die venster gebreek het.)<br>• Lug 'n mening oor wat gelees is en beantwoord vrae gebaseer op die teks<br>• Beantwoord oopeindevrae gebaseer op die gelese teks<br>• Interpreteer inligting van plakkate, prente en eenvoudige tabelle soos 'n almanak | • Lees Grootboeke en ander vergrote tekste (bv. fiksie en niefiksie, gedigte en liedjies)<br>• Gebruik visuele leidrade soos in prente en boekomslae om die verloop van die storie te voorspel<br>• Identifiseer kernbesonderhede in die teks<br>• Sê of 'n storie byval vind en kan eie respons regverdig (bv.: "Ek het nie van die storie gehou nie, want …")<br>• Beantwoord hoër-orde-denkvrae oor die teks wat gelees is (bv.: "Volgens jou mening …")<br>• Bespreek die verskillende kulture wat in die stories verteenwoordig word<br>• Interpreteer prente en ander gedrukte media (bv. foto's, almanakke, advertensies, prente, tydskrif- en koerantillustrasies, plakkate)<br>**Groepbegeleide lees**<br>• Lees stil en hardop uit fiksie en niefiksie op eie leesvlak in 'n begeleide leesgroep, d.w.s. die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser<br>• Gebruik sigwoorde, kennis van klanke, konteks en struktuuranalise en begripsvaardighede om betekenis te skep<br>• Lees met toenemende vlotheid, spoed en korrekte uitspraak<br>• Gebruik selfkorrigeringstrategieë tydens lees<br>• Leerders begin tydens lees hulle eie woordherkennings- en begripsvaardighede monitor | • Lees Grootboeke en ander vergrote tekste soos fiksie en niefiksie, koerantberigte, toneelstukke, dialoë en ander tekste<br>• Lees 'n boek en bespreek die hoofgedagte, karakters, die 'probleem' in die storie, die storielyn / intrige en die waardes in die teks<br>• Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae gebaseer op die leesstuk<br>• Lees verskillende gedigte oor 'n onderwerp<br>• Gebruik visuele leidrade om oor 'n grafiese teks te praat (advertensies, prente, grafieke, diagramme, kaarte)<br>• Vind en gebruik inligtingsbronne (bv. gemeenskapslede, biblioteekboeke)<br>• Gebruik inhoudsopgawes, indekse en bladsynommers om inligting te vind<br>• Gebruik sleutelwoorde en opskrifte om inligting in niefiksietekste te vind<br>• Gebruik 'n woordeboek om nuwe woorde se betekenisse te vind<br>**Groepbegeleide lees**<br>• Lees stil en hardop tydens begeleide lees, d.w.s. die hele groep lees dieselfde teks saam met die onderwyser<br>• Gebruik kennis van klanke, kontekstuele leidrade en strukturele analise tydens die lees van onbekende woorde<br>• Pas selfkorrigeringstrategieë toe tydens lees (bv. herlees, pouseer, oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word)<br>• Leerders monitor hulleself tydens lees met betrekking tot woordherkennings- en begripsvaardighede<br>• Gebruik diagramme en illustrasies vir toenemende begrip<br>• Lees met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking |

| | OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GRAAD R** | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **LEES EN KYK** | | **Groepbegeleide lees**<br>• Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks / storie<br>• Gebruik kennis van klanke, kontekstuele leidrade, struktuuranalise en sigwoorde tydens lees<br>• Lees toenemend vlot en ekspressief<br>• Leerders begin tydens lees hulle eie woordherkennings- en begripsvaardighede monitor<br>• Toon begrip vir punktuasie tydens hardoplees<br>**Lees in pare / Selfstandige lees**<br>• Lees eie skryfwerk en begin foute regmaak<br>• Lees selfstandig boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, eenvoudige prentverhale en ander boeke wat in die leeshoekie is. | **Lees in pare / Selfstandige lees**<br>• Lees eie en andere se skryfwerk<br>• Lees hardop vir 'n maat<br>• Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, gedigte en prentverhale<br>• Speel leesspeletjies en voltooi blokkiesraaisels | **Lees in pare / Selfstandige lees**<br>• Lees eie en ander se skryfwerk<br>• Lees hardop vir 'n maat<br>• Lees selfstandig eenvoudige fiksie en niefiksie, boeke uit verskillende kulture, boeke gebruik tydens gedeelde lees, tydskrifte en prentverhale |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GRAAD R** | **GRAAD 1** | **GRAAD 2** | **GRAAD 3** |
| **HANDSKRIF** | • Ontwikkel fynmotoriese vaardighede deur vingerspel (bv. rol klei, inskroef van skroewe, klein papierballetjies tussen die vingers rol)<br>• Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens., uit te knip<br>• Ontwikkel hand-oog-koördinasie deur spel bv. gooi en vang, teken en verf<br>• Trek die buitelyne na van eenvoudige prente, patrone en letters van eie naam waar die korrekte beginpunt en rigting aangedui word op al die letters deur middel van pyltjies<br>• Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting<br>• Trek patrone, woorde en letters na (begin op die korrekte plek en volg die regte rigting by die vorming van die letters)<br>• Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap (bv. verfkwaste, vetkryte) | • Oefen die korrekte potloodgreep en manipulering van potlood / kryt<br>• Toon bewustheid van rigting: skryf van links na regs en bo na onder<br>• Ontwikkel hand-oog-koördinasie deur middel van natrekaktiwiteite<br>• Skryf na en skryf eie naam, kort woorde en sinne<br>• Begin eie skryfwerk met tekeninge, en naskryf van letters, syfers, woorde en eenvoudige sinne<br>• Vorm klein- en hoofletters korrek en vloeiend<br>• Vorm syfers korrek<br>• Skryf na en skryf kort sinne met korrekte spasiëring<br>• Hou die potlood en kryt korrek vas | *Behou die gebruik van drukskrif*<br>• Gebruik skryfgereedskap soos potlood, uitveër, liniaal doeltreffend<br>• Vorm letters en sinne korrek in 17 mm liniëring<br>• Vorm klein- en hoofletters korrek<br>• Skryf woorde met die korrekte spasiëring tussen letters en woorde<br>• Skryf klein- en hoofletters in drukskrif<br>• Skryf na en skryf een paragraaf (3 - 4 reëls) vanaf 'n gedrukte teks<br>• Skryf na en skryf verskillende formate van skryfwerk (kort uitnodigings bv. verjaarsdag, boodskappe, lyste)<br>• Gebruik drukskrif in alle geskrewe werk<br>*Oorgang lopende skrif of skrif met verbindingslyne*<br>• Natrek en skryf van skryfpatrone in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Naskryf en skryf van al die kleinletters en bekende hoofletters in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Naskryf, skryf en lees van kort woorde in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Naskryf en skryf van kort sinne in lopende skrif of skrif met verbindingslyne | *Oorgang na lopende skrif of skrif met verbindingslyne*<br>• Hanteer skryfgereedskap doeltreffend (bv. potlood, uitveër, liniaal)<br>• Skryf 'n sin leesbaar en korrek in beide drukskrif en lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Vorm klein- en hoofletters in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Skryf kort, eenvoudige woorde in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Transkribeer woorde en sinne korrek in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Gebruik lopende skrif of skrif met verbindingslyne in alle geskrewe werk (bv. die datum, eie naam, alle skriftelike werk)<br>• Skryf geskrewe teks korrek van die skryfbord, werkkaarte, handskrifkaarte, ens. na<br>• Skryf netjies en leesbaar met selfvertroue en spoed in lopende skrif of skrif met verbindingslyne<br>• Eksperimenteer met 'n pen vir skryfdoeleindes |

| OORSIG VAN TAALVAARDIGHEDE VIR ONDERRIG IN HUISTAAL GRAAD R - 3 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | GRAAD R | GRAAD 1 | GRAAD 2 | GRAAD 3 |
| **SKRYF** | • Teken of verf prente om ‘n boodskap oor te dra<br>• Skryf bekende letters in eie naam na ,om skryfwerk te verteenwoordig<br>• “Skryf” van links na regs en van bo na onder<br>• Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge<br>• Probeer letters skryf deur te krabbel<br>• “Praat” met eie skryfwerk deur krabbels te lees<br>• Maak eie boeke en dra by tot klas se leeshoekie | • Teken prente om ‘n boodskap oor te dra (bv. oor ‘n persoonlike ervaring)<br>• Dra idees by tot die skryf van ‘n klas- / groepstorie en help om die storie te hersien (gedeelde skryf)<br>• Skryf een sin oor nuus korrek van die bord / kaart af<br>• Skryf ‘n boodskap op ‘n kaartjie (bv. verjaardagkaartjies)<br>• Skryf en illustreer ‘n opskrif of kort sin oor ‘n onderwerp (bv. om ‘n bydrae te maak tot die leeshoekie)<br>• Skryf ten minste drie sinne oor eie nuus of ‘n kreatiewe storie en gebruik hoofletters en punte<br>• Skryf sinne met aangeleerde klanke en bekende sigwoorde alreeds onderrig<br>• Gebruik selfstandige naamwoorde en persoonlike voornaamwoorde (ek, jy, hy, sy, ens.) korrek in skryfwerk, met hulp<br>• Begin om die teenwoordige en verlede tyd korrek in skryfwerk te gebruik<br>• Vorm meervoude van bekende woorde<br>• Spel bekende woorde korrek<br>• Gebruik voorsetsels korrek<br>• Organiseer inligting in ‘n eenvoudige grafiese vorm (bv. ‘n tydlyn of grafiek / tabel)<br>• Skep eie woordbank en 'n persoonlike woordeboek | • Dra idees en woorde by tot die skryf van ‘n klasstorie by (gedeelde skryf)<br>• Skryf 'n eenvoudige gedig<br>• Skryf 'n ekspressiewe / gevoelvolle teks (bv. 'n verjaardagkaartjie of brief)<br>• Skryf minstens twee paragrawe (tien sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure (bv. 'n familiefees)<br>• Beplan, skryf en ‘publiseer’ eie storie van minstens twee paragrawe vir ander om te lees<br>• Gebruik informatiewe tekste (bv. resepte) vir skryf<br>• Organiseer inligting in 'n diagram of tabel<br>• Skryf en illustreer sinne (4 - 6 sinne) oor 'n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die leeshoekie<br>• Gebruik die skryfproses (beplanning, skryf en redigering)<br>• Gebruik korrekte punktuasie (punte, kommas, vraagtekens en uitroeptekens)<br>• Spel bekende woorde korrek en poog om onbekende woorde korrek te spel deur kennis van klanke te gebruik<br>• Gebruik teenwoordige, toekomende en verlede tyd korrek<br>• Gebruik voorsetsels, selfstandige naamwoorde, werkwoorde en voornaamwoorde korrek<br>• Skep eie woordbank en 'n persoonlike woordeboek<br>• Gebruik 'n woordeboek | • Dra idees, woorde en sinne by tot die skryf van ‘n klasstorie (gedeelde skryf)<br>• Gebruik pre-skryfstrategieë om skryfstukke te beplan en inligting in te samel<br>• Skryf 'n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes (bv. vertellinge, dialoë)<br>• Skryf oor 'n persoonlike ervaring in verskillende formate (bv. 'n kort nuusberig)<br>• Beplan, redigeer en bied eie storie aan van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne) vir ander om te lees<br>• Skryf en illustreer ses tot agt sinne oor ‘n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die klasbiblioteek<br>• Skryf informatiewe tekste (bv. resepte, eksperimente)<br>• Hou ‘n dagboek van een week<br>• Skryf ‘n eenvoudige boekresensie<br>• Rangskik inligting in die korrekte volgorde en voorsien dit van opskrifte<br>• Maak opsommings en hou verslag van inligting (soos met behulp van kopkaarte)<br>• Gebruik leestekens korrek (bv. hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens, afkappingsteken)<br>• Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm<br>• Gebruik woordboutegnieke, kennis van klanke en spelreëls om onbekende, moeiliker woorde te skryf<br>• Gebruik ‘n woordeboek |

**GRAAD R HUISTAAL AFRIKAANS**

**VEREISTES PER KWARTAAL**

**VOORGESTELDE KONTAKTYD PER WEEK: 10 uur**

**VOORGESTELDE KONTAKTYD PER DAG: 2 uur**

**Geïntegreer in die daaglikse program**

**KWARTAAL 1**

**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke.**

***Die volgende aktiwiteite kan tydens enige of al die Gr. R-kringe bekendgestel word: musiek, beweging, wetenskap, taal, nuus, wys en vertel, storietyd asook skeppende aktiwiteite.***

***Perseptuele werk is van die uiterste belang in Gr. R omdat dit die grondslag lê en die leerder voorberei vir toekomstige leer. Maak seker dat daagliks en gedurende die skooljaar genoegsame tyd aan hierdie perseptuele vaardighede bestee word.***

- Luister aandagtig na eenvoudige vrae en aankondigings en reageer gepas.
- Luister na eenvoudige instruksies / opdragte en voer dit uit.
- Luister na en herhaal ritmiese patrone soos klap, klap-klap, klap en herhaal die patroon korrek.
- Luister sonder om te onderbreek.
- Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye.
- Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit, byvoorbeeld: “Dit is hoe ek my hande was, hande was ...”. Doen dieselfde met “hare kam ...”, ”tande borsel ...”
- Dra gediggies / rympies voor en voer die bewegings uit met hulp van die onderwyser.
- Luister na en herhaal eenvoudige woorde soos bed, bad, bid - begin met drie woorde en vermeerder na vier of meer sodat luistergeheue kan ontwikkel.
- Ontwikkel vaardighede om 'n spesifieke geluid te identifiseer uit 'n raserige agtergrond of wanneer musiek speel. Byvoorbeeld, herken die onderwyser se stem tussen ander geluide.
- Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens. (Ten minste 5 temas per kwartaal.)
- Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde.

***Gebruik taal om konsepte in al die vakke te ontwikkel.***

- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel, soos vorm, kleur, ouderdom, tyd, volgorde.

***Gebruik taal om te dink en te redeneer.***

- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille.
- Klassifiseer bekende items wat bymekaar hoort. Byvoorbeeld, plaas al die speelgoed in die houer, boeke op die rak, kryte in die blikke, sorteer volgens kleur.
- Identifiseer dele van 'n geheel, soos wys na en benoem liggaamsdele.

***Gebruik taal om te ondersoek en te ontdek.***

- Vra vrae.
- Gee verduidelikings.
- Bou vyf-stuk (of meer) legkaarte.

***Verwerk inligting.***

- Identifiseer geselekteerde inligting uit 'n beskrywing.

***Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep.***

- Herken en identifiseer bekende voorwerpe in prente.
- Neem deel aan aktiwiteite om voorwerpe of 'n figuur in 'n prent in met 'n ‘besige’ agtergrond te identifiseer.
- Speel speletjies soos: “Waar is dit?” Vind 'n voorwerp wat in die klaskamer weggesteek is tussen ander voorwerpe.
- Onderskei tussen die vorm van die verskillende letters en woorde, soos sorteer voorwerpe wat identies is, plaas amper identiese prente in 'n logiese volgorde, kies die een wat verskillend is en verduidelik die rede vir die verskil.
- Rangskik 'n stel van drie prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is.
- Onthou wat in 'n geheuespeletjie gesien is. Byvoorbeeld, plaas verskillende voorwerpe op die tafel. Die onderwyser bedek dit of neem dit weg en die leerder moet onthou wat op die tafel was.
- Bou 'n legkaart of prent.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Luister aandagtig na eenvoudige vrae en aankondigings en reageer gepas.
- Sing liedjies en dra gediggies / rympies voor.
- Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tyd.
- Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde.
- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel soos vir vorm, kleur en ouderdom.
- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Identifiseer dele van 'n geheel, soos wys na en benoem liggaamsdele.
- Gebruik taal om verduidelikings te gee.
- Bou en voltooi vyf-stuk- (of meer) legkaarte.
- Herken en identifiseer bekende voorwerpe in prente.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 1 |
|---|
| **ONTLUIKENDE LEES** |

**NHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Lees**

***Ontluikende Lees***

- Ontwikkel korrekte oogbewegings, soos volg 'n bewegende bal van links na regs. (Skroef 'n klein hakie in 'n bal en heg 'n toutjie aan die hakie).
- Neem deel aan aktiwiteite wat rigting bevorder, soos beweeg die liggaam links en regs; op en af.
- Onderskei tussen die vorms van die verskillende letters en woorde, soos sorteer voorwerpe wat dieselfde is, plaas prente in volgorde en kies die een wat verskil.
- Plaas drie tot vier prente in 'n logiese volgorde en vertel die storie wat geskep is.
- Ontwikkel geheuevaardighede deur dit wat gesien is te herroep, soos letters, vorms of konkrete voorwerpe.
- Voltooi 'n visuele prent soos bou van legkaarte, voltooi prente.
- Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier.
- Gebruik prente om die storie te voorspel, soos “lees” prenteboeke en boeke met byskrifte en toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil.
- Skep eie storie deur prente te “lees”.
- Rolspeel lees en neem 'n “leesstem” aan.
- Herken eie naam en die name van ten minste 5 ander maats in die klas.
- Pas woorde by die woorde op voorwerpe en op tematafels, soos naamkaartjies op tafels, deur, venster.

***Skep betekenis uit geskrewe teks***

- Verstaan dat skrif betekenis het: 'n woord kan sy of haar naam voorstel.
- Herken eie naam en ten minste vyf ander maats se name in die klas.
- Verstaan dat geskrewe woorde na gesproke woorde verwys.
- “Lees” hoëfrekwensie woorde: eie naam, gedrukte teks uit die omgewing soos STOP, SPAR, Coke, televisieprogramme se titels, ens.

***Gedeelde lees***

***Aktiwiteite van 15 minute, twee tot drie maal per week deur vergrote teks soos Grootboeke, plakkate van liedjies en rympies te gebruik. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas tydens besprekings of taalkringe oor 'n minimum van twee sessies in die taalfokustyd. Gebruik ten minste vyf Grootboeke per kwartaal.***

- “Lees” vergrote tekste soos gedigte, Grootboeke en plakkate in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Bespreek en beskryf die karakters in die stories.
- Teken prente om die hoofgedagte van die storie, liedjie of rympie weer te gee.
- Plaas die prente van die storie in die korrekte volgorde.
- Reageer op die stories deur middel van bewegings en drama-aktiwiteite of kringe.

***Selfstandige Lees***

- “Lees” selfstandig en vir genot boeke uit die klasbiblioteek / leeshoekie.

***Selfstandige Lees***

- "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die klasbiblioteek / leeshoekie.

***Fonologiese / Fonemiese bewustheid***

***Daaglikse aktiwiteite van 15 minute elk***

***Baie van die onderstaande klankaktiwiteite kan tydens roetines asook tydens kringaktiwiteite bekendgestel word.***

- Herken beginklanke op gehoor veral waarmee eie naam begin.
- Identifiseer die klank wat nie in die volgorde hoort nie: Watter klank hoort nie - b, b, k, b; d, d, d, t?
- Identifiseer of twee gegewe klanke dieselfde is of verskil: p / , / p / [dieselfde]; / p / , / d / [verskillend].
- Herken dat 'n mondelinge sin uit verskillende woorde bestaan: klap op elke woord in 'n sin waar al die woorde slegs een lettergreep het. [Ben is sterk.]

***Herken die verwantskap tussen klanke en woorde***

- Herken dat woorde uit klanke bestaan: Ken die beginklank van eie naam.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Onderskei op gehoor tussen verskillende letterklanke, veral waarmee eie naam begin
- Identifiseer die klank wat nie in die volgorde hoort nie: Watter klank hoort nie - b, b, k, b; d, d, d, t?

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 1 |
|---|
| **ONTLUIKENDE SKRYF** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Ontluikende Handskrif**

***Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke***

***Skeppende kunsaktiwiteite en musiekkringe is ideale geleenthede vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede.***

- *Ontwikkel fynmotoriese vaardighede om handspiere te versterk*: rol klei, modelleer met speeldeeg, draai skroewe in, speel-speel klavier in die lug, ens.
- *Ontwikkel fynmotoriese beheer om vingers te versterk*: speel vingerrympies met vingeraksies of rol klein papierballetjies tussen vingers.
- *Ontwikkel fynmotoriese beheer*: sny papiermatte in fraiings, ens.
- *Ontwikkel hand-oog-koördinasie*:gooi en vang boontjiesakke, balle, papierballe; teken met kryte; verf informeel tydens buitespel, ens.
- *Ontwikkeling van rigting*: dele van die liggaam aan die linker- en regterkant, onder- of bokant.
- *Kruis die middellyn*: neem die regterhand om aan die linkerskouer te raak.
- *Ontwikkel grootmotoriese beheer deur letters met die liggaam te vorm*: gebruik die liggaam om die letter “l” te maak.
- *Trek die buitelyne van eenvoudige prente en patrone na.*
- *Herhaal patrone op pennetjiesborde*
- *Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap*: verfkwaste en kryte tydens binne-vryspel of skeppende kunsaktiwiteite
- “*Skryf” in sandskinkborde*

**Ontluikende Skryf**

- Teken of verf prente om boodskappe oor te dra tydens skeppende kunsaktiwiteite soos 'n persoonlike ervaring.
- Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is: rolspeel skryf deur te krabbel.
- Probeer eie skryfwerk “lees”: “lees” wat krabbels beteken
- Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete.
- Skryf bekende letters in eie naam na: herskryf eie naam.
- “Skryf”van links na regs en van bo na onder.
- Dra idees by vir die klas se nuus, in die vorm van tekeninge.

***Werk met woorde***

- Groepeer woorde: woorde wat met dieselfde beginklank begin - **Ch**armaine en **Sh**ireen of woorde wat met dieselfde letter begin - **B**ennie en **B**absie.
- Herken eie naam in drukskrif.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering:**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra tydens skeppende kunsaktiwiteite soos 'n persoonlike ervaring.
- Ontwikkel grootmotoriese beheer deur letters met die liggaam te vorm: gebruik die liggaam om die letter “l” te vorm.
- “Skryf” in sandskinkborde.
- Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is: rolspeel skryf deur te krabbel.
- Probeer eie skryfwerk “lees”. Byvoorbeeld, “lees” wat die krabbel beteken.
- Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap soos verfkwaste en kryte tydens binne-vryspel of skeppende kunsaktiwiteite.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 2 |
|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

***Die volgende aktiwiteite kan bekendgestel word tydens alle Graad R-kringe: musiek, beweging, wetenskap, taal, nuus, wys en vertel, asook skeppende aktiwiteite.***

- Luister na twee of drie instruksies of aankondigings en kan hulle uitvoer. Byvoorbeeld: "Maak die kryte bymekaar en sit dit op die rak."
- Neem beurte om te praat en te luister sonder onderbreking.
- Luister na stories en dramatiseer dit.
- Vertel stories en vertel ander maats se stories in eie woorde oor.
- Sing liedjies en rympies en voer die bewegings saam met die klas uit.
- Dra gediggies en rympies voor en sit bewegings by in 'n groep.
- Rangskik prente van 'n storie in volgorde.
- Neem deel aan besprekings en vra vrae.
- Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens., wat verwant is aan 'n minimum van vyf temas per kwartaal.
- Luister na en herhaal eenvoudige woorde soos kat , kas, kan. Begin met drie woorde en vermeerder na vier of meer.

***Gebruik taal om konsepte in vakke te ontwikkel.***

- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel in ander vakgebiede, soos hoeveelheid, rigting, tyd volgorde, kleur, ouderdom.

***Gebruik taal om te dink en te redeneer***

- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille.
- Klassifiseer dinge volgens kleur, vorm en grootte.
- Identifiseer dele van 'n geheel. Byvoorbeeld, benoem dele van die liggaam soos elmboog, gewrig, knie, ens.

***Gebruik taal om te ondersoek en te ontdek.***

- Vra vrae en soek antwoorde.
- Gee verduidelikings en vra vrae ter verduideliking.
- Bou en voltooi 'n tien-stuk (of meer) legkaart.

***Verwerk inligting.***

- Identifiseer geselekteerde inligting uit 'n beskrywing.

***Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep.***

- Kyk sorgvuldig na prente en praat oor bekende ervarings.
- Vind spesifieke beelde in 'n "besige" prent of in 'n prent met baie besonderhede.
- Speel speletjies soos: "Waar is dit?" - Vind 'n voorwerp wat in die klaskamer weggesteek is tussen ander voorwerpe.
- Onderskei tussen die vorm van verskillende letters en woorde. Byvoorbeeld, sorteer eenderse voorwerpe; rangskik byna eenderse prente en identifiseer die een wat nie pas nie en verduidelik die verskil.
- Rangskik prente in die korrekte volgorde en vertel die storie.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Neem beurte om te praat en te luister sonder onderbreking.
- Sing liedjies en rympies en voer die bewegings saam met die klas uit.
- Dra gediggies en rympies voor en sit bewegings by in 'n groep.
- Vertel stories en vertel ander maats se stories in eie woorde oor.
- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel in ander vakgebiede, soos hoeveelheid, rigting, tyd, volgorde, kleur, ouderdom.
- Neem deel aan besprekings en vra vrae.
- Vind spesifieke beelde in 'n “besige” prent of in 'n prent met baie besonderhede.
- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Bestudeer prente sorgvuldig en gesels oor bekende ervarings.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 2 |
|---|
| **ONTLUIKENDE LEES** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Lees**

***Ontluikende Lees***

- Ontwikkel korrekte oogbeweging, soos volg ’n bal wat van links na regs beweeg word.
- Ontwikkel rigting, soos skuif blokkies van links na regs en bo na onder.
- Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier tydens “lees”.
- Gebruik prente om 'n storie te voorspel. Byvoorbeeld, “lees” prenteboeke en toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil. Wys na woorde terwyl “gelees” word.
- Interpreteer prente om 'n eie storie te skep: “lees” die prente.
- Rolspeel lees en neem 'n “leesstem” aan.
- Verstaan dat gedrukte teks betekenis oordra. Weet woorde kan eie naam, name van mense, plekke en voorwerpe verteenwoordig.
- Herken eie naam en die name van vyf maats in die klas.
- “Lees” flitskaarte en byskrifte oor 'n tema in 'n groep saam met die onderwyser.
- Verstaan dat geskrewe woorde na gesproke woorde verwys, soos die onderwyser skryf die leerder se daaglikse nuus neer soos hy of sy praat.
- “Lees” hoëfrekwensie woorde wat in die klaskamer gebruik word; weerkaart, kalender, dae van die week.
- Gebruik prente om eenvoudige byskrifte of frases te “lees”,bv. *die hond* ( bladsy met 'n prent van 'n hond).
- Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies.
- Luister na en bespreek stories en ander gedrukte media wat hardop voorgelees word. Herroep besonderhede en die hoofgedagte.
- Praat oor tekste soos stories en gebruik begrippe soos “begin”, “middel” “einde” “klank”, “woord”, “letter”, “rym”.

***Gedeelde Lees***

***Aktiwiteite van 15 minute, twee tot drie maal per week, deur vergrote teks soos Grootboeke, plakkate van liedjies en rympies te gebruik. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas tydens besprekings of taalkringe gedurende 'n minimum van twee sessies in die taalfokustyd. Gebruik ten minste vyf Grootboeke per kwartaal.***

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser.
- Bespreek en beskryf die karakters in die stories.
- Teken prente om die hoofgedagte van die storie, liedjie of rympie te bepaal.
- Plaas 'n reeks prente in die korrekte volgorde om 'n storie te skep en “lees” dan die storie.
- Reageer op stories, soos “Die Drie Varkies”, deur middel van kuns, beweging en drama-aktiwiteite of kringe.
- Voorspel die verloop van 'n storie na aanleiding van bekende tekste en prente.
- Reageer op stories deur middel van skeppende kuns: verf 'n prent van die storie.

***Selfstandige Lees***

- “Lees” selfstandig boeke uit die leeshoekie / klasbiblioteek vir genot.

***Fonologiese / Fonemiese bewustheid***

***Daaglikse aktiwiteite van 15 minute elk***

***Baie van die onderstaande klankaktiwiteite kan bekendgestel word tydens roetines asook tydens kring-aktiwiteite.***

- Onderskei op gehoor tussen verskillende klanke veral aan die begin van woorde.
- Luister na die woord in 'n reeks wat nie pas nie en 'n reeks waar al die woorde met dieselfde klank begin, soos *ring, roos, rond,* ***k****ort* en identifiseer of die twee gegewe klanke verskil of ooreenkom.
- Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: hand- / vingerklappe of dromslae op elke lettergreep in die woord *pie-sang* of in die name van klasmaats: *Sa-rie* het twee klappe, *Ben* het een klap.
- Identifiseer rymwoorde in bekende rympies en liedjies: "Jan **Viljoen** woon in 'n **skoen**".
- Identifiseer en vervang rymwoorde in nuwe rympies of liedjies en voltooi die reël of sin.
- Herken beginklanke in gesproke woorde, veral aan die begin van eie name.

***Herken die verwantskap tussen klanke en woorde***

- Herken dat woorde uit verskillende klanke bestaan, byvoorbeeld *kat - k-a-t*.
- Herken sommige beginklanke in sommige woorde, soos maats se name.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Verstaan dat gedrukte teks betekenis oordra: woorde kan eie naam, name van mense, plekke en voorwerpe verteenwoordig.
- Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier tydens "lees".
- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks (rekenaartekste) in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Bespreek en beskryf die karakters in die stories.
- Onderskei op gehoor tussen verskillende klanke, veral aan die begin van woorde.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 2 |
|---|
| **ONTLUIKENDE SKRYF** |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br><br>**Handskrif**<br><br>***Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van taal en ander leerprogramme***<br><br>***Skeppende kunsaktiwiteite en musiekkringe is ideale geleenthede vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede.***<br>• Ontwikkel fynmotoriese vaardighede om handspiere te versterk: rol klei, modelleer met speeldeeg, skroef skroewe in, speel-speel trompet in die lug, ryg veterkaarte, doen kralewerk, ens.<br>• Ontwikkel fynmotoriese beheer deur **meer** vingerrympies met vingeraksies te speel.<br>• Ontwikkel fynmotoriese vaardighede: gebruik skêre vir uitknip van duidelik omlynde prente, vorms, ens.<br>• Ontwikkel hand-oog-koördinasie: gooi en vang boontjiesakke, klein / groot tennisballe, papierballe, ens., teken prente en maak ingewikkelder patrone met kryte.<br>• Ontwikkel grootmotoriese beheer: werk in pare of individueel om letters met die liggaam te vorm.<br>• Begin om letters te vorm deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens.<br>• Trek die buitelyne van eenvoudige prente, patrone en eie name waar die korrekte beginpunt en skryfrigting op die letters aangebring is, na.<br>• Trek patrone op 'n pennetjiesbord, woorde en letters op papier na.<br>• Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap: 'n potlood, skêr, verfkwaste en kryte.<br>• Hou kryte korrek vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep.<br>• Neem die korrekte sithouding in tydens “skryf’”.<br><br>***Ontluikende Skryf***<br>• Skep tekeninge om 'n boodskap oor te dra, soos eie “nuus”.<br>• Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is en begin om letters en syfers in die klaskamer na te maak in eie skryfpogings: rolspeel skryf deur verskillende letters en krabbels te gebruik.<br>• “Lees” wat letters en krabbels “sê”.<br>• Rolspeel skryf in speelsituasies: “skryf” groetekaartjies, briewe.<br>• Begin om te “skryf” en neem konvensies van skryfrigting waar: “skryf” van links na regs en van bo na onder op 'n bladsy.<br>• Herskryf teks vanuit die omgewing, soos etikette op bekende huishoudelike produkte, in speelsituasies.<br><br>***Werk met woorde***<br>• Groepeer woorde wat met dieselfde beginklank of letter begin<br>• Identifiseer 'n letter of spasie tussen woorde in gedrukte media: eie naam, bekende woorde of in 'n boek.<br>• Dra sinne by tot 'n klasskryfstuk: leerder dikteer terwyl die onderwyser dit neerskryf. |
| **ASSESSERING**<br><br>**Voorstelle vir assessering**<br><br>***Informeel***<br><br>***Mondeling en / of prakties***<br><br>***Waarneming***<br>• Skep tekeninge om 'n boodskap oor te dra, soos eie “nuus”.<br>• Ontwikkel grootmotoriese beheer: werk in pare of individueel om letters met die liggaam te vorm.<br>• Begin om letters te vorm deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens.<br>• Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is en begin om letters en syfers in die klaskamer na te maak in eie skryfpogings: rolspeel skryf deur verskillende letters en krabbels te gebruik.<br>• Lees wat letters en krabbels “sê”.<br>• Begin skryf en neem konvensies van skryfrigting waar: “skryf” van links na regs en van bo na onder op 'n bladsy.<br><br>**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.** |

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 |
|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br>**Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**<br>***Die volgende aktiwiteite kan bekendgestel word tydens alle Graad R-kringe: musiek, beweging, wetenskap, taal, nuus, wys en vertel asook skeppende aktiwiteite.***<br>• Luister aandagtig na vrae en gee antwoorde.<br>• Luister na aankondigings en reageer gepas.<br>• Luister na 'n komplekse reeks instruksies en reageer daarop.<br>• Luister sonder onderbreking, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.<br>• Vertel stories en vertel maats se stories in eie woorde oor.<br>• Sing liedjies en rympies en voer die bewegings uit op hulle eie.<br>• Dra gediggies en rympies voor en voer die bewegings met groeiende selfvertroue uit.<br>• Luister na langer stories en toon begrip deur vrae te beantwoord wat betrekking het op die storie.<br>• Rangskik prente van 'n storie.<br>• Luister na en herhaal eenvoudige woorde. Byvoorbeeld: *vis, van, vet* - begin met drie woorde en vermeerder na vier of meer.<br>• Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens. wat verband hou met 'n minimum van vyf temas per kwartaal.<br>***Gebruik taal om begrippe te ontwikkel.***<br>• Gebruik taal om begrippe in ander vakgebiede te ontwikkel. Byvoorbeeld, wiskundige taal soos hoeveelheid, grootte, tyd, vorm, ouderdom en kleur, tydens 'n kringaktiwiteit of vryspel.<br>***Gebruik taal om te dink en te redeneer.***<br>• Identifiseer en bespreek ooreenkomste en verskille.<br>• Pas dele wat bymekaar hoort en vergelyk verskille.<br>• Klassifiseer dinge volgens eie kriteria.<br>• Identifiseer dele van ’n geheel soos dele van 'n prent.<br>***Gebruik taal om te ondersoek en te ontdek.***<br>• Stel vrae en soek die antwoorde in 'n boek / teks.<br>• Gee verduidelikings en bied oplossings.<br>• Bou en voltooi 'n 10 tot 20-stuk legkaart.<br>***Verwerk inligting***<br>• Identifiseer geselekteerde inligting uit 'n beskrywing.<br>***Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep.***<br>• Verstaan dat prente en foto’s betekenis weergee oor gebeure, plekke en dinge en praat daaroor.<br>• Kyk sorgvuldig na prente en praat oor bekende ervarings.<br>• Kan beelde in prente en eenvoudige ontwerpe in die voorgrond en agtergrond onderskei.<br>• Vind ‘n voorwerp wat in die klaskamer is tussen ander voorwerpe versteek is en lei maats om die items te vind deur middel van eenvoudige aanwysings.<br>• Onderskei tussen die vorm van verskillende letters soos / c / en / a / en die vorm van verskillende woorde.<br>• Rangskik prente en vertel die storie wat geskep is. |

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Luister aandagtig na vrae en gee antwoorde.
- Luister sonder onderbreking, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Sing liedjies en rympies en voer die bewegings uit.
- Vertel stories en vertel maats se stories in eie woorde oor.
- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel in ander vakgebiede soos wiskundige taal - hoeveelheid, grootte, tyd, vorm, ouderdom en kleur.
- Pas dele wat bymekaar hoort en vergelyk verskille.
- Verstaan dat prente en foto's betekenis weergee oor gebeure, plekke en dinge en kan daaroor praat.
- Kyk sorgvuldig na prente en praat oor bekende ervarings.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 |
|---|
| **ONTLUIKENDE LEES** |

**NHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Lees**

***Ontluikende Lees***

- Ontwikkel oogbewegings. Byvoorbeeld, volg 'n potlood wat van links na regs beweeg.
- Ontwikkel rigting; “lees” 'n reeks prente of pyltjies van links na regs en bo na onder.
- Pas woorde by voorwerpe: pas woorde by die geëtiketteerde items op die tematafel.
- Gebruik prente om eenvoudige sinsdele en sinne in 'n boek te verstaan. Byvoorbeeld, 'n prent van 'n hond en 'n sin wat lees: *Kyk na die hond.*
- Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier.
- Interpreteer prente om 'n eie storie op te maak, d.w.s. “lees” die prente.
- Onderskei tussen prente en teks: wys na 'n woord en vra die betekenis daarvan.
- Rolspeel lees en neem 'n “leesstem” aan.
- “Lees” hoëfrekwensie woorde vanuit die omgewing: padtekens, winkelname.
- Herken hoëfrekwensie woorde wat in die klaskamer gebruik word: weerkaart, dae van die week, maande van die jaar, maats se name.
- “Lees” prenteboeke met drie of vier voorspelbare sinstrukture. Byvoorbeeld, 'n prent van 'n hond en 'n sin wat lui: *Dit is 'n hond. Kyk na die hond. Dit is ’n groot hond*.
- Dramatiseer 'n storie, liedjie of rympie.
- Herroep besonderhede en sê wat die hoofgedagte van 'n storie is wat deur die onderwyser voorgelees word.
- Teken prente van die stories, rympies of liedjies.
- Bespreek die hantering en versorging van boeke.
- Luister na en bespreek die storie / teks wat voorgelees is.
- Gebruik woorde soos *klank, woord, letter, rym, begin, middel, einde*, ens. wanneer oor die teks gepraat word.

***Gedeelde Lees***

***Aktiwiteite van 15 minute, twee tot drie maal per week deur vergrote teks soos Grootboeke, plakkate van liedjies en rympies te gebruik. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas tydens besprekings of taalkringe gedurende 'n minimum van twee sessies in die taalfokustyd. Gebruik ten minste vyf Grootboeke per kwartaal.***

- “Lees” vergrote teks soos Grootboeke en ander tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- “Lees” tekste wat in die klas of groep ontwikkel is. Byvoorbeeld, sinne geskryf deur die onderwyser terwyl leerder kyk, praat en dikteer.
- Verbind eie ervarings met die teks wat deur die onderwyser gelees word of wanneer na prente / televisie gekyk word.
- Beskryf karaktereienskappe van karakters in stories / televisie en spreek 'n mening uit.
- Identifiseer die volgorde van gebeure in eenvoudige stories.
- Gebruik 'n boekomslag en illustrasies om die storielyn te voorspel.
- Neem met toenemende selfvertroue en genot deel aan gedeelde lees van tekste.
- Beantwoord 'n verskeidenheid vrae wat gebaseer is op die storie wat gelees word.

***Selfstandige Lees***

- “Lees” selfstandig boeke uit die leeshoekie of biblioteek, blaai bladsye korrek en toon respek vir boeke.

***Fonologiese / Fonemiese bewustheid***

***Daaglikse aktiwiteite van 15 minute elk***

***Baie van die onderstaande klankaktiwiteite kan bekendgestel word tydens roetines asook tydens kring-aktiwiteite.***

- Verdeel mondelinge sinne in individuele woorde deur eenlettergrepige woorde te gebruik soos *Jan - is - 'n - seun*
- Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap die lettergrepe in woorde en name soos *kos-kas*, *Pe-tro-nel-la*. Leerders tel die lettergrepe.
- Identifiseer rymwoorde in bekende liedjies en rympies in volgorde, soos *een, twee, drie, vier,* ***vyf***. *Vingertjies staan* ***styf*** ...
- Vervang rymwoorde in bekende rympies / liedjies. Byvoorbeeld, *Hompie Kedompie sit op die wal*. *Hompie Kedompie sê:* "*O! Ek gaan val*."
- Herken en benoem sommige letters van die alfabet. Byvoorbeeld, letters in eie naam "*My naam is Piet*. *Piet begin met 'n* ***p***."

***Herken die verwantskap tussen klanke en woorde***

- Herken visueel en ouditief sommige van die beginkonsonante en -vokale veral aan die begin van bekende woorde. Byvoorbeeld: Helen wys na haar naam en sê die beginklank is 'n **h**.
- Verstaan dat woorde uit meer as een klank bestaan. Byvoorbeeld, *kas* het drie klanke: **k-a-s.**
- Herken beginklanke in woorde, soos die letters aan die begin van eie naam en maats se name.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Gebruik prente om eenvoudige sinsnedes en sinne in boeke / tekste te verstaan. Byvoorbeeld, 'n prent van 'n hond en 'n sin wat lui: "Dit is 'n hond. Kyk na die hond. Dit is 'n groot hond."
- Pas woorde by voorwerpe: pas woorde by die geëtiketteerde items op die tematafel.
- Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier.
- Gebruik prente om 'n eie storie op te maak, d.w.s. "lees" die prente.
- "Lees" tekste wat in die klas of groep ontwikkel is. Byvoorbeeld, sinne wat deur die onderwyser neergeskryf is terwyl die leerders kyk, praat en dikteer.
- Beskryf karaktereienskappe van karakters in stories / televisie en spreek 'n mening uit.
- "Lees" hoëfrekwensie woorde in die gemeenskap: padtekens, bekende winkelname.
- Herken visueel en ouditief sommige van die beginkonsonante en -vokale veral aan die begin van bekende woorde. Byvoorbeeld, Helen wys na haar naam en sê die beginklank is 'n **h.**
- Herken en benoem sommige letters van die alfabet, veral eie naam.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 |
| --- |
| **ONTLUIKENDE SKRYF** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Ontluikende Handskrif**

***Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke***

***Skeppende kunsaktiwiteite en musiekkringe is ideale geleenthede vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede***

- Ontwikkel fynmotoriese vaardighede om handspiere te versterk: vorm letters met speeldeeg of klei, ryg veterkaarte,doen kralewerk.
- Ontwikkel fynmotoriese beheer deur **meer** vingerrympies met vingeraksies te speel.
- Ontwikkel fynmotoriese vaardighede deur duidelik omlynde prente, vorms, ens., met 'n skêr uit te knip.
- Ontwikkel hand-oog-koördinasie: gooi en vang boontjiesakke, groot balle, tennisballe, papierballe; maak tekeninge en meer ingewikkelde patrone met kryte.
- Ontwikkel grootmotoriese beheer: werk in pare of individueel om letters met die liggaam te vorm.
- Begin om letters te vorm: gebruik vingerverf, verfkwaste, vetkryte, pennetjiesbord of rekborde.
- Trek die buitelyne van eenvoudige prente, patrone en eie name na; let op die korrekte manier waarop die letter gevorm word - begin op die regte plek en volg die korrekte rigting om die letter te vorm.
- Skryf patrone op 'n pennetjiesbord na en trek woorde en letters op papier na.
- Hou kryte in 'n aanvaarbare potloodgreep vas en neem 'n korrekte sithouding in tydens skryf.

***Ontluikende Skryf***

- Teken prente om 'n boodskap oor 'n persoonlike ervaring oor te dra en gebruik dit as 'n beginpunt vir skryfwerk. 'n Woord of frase kan met hulp by 'n tekening gevoeg word.
- Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is en begin om letters en nommers vanuit die klaskameromgewing na te trek in eie skryfpogings: rolspeel skryf deur letters te skryf en krabbels te maak.
- Rolspeel “skryf “in speelsituasies. Byvoorbeeld, “skryf” lyste.
- Begin “skryf” en neem konvensies van skryfrigting waar: “skryf” van links na regs en van bo na onder op 'n bladsy.
- Trek tydens speel teks na wat in die omgewing voorkom. Byvoorbeeld op etikette en advertensies.
- Dra idees by tot die klas se nuusboek.
- Manipuleer skryfgereedskap met toenemende vertroue en gemak: kryte en potlode.

***Werk met woorde***

- Groepeer woorde wat tot dieselfde woordfamilies behoort, soos *mat kat vat.*
- Identifiseer ‘n letter of spasie tussen woorde. Byvoorbeeld: eie naam of bekende woorde in ‘n boek.
- Dra sinne by tot 'n klasskryfstuk: die leerder dikteer en die onderwyser skryf neer.
- Gebruik begrippe soos *begin, middel, einde klank, woord en lett*er wanneer oor tekste gepraat word.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Skep tekeninge om 'n boodskap oor 'n persoonlike ervaring oor te dra en gebruik dit as 'n beginpunt vir skryfwerk. Kan met hulp 'n woord of frase byvoeg.
- Toon begrip dat teken en skryf verskillende aksies is en begin om letters en syfers vanuit die klaskameromgewing in eie skryfpogings na te maak: rolspeel skryf deur letters te skryf en krabbels te maak.
- Rolspeel “skryf” in speelsituasies. Byvoorbeeld, “skryf” lyste.
- Begin “skryf” en neem konvensies van skryfrigting waar: “skryf” van links na regs en van bo na onder op 'n bladsy.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 4 |
|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

***Die volgende aktiwiteite kan bekendgestel word tydens alle Graad R-kringe: musiek, beweging, wetenskap, taal, nuus, wys en vertel, asook skeppende aktiwiteite.***

- Luister aandagtig na vrae en gee antwoorde.
- Luister na aankondigings en reageer gepas.
- Dra boodskappe korrek oor.
- Luister na 'n komplekse reeks instruksies en reageer daarop.
- Luister sonder onderbreking, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Luister na langer stories en toon begrip deur vrae wat betrekking het op die storie te beantwoord.
- Vertel eie stories en vertel ander se stories in eie woorde oor.
- Sing liedjies en rympies en voer die bewegings met selfvertroue uit.
- Dra gedigte en ryme voor en voer bewegings met selfvertroue uit.
- Rangskik prente van 'n storie in volgorde.
- Neem deel aan besprekings en vra vrae.
- Luister na en herhaal eenvoudige woorde in volgorde, soos *tas, tel, tyd*. Begin met drie woorde en vermeerder na vier of meer.
- Praat oor prente in plakkate, temakaarte, boeke, ens., verwant aan 'n minimum van 5 temas per kwartaal.

***Gebruik taal om begrippe te ontwikkel***

- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel in ander vakgebiede soos hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom en volgorde.

***Gebruik taal om te dink en te redeneer***

- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille.
- Klassifiseer dinge volgens eie kriteria en meer gevorderde kriteria, soos teksture.
- Identifiseer dele van 'n geheel in 2-dimensionele formaat en konstrueer (bou) na 3-dimensionele. formaat. Gebruik 'n prent of patroon vanaf 'n kaart (2-D) om 'n konstruksie met boublokke of plastiese vorms te bou (3-D).

***Gebruik taal om te ondersoek en te ontdek***

- Stel vrae en kyk na boeke, die televisie en op rekenaars vir verduidelikings.
- Gee verduidelikings en bied oplossings.
- Bou 'n 20-stuk (of meer) legkaart.

***Verwerk inligting***

- Identifiseer geselekteerde inligting uit ’n mondelinge beskrywing. Byvoorbeeld, luister na ’n aankondiging om die aanvangstyd van die funksie te bepaal.

***Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep***

- Verstaan dat prente en foto’s betekenis van gebeure, plekke en dinge oordra en praat daaroor.
- Gebruik prente om die inhoud van stories te voorspel.
- Identifiseer beelde / voorwerpe as afsonderlike elemente in die voorgrond en agtergrond van prente.
- Speel rigtingspeletjies met die onderwyser en maats, byvoorbeeld bordspel, “slangetjies en leertjies”.
- Onderskei tussen die verskillende vorms van letters en woorde: sorteer plastiese letters in groepe van dieselfde letter.
- Pas prente en woorde bymekaar.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Luister sonder onderbreking, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Sing liedjies en rympies en voer die bewegings met selfvertroue uit.
- Vertel eie stories en vertel ander se stories in eie woorde oor.
- Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille.
- Pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille.
- Kyk sorgvuldig na prente en praat oor bekende gebeure.
- Gebruik taal om begrippe te ontwikkel in ander vakgebiede: hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed, tyd, ouderdom en volgorde.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 4 |
|---|
| **ONTLUIKENDE LEES** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Lees**

***Ontluikende lees***

- Pas woorde by prente in gedrukte media, soos prent- en woordraaisels.
- Interpreteer prente om idees te vorm. Byvoorbeeld, vertel 'n eie storie en “lees” die prente.
- Onderskei prente van gedrukte teks. Byvoorbeeld, wys na 'n woord en vra dat dit gelees word.
- “Lees” persoonlike teks soos sinne wat deur die onderwyser neergeskryf is.
- Begin om hoëfrekwensie woorde in die klas en skool te lees soos *deur, venster, kas.*
- “Lees” meer ingewikkelde prenteboeke.
- Dramatiseer 'n storie, liedjie of rympie.
- Herroep besonderhede en gee hoofgedagte weer.
- Teken prente oor die storie, rympie of liedjie.
- Bespreek die hantering en versorging van boeke.

***Gedeelde lees***

***Aktiwiteite van 15 minute, twee tot drie maal per week deur vergrote teks soos Grootboeke, plakkate van liedjies en rympies te gebruik. Gebruik ten minste vyf Grootboeke per kwartaal.***

- Lees Grootboeke en ander vergrote teks in klasverband saam met die onderwyser.
- “Lees” tekste wat in die klas ontwikkel en deur die onderwyser neergeskryf is tydens 'n groepaktiwiteit.
- Wys na woorde i.p.v. prente tydens “lees”.
- Verbind eie ervarings aan die teks tydens lees saam met die onderwyser, of tydens kyk na televisie of prente.
- Beskryf karaktereienskappe van karakters in stories / televisieprogramme en lug eie menings.
- Identifiseer die volgorde van gebeure in eenvoudige stories.
- Gebruik 'n boekomslag en illustrasies om die storielyn te voorspel.
- Neem met toenemende selfvertroue en genot deel aan gedeelde lees van tekste.
- Beantwoord 'n verskeidenheid vrae oor die storie wat gelees is.

***Selfstandige lees***

- “Lees” selfstandig boeke vir genot uit die leeshoekie / klasbiblioteek, blaai korrek en toon respek vir boeke.

***Fonologiese / Fonemiese bewustheid***

***Daaglikse aktiwiteite van 15 minute elk***

***Baie van die onderstaande klankaktiwiteite kan bekendgestel word tydens roetines asook tydens kringaktiwiteite***

- Verdeel mondelinge sinne in individuele woorde. Byvoorbeeld, klap op woorde wat uit een lettergreep bestaan soos: *San - sit - op - 'n - stoel.*
- Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: *krokodil - kro-ko-dil.*
- Identifiseer rymwoorde in bekende rympies en liedjies in volgorde van die rymwoorde.
- Herken visueel en ouditief sekere beginkonsonante en -vokale veral aan die begin van bekende woorde.
- Herken en benoem sommige letters van die alfabet, soos letters in eie naam.
- Verbind klanke met letters en woorde en verstaan dat woorde uit meer as een klank bestaan: *kat is k-a-t* - doen mondelings.
- Herken klanke aan die begin van sommige woorde.
- Herken dat woorde uit klanke bestaan, soos die beginletters van eie name.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering**

***Informeel***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Interpreteer prente om idees te vorm: vertel 'n eie storie, “lees” die prente.
- Lees Grootboeke en ander vergrote teks saam met die onderwyser in klasverband.
- Herken beginkonsonante en -vokale visueel en ouditief, veral aan die begin van bekende woorde.
- Herken en benoem sommige letters van die alfabet, soos letters in eie naam.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| GRAAD R: KWARTAAL 4 |
|---|
| **ONTLUIKENDE SKRYF** |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Ontluikende handskrif**

***Daaglikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke***

***Skeppende kunsaktiwiteite en musiekkringe is ideale geleenthede vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede***

- Ontwikkel fynmotoriese vaardighede om handspiere te versterk.
- Speel vingerspeletjies met vingeraksies.
- Gebruik ‘n skêr om duidelik omlynde prente, vorms ens., uit te knip.
- Gooi en vang boontjiesakke, klein / groot tennisballe, papierballe, ens., teken prente en maak ingewikkelder patrone met kryte.
- Vorm letters met liggame op hulle eie of in pare.
- Vorm letters deur vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., te gebruik.
- Trek buitelyne van prente, eie name en patrone na en dui die korrekte beginpunt en skryfrigting aan.
- Skryf patrone en letters na.
- Gebruik ‘n verskeidenheid skryfgereedskap soos kryte, potlode, bordkryt.
- Vorm letters met ‘n verskeidenheid skryfgereedskap soos kryte, potlode en bordkryt.
- Hou die kryt korrek vas en toon aan watter hand dominant is: links / regs dominansie.
- Vorm **sommige** kleinletters korrek, d.w.s. begin en eindig op die korrekte plekke.

**Ontluikende Skryf**

- Teken prente om 'n boodskap oor 'n persoonlike ervaring oor te dra en gebruik dit as 'n beginpunt vir skryf; kan ’n woord of frase met hulp byvoeg.
- Trek letters en syfers uit die klaskameromgewing na.
- “Lees” eie en ander se skryfwerk.
- “Skryf” en vra ander om 'n mening te lug oor dit wat geskryf is.
- Rolspeel “skryf” in speelsituasies. Byvoorbeeld, “skryf” lyste.
- Begin “skryf” en neem konvensies van skryfrigting waar: “skryf” van links na regs en van bo na onder op 'n bladsy.
- Boots tydens spel teks vanuit die omgewing na ,soos etikette van advertensies.
- Probeer skryf deur bekende letters te gebruik. Byvoorbeeld, “skryf “ 'n brief huis toe.
- Dra idees by tot die klas se nuusboek.
- Gebruik skryfgereedskap met toenemende vertroue en gemak.

***Werk met woorde***

- Groepeer prente van rymwoorde soos *kan, pan, man.*
- Herskryf kort sinne en woorde wat deur die onderwyser geskryf is.
- Identifiseer ‘n letter of spasie in gedrukte media, soos eie naam of bekende woorde in ‘n boek.
- Dra sinne by tot 'n klasskryfstuk: die onderwyser skryf neer wat die leerder dikteer.
- Praat oor begrippe soos *begin, middel, einde , klank, woord, letter, rym*.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir assessering:**

***Informele***

***Mondeling en / of prakties***

***Waarneming***

- Teken prente om 'n boodskap oor 'n persoonlike ervaring oor te dra en gebruik dit as 'n beginpunt vir skryfwerk. Kan met hulp 'n woord of frase byvoeg.
- "Skryf en vra ander om 'n mening uit te spreek oor dit wat geskryf is.
- "Lees" ander se "skryfwerk".
- "Skryf" letters en getalle wat in die klaskameromgewing voorkom, tydens "skryf" neer.
- Probeer om bekende formate van skryf te gebruik. Byvoorbeeld, "skryf" 'n brief huis toe.

**Gebruik kontrolelyste en 'n holistiese rubriek vir Taalassessering.**

| VOORGESTELDE TEKSTE / HULPMIDDELS VIR DIE JAAR |
|---|
| **LUISTER EN PRAAT**<br>• Prente en plakkate<br>• Kleurkaarte<br>• Getalkaarte<br>• Speletjies<br>• Voorwerpe wat van toepassing is op die temas<br>• Storiebordstukke<br>• Legkaarte (ten minste 20 stukke)<br>• Prente vir volgorde<br>• Speelgoed soos blokke, konstruksiespeelgoed, karretjies, poppe, handpoppe, maskers, ens.<br>• Sandskinkbord en waterspelitems<br>• Plastiekbottels, houers, kartondose, ens.<br>• CD's of bande met stories (wat gelees of vertel word), gedigte, rympies en liedjies, CD-speler / bandspeler, televisie en video's / DVD's<br>• Musiek- / slaginstrumente soos 'n drom, klokkies, stokkies, ens. |
| **LEES EN KLANKE**<br>• Prente en plakkate<br>• Alfabetkaarte<br>• Grootboeke - sommige kan ook tydens gedeelde skryfsessies gemaak word<br>• Vergrote tekste soos gedigte, liedjies, rympies, ens.<br>• Storieboeke en prenteboeke<br>• Handelsmerke en ander voorbeelde van media uit die omgewing<br>• Koerante en tydskrifte<br>• Flitskaarte / etikette vir klaskameritems en uitstallings<br>• Naamkaarte van leerders<br>• Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories, uitstallings<br>• Fantasiehoekie<br>• Tematafel<br>• Daaglikse pligtekaart<br>• Verjaarsdag- en weerkaart |
| **SKRYF EN HANDSKRIF**<br>• Apparaat soos verskillende grootte balle, hoepels, boontjiesakke, pennetjiesborde en pennetjies, krale en veters, rygkaarte en veters, skroewe en boute, klerepennetjies<br>• Materiaal soos skêre, speelklei, verf, verfkwaste, vetkryte, bordkryt en skryfbordjies / witbordjies en witbordpenne<br>• Koerantpapier<br>• Skrifkaarte waar letters van die alfabet in kleinletters en drukskrif aangebring is en wat die beginpunt en skryfrigting aandui<br>• Blanko papier in verskeie groottes (A3, A4, A5)<br>• Sandskinkbord |

## 3.2 Graad 1

| GRAAD 1 HUISTAAL AFRIKAANS<br>VEREISTES PER KWARTAAL |
|---|

| KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br>**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**<br>• Luister sonder om die spreker te onderbreek.<br>• Deel persoonlike ervarings: vertel nuus, beskryf die weer, relevante gebeure, ens.<br>• Sing liedjies en voer die bewegings uit.<br>***Tweeweeklikse aktiwiteite wat fokus op luister- en praataktiwiteite***<br>*Week 1 - 5*<br>• Luister na eenvoudige instruksies (klaskamerroetines) en reageer gepas.<br>• Luister met belangstelling na stories, rympies, gedigte en liedjies wat deur die onderwyser vertel word en voer gedeeltes van die storie, liedjie of rympie op.<br>• Beantwoord vrae soos vrae oor persoonlike besonderhede, ens.<br>*Week 6 - 10*<br>• Plaas prente in 'n logiese volgorde en kommunikeer deur die idees in volgorde oor te vertel.<br>• Bespreek prente op plakkate, temakaarte, in boeke, ens.<br>• Neem aan besprekings deel, neem beurte om te praat en respekteer die ander lede van die groep.<br>• Beskryf voorwerpe na gelang van kleur, grootte, vorm en hoeveelheid deur die korrekte woordeskat te gebruik. | |
| **ASSESSERING**<br>**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**<br>***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**<br>• Beantwoord vrae, soos vrae oor persoonlike besonderhede, ens.<br>• Sing liedjies en voer die bewegings uit.<br>• Neem aan besprekings deel, neem beurte om te praat en respekteer die ander lede van die groep.<br>**Formele assesseringsaktiwiteit 1**<br>***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**<br>• Praat oor persoonlike ervarings soos vertel nuus, beskryf die weer, relevante gebeure, ens.<br>• Luister na stories, rympies, gedigte en liedjies en voer gedeeltes van die storie, liedjie of rympie op.<br>• Plaas prente in logiese volgorde en kommunikeer deur die idees in volgorde oor te vertel.<br>• Beskryf voorwerpe na gelang van kleur, grootte, vorm, hoeveelheid en gebruik korrekte woordeskat. | |

| GRAAD 1: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANK** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Daaglikse fonemiese / fonologiese bewustheidsaktiwiteite van 15 minute elk***

***Begin met fonemiese bewustheidsaktiwiteite, onderrig 1 - 2 nuwe letters elke week en stel woordbou-aktiwiteite bekend deur klanke wat reeds aangeleer is, te gebruik.***

- Onderskei ouditief tussen die verskillende beginklanke van woorde.
- Neem as ‘n klas deel aan fonemiese bewustheidsaktiwiteite: samevloeiing van klanke [*k-a-t na kat*]; verdeling van woorde in klankgrepe [*kat* na *k-a-t],* woordspeletjie waar konsonante en vokale vervang word [vervang die **k** in *kat* met ‘n **m** om *mat* te vorm].
- Identifiseer die letter-klank-verhouding van sommige enkelletters, byvoorbeeld, l, o, h, m, a, b, t. Daar moet ten minste 2 vokale en 6 konsonante wees.
- Herken en benoem sommige letters van die alfabet: 2 vokale en ten minste 6 konsonante.
- Vorm kort woorde met die klanke wat alreeds geleer is byvoorbeeld **m-a-t -** *mat.*
- Begin die saamvloei van klanke te gebruik om woorde te vorm. Byvoorbeeld, **at-** *k-at, m-at* en identifiseer rym.

***Daaglikse leesaktiwiteite:***

***Groepbegeleide Lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.***

***Ontluikende leesvaardighede (word aangeleer in gedeelde en begeleide leeslesse)***

- Hou die boek korrek vas en blaai korrek.
- Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente; lees prenteboeke.
- Interpreteer prente om 'n eie storie te skep, “lees” prente.
- Versamel en lees handelsmerke en ander woorde / gedrukte teks in die omgewing.
- Herken eie naam en die name van ten minste 10 maats.
- Lees etikette en byskrifte by voorwerpe in die klaskamer.
- Bespreek die korrekte hantering en versorging van boeke.
- Luister na en bespreek die storie / teks wat voorgelees is.
- Ontwikkel basiese begrippe van gedrukte media soos:
  - Boekkonsep: Omslag, voorblad, agterblad, titel
  - Tekskonsep: woord, woordherhaling, letter, lettername, een-tot-een-korrespondensie
  - Rigting: Lees van voor na agter, lees van links na regs en 'n bladsy van bo na onder; lees eerste, laaste en middelste woorde of letters op 'n bladsy.
  - Leestekens: Hoofletter, kleinletter, punt, komma, vraagteken

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klaslesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas.***

***Elke sessie het die volgende leerfokuspunte: gedrukte tekskonsepte, tekskenmerke, klanke, taalpatrone, woordidentifiseringstrategieë en begrip op 'n verskeidenheid vlakke deur letterlike, herorganiserings-, afleidings-, evaluerings- en waarderingsvrae te vra.***

- Lees klassikaal saam met die onderwyser, vergrote tekste soos gedigte, plakkate, Grootboeke, en klasstories wat tydens gedeelde skryfwerk ontwikkel is.

***Groepbegeleide lees***

***Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met / vir die onderwyser.***

***Die onderwyser werk met groepe leerders wat op dieselfde leesvlak is deur die teks volgens die leerders se leesvlak aan te pas (woordherkenning is tussen 90% en 95% akkuraat). Gegradeerde leesreekse sal gewoonlik gebruik word.***

- Lees hardop uit eie boek in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Begin om 'n sigwoordeskat op te bou uit insidentele lees, gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer ouditief verskillende beginklanke van woorde.
- Neem as 'n klas deel aan fonemiese bewustheidsaktiwiteite: samevloeiing van klanke [**k-a-t** na *kat],* verdeling van woorde in klankgrepe [*kat* na ***k-a-t]****,* woordspeletjie waar konsonante en vokale vervang word [vervang die **k** in *kat* met 'n **m** om *mat* te vorm].
- Herken en benoem sommige letters van die alfabet: 2 vokale en ten minste 6 konsonante.
- Vorm kort woorde met die klanke wat alreeds geleer is soos **m-a-t** - *mat.*
- Begin die saamvloei van klanke te gebruik om woorde te vorm. Byvoorbeeld, 'at" k-at, m-at. Identifiseer of dit rym.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van sommige enkelklanke, byvoorbeeld, l, o, h, m, a, b, t. Daar moet ten minste 2 vokale en 6 konsonante wees.
- Vorm kort woorde met die aangeleerde klanke soos **m-a-t** - *mat.*

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Ontluikende leesvaardighede wat in gedeelde en begeleide leeslesse onderrig moet word***

- Hou die boek korrek vas en blaai korrek.
- Interpreteer prente om 'n eie storie te skep, d.w.s. "lees" prente.
- Versamel en lees handelsmerke en ander woorde / gedrukte teks in die omgewing.
- Herken eie naam en die name van sommige maats.
- Lees etikette en byskrifte by voorwerpe in die klaskamer.
- Bespreek die korrekte hantering en versorging van boeke.
- Ontwikkel basiese begrippe van gedrukte media soos:
  - Boekkonsep: Omslag, voorblad, agterblad, titel
  - Tekskonsep: Woord, woordherhaling, letter, lettername, een-tot-een-korrespondensie
  - Rigting: Lees van voor na agter, lees van links na regs en bo na onder in die bladsy; lees eerste, laaste of middelste woorde of letters op 'n bladsy.
  - Leestekens: Hoofletter, kleinletter, punt, komma, vraagteken

***Gedeelde lees***

- Lees vergrote tekste soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser.

***Groepbegeleide lees***

- Stillees en hardoplees uit eie boek in begeleide leesgroep saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde storie.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

***Ontluikende leesvaardighede***

- Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente. Byvoorbeeld, lees prenteboeke.
- Luister na en bespreek die storie / teks wat voorgelees is.

***Gedeelde lees***

- Lees klassikaal saam met die onderwyser: vergrote tekste soos gedigte, plakkate, Grootboeke en klasstories wat tydens gedeelde skryf ontwikkel is.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop uit eie boek in begeleide leesgroep saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks / storie.

| GRAAD 1: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Handskrif**

***Formele lesse van 15 minute elk, vier maal per week***

***Aktiwiteite om die fynmotoriese spiere te versterk, fyn- en grootmotoriese vaardighede en hand-oog-koördinasie te ontwikkel***

- Teken met vetkryte.
- Oefen om die potlood en kryt korrek te hanteer.
- Ontwikkel rigtingbewustheid: Skryf links na regs en bo na onder, trek reguit lyne, verbind kolletjies, kloksgewyse en anti-kloksgewyse bewegings.
- Gebruik klei en plastisien (boetseerklei) om letters en voorwerpe te bou.
- Ontwikkel hand-oog-koördinasie deur middel van verf, papiere skeur / knip en natrekaktiwiteite.
- Teken patrone: neerhale en ophale (sig-sag), sirkelpatrone, vertikale en horisontale patrone.
- Trek na, skryf na en skryf eie naam deur middel van ‘n sjabloon (formaat) waarop die korrekte beginpunt en skryfrigting van individuele letters aangedui word.

***Ontwikkeling van lettervorming in formele handskriflesse***

***Die volgorde van onderrig van die kleinletters moet aansluit by die klankprogram. Demonstreer die korrekte lettervorming en rigting. Leerders oefen 2 letters per week vanaf handskrifstroke. Maak seker leerders oefen die korrekte potloodgreep. Gebruik blanko papier of ongelinieerde A4-oefenboeke vir alle skriftelike werk. Begin waar moontlik om die natrek en naskryf van die al die letters van die alfabet reeds van die begin van die jaar bekend te stel deur middel van stroke waarop die korrekte beginpunt en skryfrigting aangedui word.***

- Vorm korrekte kleinletters: ten minste 2 vokale en 6 konsonante soos l, o, h, m, a, b, t.
- Skryf na en skryf eie naam, kort woorde en sinne van etikette, plakkate, die skryfbord, ens.
- Begin om eie skryfwerk te doen deur middel van tekeninge, lettervorming, getalle, woorde en eenvoudige sinne.

***Gedeelde, Groep- en Selfstandige Skryf***

***Klas- / kleingroep- / individuele skryfsessies van 15 minute elk drie maal per week, wat by die gedeelde lees, besprekings en persoonlike ervarings aansluit en daarop voortbou***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra, byvoorbeeld, oor 'n persoonlike ervaring.
- Skryf eenvoudige byskrifte vir ‘n tekening / prent.
- Gebruik woorde en letterklanke wat reeds aangeleer is.
- Skryf ‘n sin of nuus korrek van die bord / kaart af.
- Dra tydens gedeelde skryf idees by tot die skryf van ‘n klasstorie wat deur die onderwyser op plakkate neergeskryf word vir die ontwikkeling van nuwe teks en uitstalling in die leeshoekie.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Handskrif***

- Teken met vetkryte.
- Ontwikkel rigtingsbewustheid: Skryf links na regs en bo na onder, trek reguit lyne, verbind kolletjies, kloksgewyse en anti-kloksgewyse bewegings.
- Trek na, skryf na en skryf eie naam deur middel van ‘n sjabloon (formaat) waarop die korrekte beginpunt en skryfrigting van individuele letters aangedui word.
- Skryf na en skryf eie naam, kort woorde en sinne vanaf etikette, plakkate, die skryfbord, ens.
- Begin om eie skryfwerk te doen deur middel van tekeninge, lettervorming, getalle, woorde en eenvoudige sinne.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Oefen om die potlood en kryt korrek te hanteer.
- Teken patrone: neerhale en ophale, en sig-sag-, sirkel-, guirlande-, arkade, vertikale en horisontale patrone.
- Korrekte vorming van kleinletters: ten minste 2 vokale en 6 konsonante - l, o, m, a, b, t.
- Skryf na en skryf eie naam, kort woorde en sinne van die skryfbord, plakkate, skryfbord, ens.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Skryf***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra, byvoorbeeld, 'n persoonlike ervaring.
- Skryf eenvoudige byskrifte vir ‘n tekening of prent.
- Gebruik woorde waarvan die letterklanke reeds aangeleer is.
- Skryf ‘n sin of nuus korrek van die bord / kaart af.
- Dra idees by tot die skryf van ‘n klasstorie wat deur die onderwyser neergeskryf word op plakkate vir uitstalling in die leeshoekie.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra, byvoorbeeld, 'n persoonlike ervaring.
- Skryf eenvoudige byskrifte / onderskrifte vir tekeninge / prente.
- Skryf een sin of nuus korrek van die bord / kaart af.

| GRAAD 1: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek en neem beurte om te praat in klassikale en groepsituasies.
- Praat oor persoonlike ervarings. Byvoorbeeld, vertel nuus in die korrekte volgorde.
- Doen mee aan refreine van liedjies, stories en rympies.
- Dra gedigggies en rympies voor en voer die bewegings uit.
- Identifiseer en herken dele van 'n geheel soos dele van 'n fiets of plant.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 5*

- Luister na eenvoudige instruksies (groep- en daaglikse roetine) en reageer gepas.
- Dra boodskappe oor.
- Luister met genot na stories en teken 'n prent om begrip te toon.
- Beantwoord oop en geslote vrae oor die storie.

*Week 6 - 10*

- Beskryf voorwerpe in terme van ouderdom, rigting, volgorde deur die korrekte woordeskat te gebruik.
- Luister na stories en identifiseer die hoofgedagte in stories.
- Plaas prente van 'n storie in logiese volgorde.
- Neem deel aan klasbesprekings.
- Vra vrae wat met die vertelde of geleesde storie verband hou.
- Verstaan en gebruik gepaste woordeskat van die onderskeie vakke.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek en neem beurte om te praat in klassikale en groepsituasies.
- Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus in die korrekte volgorde.
- Doen mee aan refreine van liedjies, stories en rympies.
- Luister na instruksies (groep- en daaglikse roetine) en reageer gepas.
- Neem deel aan klasbesprekings.
- Vra vrae wat met die vertelde-geleesde storie verband hou.
- Verstaan en gebruik gepaste woordeskat van die onderskeie vakke.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervaringe, byvoorbeeld, vertel nuus in die korrekte volgorde.
- Luister met belangstelling na stories en teken 'n prent om begrip te toon.
- Beantwoord oop en geslote vrae oor die storie.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Beskryf voorwerpe in terme van ouderdom, rigting en volgorde deur die korrekte woordeskat te gebruik.
- Luister na stories en identifiseer die hoofgedagte in stories.
- Plaas prente van 'n storie in logiese volgorde.

| GRAAD 1: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Daaglikse fonemiese / klankbewustheidsaktiwiteite van 15 minute elk***

***Onderrig die res van die enkelkonsonante (13) en vokale (3) teen die einde van die kwartaal. Gaan voort met fonemiese bewustheid en woordbou-aktiwiteite.***

- Onderskei op gehoor tussen verskillende aanvangs- en eindklanke van woorde.
- Identifiseer letter-klank-verhouding van die meeste enkelklanke.
- Neem in klasverband deel aan fonemiese bewustheidsaktiwiteite: saamvloei van klanke [*k-op* na kop], verdeling van woorde in klankgrepe [*kop* na *k-o-p],* woordspeletjie waar konsonante en vokale vervang word [vervang die **k** in *kop* met 'n **s** om *sop* te vorm].
- Bou woorde uit aangeleerde klanke (*-ad, -at, -ak, -ed, -et, ek, -ot, -op, -ok, -ut, -ug, -uk, -it, -ik,*
- *-is*); minstens twee woordfamilies per week.
- Bou eenvoudige woorde wat met 'n enkelkonsonant begin en breek dit op in die beginklank en die rymklank (laaste deel van die lettergreep), soos *h-en, p-en, v-in, s-in* en identifiseer die rymklank.
- Groepeer woorde in klankfamilies, soos *kat, mat, gat, vat.*
- Lees woorde in sinne en ander tekste deur klankkennis te gebruik.

**Daaglikse leesaktiwiteite**

***Groepbegeleide lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.***

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klaslesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas. Demonstreer die gebruik van fonetiese dekoderingsvaardighede tydens lees en ander strategieë soos kontekstuele leidrade en strukturele analise. Verwys na die vyf-vinger-strategie. Begin om die proses vir die leerders aan te leer wanneer hulle onbekende woorde teëkom.***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente.
- Interpreteer illustrasies / prente om 'n eie storie te skep, "lees" prente.
- Gebruik leidrade en prente in die teks vir begrip.
- Bespreek die storie, identifiseer die hoofgedagte, hoofkarakters, ens., in die teks.
- Beantwoord 'n wye verskeidenheid vrae wat betrekking het op die teks wat gelees is, insluitend hoër-orde-denkvrae.
- Bespreek die gebruik van hoofletters en punte.

***Groepbegeleide lees***

***Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met / vir die onderwyser. Die onderwyser werk met groepe leerders van dieselfde leesvlakke deur die teks by die onderrigvlak van die leerder te pas. Klasleesboek / Gegradeerde leesreekse sal gewoonlik gebruik word. Leer vaardighede aan sodat leerders hulleself kan korrigeer tydens lees in beide woordherkennings- en begripsvaardighede. (Leerders word geleer om te vra: "Klink dit reg?" "Lyk dit reg?" "Maak dit sin?") Gebruik die proses in gedeelde lees en pas dit toe in begeleide lees in groepe, met hulp van die onderwyser.***

- Lees hardop uit gekose boek / leeskaart tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, sigwoorde en kontekstuele leidrade tydens lees.
- Leerders begin om hulleself tydens lees te monitor in beide woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Bou steeds aan 'n sigwoordeskat wat verkry word uit insidentele lees, gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste.

***Lees in pare / Selfstandige lees (Twee maal per week in taalfokustyd). Inleiding tot lees in pare / selfstandige lees. Selekteer bekende tekste of volgens die leerder se individuele leesvlak (makliker as die wat in gedeelde lees gebruik word met meer as 95% woordherkenningsakkuraatheid wanneer die teks gelees word).***

- Lees hardop vir 'n maat uit 'n voorbereide / bekende teks om leesvlotheid te ontwikkel.
- Herlees bekende tekste soos dié wat in die gedeelde leessessies gelees is.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer letter-klank-verhouding van die meeste enkelklanke
- Neem in klasverband deel aan fonemiese bewustheidsaktiwiteite: saamvloei van klanke [*k-op* na *kop*], verdeling van woorde in klankgrepe [*kop na k-o-p],* woordspeletjie waar konsonante en vokale vervang word [vervang **die k** in kop met ‘n **s** om sop te vorm].
- Bou woorde van aangeleerde klanke *(-ad, -at, -ak, -ed, -et, ek, -ot, -op, -ok, -ut, -ug, -uk, -it, -ik, -is*); minstens twee woordfamilies per week.
- Bou eenvoudige woorde wat met ‘n enkelkonsonant begin en breek dit op in die beginklank en die rym. (laaste deel van die lettergreep) soos *h-en, p-en; v-in, s-in* en identifiseer die rym.
- Groepeer woorde in klankfamilies soos *kat, mat, gat, vat*.
- Lees woorde in sinne en ander teks deur klankkennis te gebruik.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Onderskei op gehoor tussen verskillende aanvangs- en eindklanke van woorde.
- Identifiseer letter-klank-verhouding van die meeste enkelklanke.
- Bou woorde van aangeleerde klanke *(-ad, -at, -ak, -ed, -et, ek, -ot, -op, -ok, -ut, -ug, -uk, -it, -ik, -is*); minstens twee woordfamilies per week.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 2**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Identifiseer letter-klank-verhouding van die meeste enkelklanke wat aangeleer is.
- Bou woorde van aangeleerde klanke (*-ad, -at, -ak, -ed, -et, ek, -ot, -op, -ok, -ut, -ug, -uk, -it, -ik, -is*); minstens twee woordfamilies per week.
- Groepeer woorde in klankfamilies soos *kat, mat, gat, vat.*

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Gebruik leidrade en prente in die teks vir begrip.
- Bespreek die storie, identifiseer die hoofgedagte, hoofkarakters, ens., in die teks.
- Beantwoord 'n wye verskeidenheid vrae wat betrekking het op die teks wat gelees is insluitend hoër-orde-denkvrae.
- Bespreek die gebruik van hoofletters en punte.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop uit gekose boek / leeskaarte tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Leerders begin om hulleself tydens lees te monitor wat betref beide woordherkennings- en begripsvaardighede.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees hardop vir 'n maat uit 'n voorbereide / bekende teks om vlotheid te ontwikkel.
- Herlees bekende tekste soos dié wat in die gedeelde leessessies / leeskaarte gelees is.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Voorspel die verloop van die storie na aanleiding van prente.
- Gebruik leidrade en prente in die teks vir begrip.
- Bespreek die storie, identifiseer die hoofgedagte, hoofkarakters, ens., in die teks.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop uit eie boek in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, sigwoorde en kontekstuele leidrade tydens lees.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 2**

**Lees (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Interpreteer prente om ‘n eie storie te skep, “lees” prente.
- Gebruik leidrade en prente in die teks vir begrip.
- Beantwoord 'n wye verskeidenheid vrae wat betrekking het op die teks wat gelees is insluitend hoër-orde-denkvrae.

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop uit eie boek in geleide leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, sigwoorde en kontekstuele leidrade tydens lees.

| GRAAD 1: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Handskrif**

***Formele lesse van 15 minute elk, vier maal per week***

***Ontwikkeling van lettervorming tydens formele handskriflesse. Die aanleer van die kleinletters moet aansluit by die klankprogram. Demonstreer die korrekte lettervorming en rigting. Leerders oefen 2 letters per week vanaf handskrifstroke sodat daar teen die einde van die kwartaal ten minste 20 kleinletters aangeleer is. Demonstreer korrekte spasiëring van letters in 'n woord en woorde in 'n sin. Teen die einde van die kwartaal word die hoofletters wat gereeld gebruik word, bekend gestel soos A, C, H, I, T, W. Gebruik blanko (ongelinieerde) A4 / 17 mm gelinieerde boeke vir alle skriftelike werk.***

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm ten minste 20 kleinletters korrek volgens grootte en posisie, d.w.s. begin en eindig op die korrekte plekke.
- Vorm sommige hoofletters wat gereeld gebruik word korrek, soos A, C, H, I, T, W.
- Skryf woorde met korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf kort, eenvoudige sinne vanaf handskrifstroke, skryfbord.

***Gaan voort met aktiwiteite wat die fynmotoriese spiere versterk, fyn- en grootmotoriese vaardighede en hand-oog-koördinasie ontwikkel. Verseker dat leerders die korrekte postuur en sithouding inneem terwyl hulle skryf.***

**Gedeelde,Groep en Selfstandige skryf**

***Klassikale / kleingroeplesse / individuele skryfsessies van 15 minute elk, drie maal per week, wat by die gedeelde lees, besprekings en persoonlike ervarings aansluit. Voorsien aanvangsinne en ander ondersteuningsmeganismes sodat leerders hulle eie nuus kan begin skryf. Stel die gebruik van 'n persoonlike woordeboek bekend.***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra en voeg 'n etiket of eenvoudige byskrifte / onderskrifte by, byvoorbeeld, oor persoonlike ervaringe.
- Skryf woorde met die aangeleerde klanke.
- Skryf een eie nuussin of skryf dit gedurende gedeelde skryfwerk.
- Stel ‘n lys woorde saam volgens instruksies, soos ‘n lys voedselsoorte.
- Dra idees by tot die skryf van ‘n klasstorie (gedeelde skryf).
- Skryf ‘n byskrif of kort sin en illustreer dit oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te lewer vir ‘n leeshoekie.
- Skep ‘n eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik soos **a**ap, **b**os, **d**am.
- Gebruik klankkennis om sinne te skryf.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Handskrif***

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm sommige hoofletters wat gereeld gebruik word, korrek soos A, C, H, I, T, W.
- Skryf woorde met korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf kort, eenvoudige sinne vanaf handskrifstroke, skryfbord.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm ten minste 20 kleinletters korrek volgens grootte en posisie, d.w.s. begin en eindig op die korrekte plekke.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Handskrif***

- Vorm ten minste 20 kleinletters korrek volgens grootte en posisie, d.w.s. begin en eindig op die korrekte plekke.
- Vorm sommige hoofletters wat gereeld gebruik word korrek, soos A, C, H, I, T, W.
- Skryf woorde met korrekte spasiëring.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Skryf***

- Gebruik klankkennis om sinne te skryf.
- Skryf een eie nuussin / gedeelde skryfwerk.
- Stel ‘n lys woorde saam volgens instruksies, soos ‘n lys voedselsoorte.
- Dra idees by tot die skryf van ‘n klasstorie (gedeelde skryf).
- Skep ‘n eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik soos **a**ap, **b**os, **d**am.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra en voeg 'n etiket of eenvoudige byskrifte by, byvoorbeeld oor persoonlike ervarings.
- Gebruik klankkennis om sinne te skryf.
- Dra idees by tot die skryf van ‘n klasstorie (gedeelde skryf).

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Skryf***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra en voeg 'n etiket of eenvoudige byskrifte by, byvoorbeeld persoonlike ervaringe.
- Skryf een eie nuussin of skryf dit in gedeelde skryfwerk.
- Stel ‘n lys woorde saam volgens instruksies, soos ‘n lys woorde oor vervoer.

| GRAAD 1: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Luister na instruksies en aankondigings en reageer gepas.
- Luister sonder om die spreker te onderbreek en toon respek vir die spreker.
- Praat oor persoonlike ervarings, byvoorbeeld, vertel nuus in die korrekte volgorde.
- Dra gediggies en rympies voor en voer die bewegings uit.
- Verstaan en gebruik gepaste woordeskat van die onderskeie vakke.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 5*

- Luister met belangstelling en genot na 'n storie, teken 'n prent en skryf 'n onderskrif.
- Plaas prente in 'n logiese volgorde en pas die byskrifte by die prente.
- Rolspeel verskillende situasies en gebruik gepaste woordeskat.
- Neem deel aan besprekings, vra en beantwoord vrae.

*Week 6 - 10*

- Luister na besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae daaroor.
- Identifiseer verskille en ooreenkomste deur gebruik te maak van die korrekte woordeskat.
- Gebruik en brei woordeskat uit wanneer gepraat word.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder onderbreking en toon respek vir die spreker.
- Dra gediggies en rympies voor en voer die bewegings uit.
- Luister met belangstelling en genot na stories, teken ‘n prent en skryf ‘n paar woorde daaroor.
- Rolspeel verskillende situasies en gebruik gepaste woordeskat.
- Neem deel aan besprekings, vra en beantwoord vrae.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervarings, soos vertel nuus in die korrekte volgorde.
- Dra gediggies en rympies voor en voer die bewegings uit.
- Plaas prente in logiese volgorde en pas die byskrifte by die prente.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Luister en praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Luister na instruksies en aankondigings en reageer gepas.
- Praat oor persoonlike ervarings, soos vertel nuus in die korrekte volgorde.
- Luister na besonderhede in stories en beantwoord vrae daaroor.

| GRAAD 1: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Daaglikse klankaktiwiteite van 15 minute elk***

***Hersien die enkelklanke en stel dubbelklanke bekend. Gaan voort met woordbou-aktiwiteite***

- Identifiseer letter-klank-verhouding van alle enkelklanke in woorde.
- Hersien woorde in klankfamilies van kort vokale wat aangeleer is.
- Bou drieletterwoorde met enkelkonsonante en kort vokale.
- Voeg konsonante saam om woorde te bou, byvoorbeeld **sl**-ag, **st**-op, **bl**-es, ens.
- Herken en gebruik dubbelklanke soos **aa** - k**aa**s, **oo** - l**oo**p, **ee** - b**ee**r, uu - v**uu**r.
- Groepeer woorde in klankfamilies.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.

***Daaglikse leesaktiwiteite***

***Groepbegeleide lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.***

***Gedeelde lees***

***In klasverband aktiwiteite van 15 minute elk, twee tot drie per week. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas. Demonstreer ook die vyf-vinger-strategie tydens gedeelde lees en moedig leerders aan om hierdie proses te gebruik tydens groep- en selfstandige lees.***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Bespreek logiese volgorde en agtergrond van die storie.
- Gebruik die boekomslag om die einde van 'n storie en storielyn te voorspel.
- Herken die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in ‘n storie soos: Die seun het van sy fiets afgeval **omdat** hy te vinnig gery het.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae vrae gegrond op die teks wat gelees is, soos “Wat dink jy …?”, “Waarom het jy …?”
- Gee eie opinie oor wat gelees is.
- Interpreteer inligting wat in plakkate, prente en eenvoudige tabelle (soos ‘n almanak) voorkom.

***Groepbegeleide lees***

***Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met / vir die onderwyser.***

- Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, sigwoorde, kontekstuele leidrade en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens leessessie.
- Leerders begin hulself tydens lees te monitor wat betref beide woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).
- Bou steeds aan ‘n sigwoordeskat wat verkry word uit insidentele lees, gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste.

***Lees in pare / Selfstandige lees (drie maal per week)***

- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en ander se skryfwerk.
- Lees boeke wat tydens gedeelde leessessies gelees is en ander boeke in die leeshoekie.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Identifiseer letter-klank-verhouding van alle enkelklanke.
- Voeg konsonante saam om woorde te bou, byvoorbeeld **sl**-ag, **st**-op, **bl**-es, ens.
- Herken en gebruik dubbelklanke soos **aa** - k**aa**s, **oo** - l**oo**p, **ee** - b**ee**r, uu - v**uu**r.
- Vorm woorde met klanke wat aangeleer is.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Identifiseer letter-klank-verhouding van alle enkelklanke in woorde.
- Hersien woorde in klankfamilies van kort vokale wat aangeleer is soos *bus, kat, ses, pot, lys, in.*
- Bou drieletterwoorde met alle aangeleerde klanke.
- Voeg konsonante saam om woorde te bou, byvoorbeeld **sl**-ag, **st**-op, **bl**-es, ens.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Vorm drieletterwoorde met aangeleerde klanke.
- Voeg konsonante saam om woorde te bou, byvoorbeeld **sl**-ag, **st**-op, **bl**-es, ens.
- Herken en gebruik dubbelklanke soos **aa** - k**aa**s, **oo** - l**oo**p, **ee** - b**ee**r, **uu** - v**uu**r.
- Groepeer woorde in klankfamilies.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae vrae wat op die teks gegrond is soos "Dink jy ...?", "Hoekom ...?"
- Gee eie opinie oor dit wat gelees is.
- Herken die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in 'n storie. Byvoorbeeld: Die seun het van sy fiets afgeval **omdat** hy te vinnig gery het.

***Groepbegeleide lees***

- Leerders begin om tydens lees hulleself te monitor tydens wat betref woordherkennings- en begripsvaardighede.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees selfstandig boeke wat tydens gedeelde leessessies gelees is en ook ander boeke in die leeshoekie.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Identifiseer logiese volgorde en agtergrond van storie.
- Gebruik die boekomslag om die einde van die storie en storielyn in die boek te voorspel.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop uit eie boek in groepbegeleide leessessie saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, sigwoorde, kontekstuele leidrade en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote tekste in klasverband saam met die onderwyser.
- Identifiseer die logiese volgorde en agtergrond van die storie.
- Beantwoord vrae wat op die teks gegrond is soos “Dink jy ...?”, “Hoekom ...?”
- Interpreteer inligting wat in eenvoudige tabelle, prente en grafiese beelde (soos ‘n almanak) voorkom.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop uit eie boek in groepbegeleide leessessies saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees hardop vir 'n maat.

| GRAAD 1: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Handskrif**

***Formele lesse van 15 minute elk, vier maal per week***

***Hersien die vorming van kleinletters en gaan voort om die hoofletters en getalvorming aan te leer. Demonstreer die korrekte spasiëring van letters in 'n woord en van woorde in 'n sin.***

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm kleinletters korrek wat grootte en posisie betref, d.w.s. begin en eindig op die regte plekke.
- Vorm hoofletters wat dikwels gebruik word korrek, soos B, D, E, F, G, L, M, N, O, P, R, S, Y
- Vorm syfers korrek.
- Skryf na en skryf woorde met korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf korrekte kort sinne.

***Gedeelde, Groep- en Selfstandige skryf***

***Klassikale / kleingroeplesse / individuele skryfsessies van 15 minute elk, drie maal per week, wat by die gedeelde lees, besprekings en persoonlike ervaringe aansluit. Voorsien aanvangsinne en ander ondersteuningsmeganismes sodat leerders hulle eie nuus kan begin skryf. Stel die gebruik van 'n persoonlike woordeboek bekend.***

- Skryf 'n boodskap in 'n kaartjie soos verjaardagkaartjies.
- Skryf ‘n sin met aangeleerde klanke, asook bekende sigwoorde.
- Skryf ten minste twee eie sinne - nuus / gedeelde skryf en gebruik die verlede tyd.
- Gebruik hoofletters en punte insluitend hoofletters in eiename.
- Gebruik selfstandige naamwoorde en persoonlike voornaamwoorde soos *ek, jy, hy, sy, my* korrek in skryfwerk, met hulp van die onderwyser.
- Dra idees en woorde vir ‘n klasstorie by in gedeelde skryfsessies.
- Skryf en illustreer ‘n kort sin oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te lewer vir die leeshoekie.
- Skep ‘n woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik soos **d**am, **e**lf, **f**iets

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Handskrif***

- Hou potlood en kryt korrek vas.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Vorm kleinletters korrek wat grootte en posisie betref, d.w.s. begin en eindig op die regte plekke.
- Vorm syfers korrek.
- Skryf na en skryf woorde met korrekte spasiëring.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Handskrif***

- Vorm hoofletters wat dikwels gebruik word korrek.
- Skryf kort sinne na en skryf kort sinne korrek.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Skryf***

- Skryf woorde om 'n sin te vorm met aangeleerde klanke, asook met bekende sigwoorde.
- Gebruik hoofletters en punte, insluitend hoofletters in eiename.
- Skep ‘n woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik, soos **d**am*,* **e**lf*,* ***f**iets.*

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf woorde om 'n sin te vorm met aangeleerde klanke, asook bekende sigwoorde.
- Gebruik selfstandige naamwoorde en persoonlike voornaamwoorde soos *ek, jy, hy, sy, my* korrek in skryfwerk.
- Dra idees en woorde by vir ‘n klasstorie gedurende gedeelde leessessie.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Skryf***

- Skryf 'n boodskap in 'n kaartjie, soos verjaardagkaartjie.
- Skryf ten minste twee eie sinne met nuus of skryf gedurende gedeelde skryf en gebruik die verlede tyd.
- Gebruik hoofletters en punte, insluitend hoofletters in eiename.
- Gebruik selfstandige naamwoorde en persoonlike voornaamwoorde soos *ek, jy, hy, sy, my*, in skryfwerk, met hulp van die onderwyser.

| GRAAD 1: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse / weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek en neem beurte om te praat deur respek te toon vir die spreker en vrae te stel ter verduideliking.
- Praat oor persoonlike ervaringe en gevoelens, byvoorbeeld, deur nuus te vertel.
- Luister na stories en lug 'n mening daaroor.
- Gebruik terminologie soos sin, hoofletter en punt.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 5*

- Luister na, geniet en reageer op prent- en woordraaisels, raaisels en grappies en gebruik verbeeldingryke taal.
- Neem deel aan groepbespreking en gee terugvoering namens die groep.
- Gebruik eenvoudige strategieë om inligting te vind, byvoorbeeld, deur ‘n opname te maak van die manier waarop leerders by die skool kom.
- Klassifiseer inligting, byvoorbeeld, deur individuele prente te gebruik.

*Week 6 - 10*

- Luister na instruksies en aankondigings en reageer gepas.
- Vertel ‘n bekende storie met ‘n begin, middel en einde en wissel stemtoon en -volume.
- Beantwoord geslote en oopeindevrae.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek en neem beurte om te praat deur respek te toon vir die spreker en vrae te stel ter verduideliking.
- Luister na stories en lug 'n mening daaroor.
- Gebruik terminologie soos sin, hoofletter en punt.
- Neem deel aan groepbespreking en gee terugvoering namens die groep.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 1**

***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervaringe en gevoelens (bv. vertel nuus).
- Luister na instruksies en aankondigings en reageer gepas.
- Vertel 'n bekende storie met ‘n begin, middel en einde en wissel stemtoon en -volume.
- Beantwoord geslote en oopeindevrae.

| GRAAD 1: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Daaglikse klankaktiwiteite van 15 minute elk***

***Stel nuwe klanke bekend. Gaan voort met woordbou- en klankherkenningsvaardighede***

- Hersien alle enkel- en dubbelklanke wat reeds onderrig is.
- Herken en gebruik klanke wat uit twee vokale bestaan, soos **ie** - m**ie**r, **ou** - k**ou**s, **eu** - s**eu**n, **ei** - s**ei**l, **oe** - k**oe**k, **ui** - h**ui**s.
- Vorm woorde met aangeleerde klanke.
- Groepeer bekende woorde in klankfamilies.
- Herken meervoude (-**s, -e**).
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.
- Leer om tien woorde per week te spel, uit klanklesse.

***Daaglikse leesaktiwiteite***

***Groepbegeleide Lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.***

***Gedeelde lees***

***Doen in klasverband aktiwiteite van 15 minute elk, twee tot drie keer per week. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas.***

- Lees Grootboeke en ander vergrote teks in klasverband saam met die onderwyser.
- Gebruik die boekomslag om die storie in die boek te voorspel.
- Identifiseer die aanvanklike gebeurtenis / probleem wat aanleiding tot die verloop van die storie gee. In *Die Drie Beertjies* was die pap te warm en die bere het hulle huisie verlaat en gaan stap.
- Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip.
- Bespreek die logiese volgorde van gebeure wat in die storie gelees is.
- Herken oorsaak en gevolg in die storie. Die meisie was in die moeilikheid **omdat** sy die venster gebreek het.
- Beantwoord oopeindevrae gegrond op die teks wat gelees is.
- Interpreteer inligting op plakkate.

***Groepbegeleide Lees***

***Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met / vir die onderwyser.***

- Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele leidrade, strukturele analise en sigwoorde tydens lees.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).
- Leerders begin om hulleself tydens lees te monitor wat betref beide woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.
- Bou steeds aan ‘n sigwoordeskat wat verkry word uit insidentele lees, die gegradeerde leesreeks en hoëfrekwensie woordelyste.

***Lees in pare / Selfstandige lees (drie maal per week)***

***Selekteer tekste wat tydens gedeelde lees gelees is, eenvoudige prenteboeke en boeke uit die leeshoekie asook eie skryfwerk.***

- Lees eie skryfwerk en begin foute regmaak.
- Lees boeke wat tydens gedeelde leessessies gelees is en ander boeke in die leeshoekie.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Herken meervoude (-**s, -e**).
- Herkenning en toepassing van klanke wat uit twee vokale bestaan soos **ie** - m**ie**r, **ou** - k**ou**s, **eu** - s**eu**n, **ei** - s**ei**l, **oe** - k**oe**k, **ui** - h**ui**s.
- Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of geskrewe)**

- Herkenning en toepassing van klanke wat uit twee vokale bestaan soos **ie** - m**ie**r, **ou** - k**ou**s, **eu** - s**eu**n, **ei** - s**ei**l, **oe** - k**oe**k, **ui** - h**ui**s.
- Vorm woorde met aangeleerde klanke.
- Groepeer bekende woorde in klankfamilies.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Gebruik die boekomslag om die storie in die boek te voorspel.
- Identifiseer die aanvanklike gebeurtenis / probleem wat aanleiding tot die verloop van die storie gee. Die meisie was in die moeilikheid **omdat** sy die venster gebreek het.
- Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip.
- Interpreteer inligting op plakkate.

***Groepbegeleide lees***

- Gebruik klankkennis, kontekstuele leidrade, strukturele analise en sigwoorde tydens lees.
- Leerders begin om hulleself tydens lees te monitor wat betref woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Toon begrip vir leestekens tydens hardoplees.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees eie skryfwerk en begin foute regmaak.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees Grootboeke en ander vergrote teks in klasverband saam met die onderwyser.
- Identifiseer die logiese volgorde van gebeure.
- Herken oorsaak en gevolg in die storie.
- Beantwoord vrae oor die teks.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele leidrade, strukturele analise en sigwoorde tydens lees.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees boeke wat tydens gedeelde leessessies gelees is en ook ander boeke in die leeshoekie.

| GRAAD 1: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Handskrif***

***Formele lesse van 15 minute elk, vier maal per week***

***Hersien die vorming van kleinletters en hoofletters. Gaan voort om korrekte spasiëring van letters in 'n woord en van woorde in 'n sin in te oefen tydens transkripsie van woorde en sinne vanaf die skryfbord en handskrifkaarte.***

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm klein- en hoofletters korrek en vloeiend wat grootte en posisie betref, d.w.s. begin en eindig op die regte plekke.
- Skryf na en skryf woorde met korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf korrekte kort sinne.

***Gedeelde,Groep- en Selfstandige Skryf***

***Klassikale / kleingroeplesse / individuele skryfsessies van 15 minute elk, drie maal per week, wat by die gedeelde lees, besprekings en persoonlike ervarings aansluit. Gebruik die gedeelde skryfaktiwiteite om die gebruik van korrekte leestekens, spelling en taalstrukture (soos tye, meervoude, voorsetsels) te demonstreer.***

- Dra idees by en hersien 'n klas- / groepstorie (gedeelde skryf).
- Bespreek idees vir skryfwerk met klasmaats.
- Skryf ten minste drie sinne of eie nuus of skeppende storie en gebruik aangeleerde klankkennis, bekende sigwoorde, hoofletters en punte.
- Skryf en illustreer sinne oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te maak tot die leeshoekie.
- Spel bekende woorde korrek.
- Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek met hulp van die onderwyser.
- Vorm meervoude van bekende woorde met -**s** en **-e** aan die einde van die woord.
- Gebruik voorsetsels korrek.
- Skep ‘n woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik soos **g**il, **h**en, **i**nk.
- Organiseer inligting in eenvoudige grafiese vorme soos ‘n kaart of tydlyn om, byvoorbeeld, die resultate van ‘n opname oor hoeveel kinders skool toe kom, neer te skryf.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Handskrif***

- Hou potlood en kryt korrek vas.
- Vorm klein- en hoofletters korrek en vloeiend wat grootte en posisie betref, d.w.s. begin en eindig op die regte plekke.
- Skryf na en skryf ‘n sin korrek van die skryfbord / sinstrook neer.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Vorm klein- en hoofletters korrek en vloeiend wat grootte en posisie betref, d.w.s. begin en eindig op die regte plekke.
- Skryf na en skryf woorde met korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf sinne korrek van die skryfbord / sinstrook af.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Skryf***

- Dra idees by en hersien 'n klas- / groepstorie (gedeelde skryf).
- Bespreek idees vir skryfwerk met klasmaats.
- Skep ‘n woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik soos **g**il, **h**en, **i**nk.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf ten minste drie sinne of eie nuus of kreatiewe storie en gebruik aangeleerde klankkennis, bekende sigwoorde, hoofletters en punte.
- Spel bekende woorde korrek.
- Gebruik teenwoordige en verlede tyd skriftelik korrek.
- Vorm meervoude van bekende woorde met -**s, -e** aan die einde van die woord.
- Gebruik voorsetsels korrek.
- Organiseer inligting in eenvoudige grafiese vorme, soos ‘n kaart of tydlyn om, byvoorbeeld, die resultate van ‘n opname oor hoeveel kinders skool toe kom, neer te skryf.

## VOORGESTELDE TEKSTE / LEERMATERIAAL VIR DIE JAAR

**LUISTER EN PRAAT**

- Prente en plakkate
- Werklike voorwerpe wat van toepassing is op die temas, soos handpoppe, maskers, ens.
- Storiebordstukke, legkaarte, tangramme met bypassende legkaarte
- Prente vir volgorde
- Fantasieklere vir rolspel
- Musiekinstrumente (tamboeryn, slaginstrumente, ens.)
- CD's of bande met stories (wat gelees of vertel word), gedigte, rympies en liedjies, CD-speler / bandspeler, televisie en video's / DVD's
- Storieboeke en mondelinge stories
- Gedigte, liedjies en rympies

**LEES EN KLANKE**

- Prente en plakkate
- Muurklankkaarte
- Handelsmerke en ander voorbeelde van media uit die omgewing (inkopiesakke, handelsname op produkte, ens.)
- Gegradeerde leesreekse
- Grootboeke - mag dalk tydens gedeelde skryf gemaak word
- Kleuterrympies, gediggies en liedjies
- Ander vergrote teks soos gediggies, rympies en liedjies
- Storieboeke en prenteboeke vir die leeshoekie
- Kort pretboeke met 1 - 2 sinne op 'n bladsy vir die leeshoekie
- Flitskaarte vir klaskameritems, sigwoorde en uitstallings
- Naamkaarte van leerders
- Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories, uitstallings

**SKRYFWERK EN HANDSKRIF**

- Apparaat en materiaal vir hand-oog-koördinasie-aktiwiteite (soos balle in verskeie groottes, hoepels, boontjiesakke, skêre, speelklei, pennetjiesbord en pennetjies, krale en veters, rygkaarte en veters, skroewe en boute, wasgoedpennetjies, sandskinkbord)
- Skryfgereedskap soos potlode, kleurkryte, vetkryte, verf, verfkwaste, blanko papier in verskeie groottes (A3, A4, A5), liniaal, uitveër, blanko boeke, 17 mm gelinieerde boeke
- Skryf- en sinstroke wat die beginpunt en rigting aandui
- Groot papier en dik merkpenne
- Persoonlike woordeboeke

## 3.3 Graad 2

| GRAAD 2 HUISTAAL AFRIKAANS<br>VEREISTES PER KWARTAAL |
|---|

| KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |
| **INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**<br>**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**<br>• Luister sonder om die spreker te onderbreek en toon respek vir die spreker.<br>• Neem beurte om te praat.<br>• Praat oor persoonlike ervaringe, byvoorbeeld, vertel persoonlike nuus.<br>• Gebruik die korrekte woorde in konteks soos 'n uitnodiging.<br>• Stel oplossings voor vir 'n probleem, veral tydens Wiskunde.<br>***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***<br>*Week 1 - 5*<br>• Luister vir genot na 'n storie en beantwoord vrae wat daarmee verband hou.<br>• Herhaal 'n opeenvolging van gebeure in 'n storie korrek.<br>• Luister na instruksies wat ten minste twee dele bevat en reageer gepas.<br>*Week 6 - 10*<br>• Vertel 'n storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde.<br>• Neem deel aan bespreking, vra en beantwoord vrae en stel idees voor. | |
| **ASSESSERING**<br>**Voorstelle vir informele assessering**<br>***Luister en Praat* (mondeling en / of prakties)**<br>• Herhaal 'n opeenvolging van gebeure in die storie korrek.<br>• Neem aan besprekings deel, vra en beantwoord vrae en stel idees voor.<br>**Formele Assesseringsaktiwiteit 1**<br>***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**<br>• Praat oor persoonlike ervaringe, byvoorbeeld, vertel persoonlike nuus.<br>• Luister na instruksies wat ten minste twee dele bevat en reageer gepas.<br>• Luister vir genot na 'n storie en beantwoord vrae wat daarmee verband hou.<br>• Vertel 'n storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde. | |

| GRAAD 2: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Daaglikse klankaktiwiteite van 15 minute elk***

***Hersien die enkelklanke en dubbelklanke wat in Graad 1 onderrig word. Stel dubbelklanke bekend en doen woordbou- en ouditiewe klankherkenningsaktiwiteite. Gebruik geleenthede om hersiening te doen van klanke wat onderrig was tydens ander taalaktiwiteite, byvoorbeeld in gedeelde lees en gedeelde skryf.***

- Onderskei tussen **n** soos in ***'n*** *man* en **n** soos in *nag.*
- Hersien en identifiseer die letter-klank-verhoudings van alle enkelklanke.
- Hersien die dubbelklanke, soos **aa** - v**aa**r, **ee** - m**ee**r, **oo** - t**oo**n, **uu** - v**uu**r.
- Hersien en identifiseer vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, soos **ie** - v**ie**r, **oe** - b**oe**k, **ou** - k**ou**d, **ui** - t**ui**n, **eu** - s**eu**n, **ei** - kl**ei**n.
- Herken rymwoorde, soos *gee, nee, skree.*
- Skryf en klank woorde met aangeleerde klanke.
- Herken woordfamilies en rymwoorde.
- Spel bekende woorde korrek.
- Gebruik kennis van klanke om onbekende woorde te spel.
- Bou woorde en sinne met kennis van klank.
- Gebruik klanke uit klanklesse om woorde in sinne en ander tekste te lees.
- Leer om 10 woorde per week uit klanklesse te spel.

***Daaglikse leesaktiwiteite***

***Groepbegleide lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week***

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klaslesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week wat die onderwyser saam met die hele klas demonstreer.***

***Elke sessie het 'n leerfokuspunt uit die volgende: gedrukte tekskonsep, tekskenmerke, klanke, taalpatrone, woordidentifiseringstrategieë en begrip op 'n verskeidenheid vlakke soos***

***letterlike, herorganiserings-, afleidings-, evaluerings- en waarderingsvrae. Demonstreer die gebruik van fonetiese dekoderingsvaardighede en ander strategieë soos kontekstuele leidrade en strukturele analise tydens lees. Demonstreer ook die vyf-vinger-strategie waar elke vinger 'n strategie voorstel wat die leser kan gebruik om sistematies onbekende woorde en die woordbetekenis te ontsyfer.***

- Lees eenvoudige instruksies in die klaskamer.
- Interpreteer prente of ander visuele media, soos 'n foto of 'n advertensie om eie stories op te maak, "lees" die foto of advertensie.
- Lees boeke in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagtes.
- Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor 'n storie handel: 'n boekomslag, illustrasies in die boek.
- Gee 'n persoonlike opinie oor die teks wat gelees is.
- Identifiseer kernbesonderhede en die volgorde van gebeure in die teks wat gelees is.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae voor, gedurende en nadat die teks in gedeelde lees gelees is: "Wat sal gebeur as …"

***Groepbegeleide lees***

***Die onderwyser werk met twee leesgroepe per dag en spandeer 15 minute aan elke groep. Elke groep lees twee maal per week saam met die onderwyser.***

***Die onderwyser werk met groepe leerders wat op dieselfde leesvlak is deur die teks by die leerder se leesvlak aan te pas (woordherkenning is tussen 90% en 95% akkuraat). Gegradeerde leesreekse sal gewoonlik gebruik word.***

- Lees stil en hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep se leesvlak is.
- Gebruik prente in die teks om te verstaan.
- Gebruik sigwoorde, klanke, kontekstuele en strukturele analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.
- Toon begrip van leestekens soos punt, komma, vraagteken en uitroepteken tydens hardoplees.
- Bou 'n sigwoordeskat op uit die insidentele lees, die gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste.

***Lees in pare / Selfstandige lees (drie keer per week)***

***Bekendstelling van paar / selfstandige lees. Selekteer bekende tekste of tekste wat op die leerder se selfstandige leesvlak is (eenvoudiger as die tekste wat tydens gedeelde lees gebruik word en met meer as 95% akkuraatheid t.o.v. woordherkenning).***

- Lees selfstandig: prenteboeke, gediggies, storieboeke uit die biblioteek of uit die klas se leeshoekie.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Hersien woordfamilies met kort vokaalklanke.
- Herken rymwoorde: *gee, nee, skree.*
- Bou 3- en 4-letterwoorde en gebruik enkelletters en dubbelletters / dubbelklanke wat reeds onderrig is.
- Gebruik klanke uit klanklesse om woorde in sinne en ander tekste te lees.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Identifiseer letter-klank-verhoudings van alle enkelklanke.
- Herken rymwoorde soos *gee, nee, skree.*
- Bou woorde en sinne met klankkennis.
- Doen woordbou-aktiwiteite en verdeel woorde in klank- of lettergrepe.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Lees eenvoudige instruksies in die klaskamer.
- Interpreteer prente of ander visuele media, soos foto's of advertensies om eie stories op te maak, d.w.s. "lees" die foto / advertensie.
- Lees boeke in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagtes.
- Voorspel na aanleiding van die boekomslag waaroor die storie handel en gee 'n persoonlike mening daaroor.
- Identifiseer kernbesonderhede en die volgorde van gebeure in teks wat gelees is.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae voor, gedurende en nadat die teks tydens gedeelde lees gelees is: "*Wat sal gebeur as ...?"*

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie wat op die groep leerders se leesvlak is.
- Gebruik prente in die teks om te verstaan wat hy of sy lees,
- Gebruik sigwoorde, klanke, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.
- Toon begrip van leestekens soos punt, komma, vraagteken en uitroepteken wanneer hy of sy hardoplees.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties)**

***Gedeelde lees***

- Interpreteer prente of ander gedrukte media soos foto's of advertensie om eie storie op te maak. "Lees" die foto of advertensie.
- Lees boeke in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagtes.
- Voorspel na aanleiding van die boekomslag waaroor die storie handel en gee 'n persoonlike mening daaroor.
- Identifiseer kernbesonderhede en die volgorde van gebeure in teks wat gelees is.

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep leerders se leesvlak is.
- Gebruik sigwoorde, klanke, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.

| GRAAD 2: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Handskrif***

***Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week***

***Hersien die vorming van kleinletters en hoofletters. Demonstreer die korrekte spasiëring van letters in 'n woord en van woorde in 'n sin. Leerders skryf woorde en sinne van die skryfbord en sinskaarte af.***

- Oefen korrekte potloodgreep en plasing van boek / bladsy.
- Skryf al 26 klein- en hoofletters korrek met betrekking tot vorming, spasiëring en rigting binne die lyne.
- Skryf letters en woorde met die korrekte spasiëring.
- Skryf na en skryf twee of meer sinne wat deur die onderwyser gedemonstreer is.
- Skryf en gebruik leestekens soos 'n punt, vraagteken, komma, uitroepteken.

***Gedeelde, Groep- en Selfstandige skryf***

***Twee tot drie klas- / kleingroepslesse van 20 minute elk wat by gedeelde lees aansluit en daarop voortbou. Demonstreer die korrekte gebruik van leestekens en spelling tydens gedeelde skryf. Gee voorbeelde van die begin van sinne aan leerders wat nog nie hul eie sinne kan skryf nie. Stel die gebruik van 'n persoonlike woordeboek bekend.***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra, soos persoonlike ervarings.
- Gee idees en woorde vir 'n klasstorie (gedeelde skryf).
- Skryf 'n lys en gebruik 'n komma om items te skei soos take van die dag.
- Skryf minstens drie sinne oor eie nuus of 'n skeppende storie en gebruik die aangeleerde klanke, bekende sigwoorde, hoofletters en punte.
- Skryf en illustreer 2 tot 4 sinne oor 'n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die leeshoekie.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek volgens die beginletters van woorde om woordeboekvaardighede te ontwikkel.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Handskrif***

- Korrekte potloodgreep en plasing van boek / bladsy.
- Skryf al 26 klein- en hoofletters korrek met betrekking tot vorming, spasiëring en rigting (in lyne).
- Skryf en gebruik leestekens soos 'n punt, vraagteken, komma, uitroepteken.
- Skryf letters en woorde met die korrekte spasiëring.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Skryf al 26 klein- en hoofletters korrek met betrekking tot vorming, spasiëring en rigting.
- Skryf na en skryf twee of meer sinne netjies en leesbaar neer.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Skryf***

- Skryf 'n lys en gebruik 'n komma om die items te skei, soos take van die dag.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek volgens die beginletters van woorde om sodoende woordeboekvaardighede te ontwikkel.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Teken prente om 'n boodskap oor te dra oor persoonlike ervaring.
- Skryf minstens drie sinne oor eie nuus of skeppende storie en gebruik die aangeleerde klanke, bekende sigwoorde, hoofletters en punte.
- Gee idees en woorde vir 'n klasstorie (gedeelde skryf).

| GRAAD 2: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Luister en toon respek vir die spreker sonder om hom / haar te onderbreek.
- Neem beurte om te praat, toon sensitiwiteit aan ander en gee positiewe terugvoering.
- Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus sonder herhaling.
- Verstaan en gebruik die gepaste woordeskat van die onderskeie vakke, soos wiskundige taal.
- Stel oplossings voor vir 'n probleem, veral tydens Wiskunde.

***Twee weeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 5*

- Luister met genot vir 'n langer tydperk na 'n storie.
- Druk gevoelens uit oor 'n storie of gedig.
- Identifiseer ooreenkomste en verskille.
- Vergelyk en klassifiseer dinge en verduidelik die klassifikasie, soos voertuie met 4 wiele en voertuie met 2 wiele.

*Week 6 - 10*

- Luister na 'n stel ingewikkelder instruksies en reageer gepas.
- Beplan, skryf en bied eie storie van minstens twee paragrawe aan en gebruik woorde soos *eendag* en *uiteindelik.*
- Gebruik leestekens korrek (hoofletters, kommas, vraagtekens en uitroeptekens) sodat ander kan lees wat geskryf is.
- Klank / spel bekende woorde korrek, en probeer om onbekende woorde met behulp van klankkennis te spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf minstens twee paragrawe (minstens tien sinne) oor persoonlike ervaringe of gebeure, byvoorbeeld familiefeesviering.
- Organiseer inligting in 'n diagram of tabel.
- Gebruik informele strukture vir skryf soos skryf resepte.
- Plaas gebeure in teks in volgorde met behulp van woorde, soos *eers, toe*, *daarna* en *uiteindelik.*
- Spel bekende woorde korrek en probeer om onbekende woorde met behulp van klankkennis te spel.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.

## VOORGESTELDE TEKSTE / HULPMIDDELS VIR DIE JAAR

**LUISTER EN PRAAT**

- Prente en plakkate
- Werklike voorwerpe wat van toepassing is op die temas soos handpoppe, maskers, ens.
- Storiebordstukke en legkaarte
- Prente vir volgorde
- Fantasieklere vir rolspel en ander mondelinge aktiwiteite
- Musiekinstrumente (tamboeryne, slaginstrumente, ens.)
- CD's of bande met stories (wat gelees of vertel word), gedigte, rympies en liedjies, CD-speler / bandspeler, televisie en video's / DVD's
- Storieboeke en mondelinge stories

**LEES EN KLANKE**

- Prente en plakkate
- Muurklankkaarte
- Gegradeerde leesreekse
- Grootboeke - mag dalk tydens gedeelde skryf gemaak word
- Vergrote tekste - soos gediggies / rympies / liedjies
- Storieboeke, niefiksie en prenteboeke vir die leeshoekie
- Stories wat tydens gedeelde skryf ontwikkel is
- Kleuterrympies, gedigte en liedjies
- Kort pretboeke met 1 - 2 sinne op 'n bladsy vir die leeshoekie
- Flitskaarte vir klaskameritems, uitstallings en sigwoorde
- Naamkaarte van leerders
- Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories, uitstallings
- Prent- en woordraaisels en speletjies
- Koerante en tydskrifte

**SKRYFWERK EN HANDSKRIF**

- Skryfgereedskap soos potlode, kleurkryte, vetkryte, verf, verfkwaste, blanko papier in verskeie groottes (A3, A4, A5), liniaal, uitveër, 17 mm / 8.5 mm boeke, blanko boeke
- Skryf- en sinstroke of skrifkaarte vir drukskrif enlopende skrif / skrif met verbindings
- Groot papier en dik merkpenne
- Persoonlike woordeboeke
- Eenvoudige kinderwoordeboeke

## 3.4 Graad 3

| GRAAD 3 HUISTAAL AFRIKAANS<br>VEREISTES PER KWARTAAL |
|---|

| KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daagliks / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus en gee uitdrukking aan gevoelens en lug eie mening.
- Luister sonder om die spreker te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Gebruik gepaste taal tydens gesprekke met vriende en volwassenes, en herken die manier waarop klasmaats sleng / informele taal gebruik. Byvoorbeeld, vertel ouers hoe die bal die venster gebreek het.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 5*

- Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 4) en reageer gepas.
- Luister na stories, identifiseer die hoofgedagte en besonderhede en beantwoord hoër-orde-denkvrae. Byvoorbeeld: “Dink jy hierdie is die beste titel vir die storie? Hoekom?”
- Stel vrae om duidelikheid te verkry en lewer kommentaar op dit wat gehoor is. Byvoorbeeld: “Het dit regtig gebeur? Wat het jy toe gedoen?”
- Druk gevoelens uit oor ‘n teks en verskaf redes. Byvoorbeeld: “Ek dink die skrywer kon die storie ‘n gelukkiger einde gegee het. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap.”

*Week 6 - 10*

- Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens.
- Beantwoord vrae en verskaf redes vir die antwoord. Byvoorbeeld: “Ja. Ek dink die titel vertel die leser waaroor die storie gaan.”

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Luister sonder om die spreker te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat.
- Druk gevoelens uit oor 'n teks en verskaf rede. Byvoorbeeld: “Ek dink die skrywer kon die storie 'n gelukkiger einde gegee het. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap.”
- Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Luister en praat* (mondeling en / of prakties)**

- Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus en gee uitdrukking aan gevoelens en lug eie mening.
- Luister na ‘n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 4) en reageer gepas.
- Luister na stories, identifiseer die hoofgedagte en besonderhede en beantwoord hoër-orde-denkvrae. Byvoorbeeld: “Dink jy dit is die beste titel vir die storie? Hoekom?”

| GRAAD 3: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klankaktiwiteite van 15 minute elk, drie maal per week***

***Hersien die enkelklanke, dubbelklanke en tweeletterkombinasies en die klanke wat in Graad 2 onderrig is. Stel nuwe klanke bekend en doen woordbou- en ouditiewe klankherkenningsaktiwiteite. Gebruik geleenthede om die aangeleerde klankkennis in te skerp tydens ander taalaktiwiteite, byvoorbeeld, in gedeelde lees en skryf. Die klankkennis word gebruik om die spelprogram van die jaar te versterk.***

- Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke.
- Hersien dubbelklanke: **aa, ee, oo, uu**.
- Hersien klanke wat uit twee vokale bestaan: **ie, oe ou, ui, eu, ei**.
- Hersien tweeklanke wat uit drie letters bestaan: **ooi, aai, oei, eeu**.
- Herken en gebruik beginklanke van woorde: **spr**- in **spr**oet, **skr**- in **skr**oef, **str**- in **str**aat.
- Gebruik die -**t** en -**d** slotklank korrek soos broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**.
- Verdeel woorde in lettergrepe, soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Skryf die dae van die week en maande van die jaar korrek.
- Herken en gebruik rymwoorde soos *blaas, raas en haas.*
- Vorm woorde met aangeleerde klankkennis.
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik.
- Sorteer letters en woorde in alfabetiese volgorde.
- Leer tien woorde 'n week uit die klanklesse en sigwoorde.
- Skryf drie kort sinne wat deur die onderwyser gedikteer word.

**Daaglikse leesaktiwiteite**

***Groepbegeleide lees*** **(twee groepe) per dag en 2 - 3 gedeelde leessessies per week**

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klassikale lesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Die onderwyser demonstreer die proses met die hele klas.***

***Elke sessie het 'n leerfokuspunt uit die volgende: gedrukte tekskonsep, tekskenmerke, klanke, taalpatrone, woordidentifiseringstrategieë en begrip op ‘n verskeidenheid vlakke soos letterlike, herorganiserings-, afleidings-, evaluerings- en waarderingsvrae.***

***Demonstreer ook die vyf-vinger-strategie waar elke vinger ‘n strategie voorstel wat die leser kan gebruik om sistematies onbekende woorde en die woordbetekenis te ontsyfer. Leerders kontroleer hulself en vra of die woord wat hulle “gevind” het, reg klink, reg lyk en sin maak. Moedig leerders aan om met hierdie proses te eksperimenteer wanneer hulle onbekende woorde teëkom.***

- Gebruik visuele leidrade om oor ‘n grafiese teks te praat. Byvoorbeeld, kyk na ‘n foto en bespreek waaroor dit gaan, waar dit afgeneem is, ens.
- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en hoofkarakters.
- Lees instruksies in die klaskamer.
- Lees verskillende gedigte oor ‘n onderwerp en bespreek dit (beide formaat en betekenis).
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae, wat op die teks gegrond is, voor, gedurende en nadat die teks gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy gaan volgende gebeur? Hoekom sê jy so?”
- Herken die gebruik van aanhalingstekens in skriftelike stories.

***Groepbegeleide lees***

***Groeplees saam met die onderwyser - twee maal per week vir elke groep - 15 minute per groep. Die onderwyser werk met groepe leerders wat op dieselfde leesvlak is deur die teks by die leerder se leesvlak aan te pas (woordherkenning is tussen 90% en 95% akkuraat). Klasleesboeke / Gegradeerde leesreekse sal gewoonlik gebruik word.***

- Lees stil en hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep se leesvlak is.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens beide stillees en hardoplees.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe tydens lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Monitor tydens lees eie woordherkennings- en begripsvaardighede.
- Toon begrip vir leestekens soos punte, vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens tydens hardoplees.

***Lees in pare / Selfstandige lees*** **(drie maal per week)**

***Toepassing van Selfstandige lees / Lees in pare. Selekteer bekende tekste of tekste wat op die leerder se selfstandige leesvlak is (eenvoudiger as die teks wat tydens gedeelde lees gebruik word en met meer as 95% woordherkenningsakkuraatheid wanneer die teks gelees word).***

- Lees tekste op hul eie: prenteboeke en eenvoudige storieboeke.
- Speel leesspeletjies en voltooi blokkiesraaisels om lees- en woordeskatvaardighede in te skerp (bv. “Snap”, geheuespeletjies).

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Klanke*** **(mondeling en / of prakties)**

- Vorm woorde met die aangeleerde klankkennis.
- Spel woorde korrek deur fonemiese kennis te gebruik.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke*** **(mondeling en / of prakties en / of skriftelike)**

- Gebruik die -**t** en -**d** slotklank korrek soos broo**d**, gel**d**, rui**t**, maa**t**.
- Verdeel woorde in lettergrepe soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Skryf die dae van die week en maande van die jaar korrek.
- Sorteer letters en woorde in alfabetiese volgorde.
- Skryf die dae van die week en maande van die jaar korrek.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Lees*** **(mondeling en / of prakties en / of skriftelike)**

***Gedeelde lees***

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees instruksies in die klaskamer.

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep leerders se leesvlak is.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens hadoplees.
- Toon begrip vir leestekens soos punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens tydens hardoplees.
- Korrigeer hulself tydens lees wat betref beide woordherkennings- en begripsvaardighede.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelike)**

***Gedeelde lees***

- Gebruik visuele leidrade om oor 'n grafiese teks te praat. Byvoorbeeld, kyk na 'n foto en bespreek waaroor dit gaan, waar dit afgeneem is, ens.
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en hoofkarakters.
- Beantwoord hoër-orde-denkvrae, wat op die teks gegrond is, voor, gedurende en nadat die teks gelees is. Byvoorbeeld: “Wat dink jy gaan volgende gebeur? Hoekom sê jy so?”

***Groepbegeleide lees***

- Lees hardop in leesgroepe saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep werk met dieselfde teks / storie wat op die groep se leesvlak is.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens lees.

| GRAAD 3: KWARTAAL 1 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Handskrif**

***Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week***

***Leerders mag steeds drukskrif in skriftelike werk gebruik tot aan die einde van die tweede kwartaal. Handskriflesse fokus egter op die vorming en inoefening van letters en woorde in lopende skrif. Die lopende skrif / skrif met verbindings word deur die skool / provinsie se handskrifbeleid bepaal.***

- Vorm alle kleinletters en hoofletters en skryf woorde in die geselekteerde lopende skrif / skrif met verbindings.
- Hanteer skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër, liniaal.
- Skryf eenvoudige woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Spasieer woorde korrek in lyne.
- Skryf 'n sin leesbaar en korrek in beide drukskrif en lopende skrif / skrif met verbindings.

***Gedeelde, Groep en Selfstandige skryf***

***Klassikale / kleingroeplesse twee tot drie maal per week van 20 minute elk. Demonstreer die korrekte gebruik van leestekens, spelling en taalstrukture (skryf in verskillende tydsvorme, meervoude). Voorsien skryframe aan leerders om 'n storie of beskrywing te skryf en verskaf leiding t.o.v. die skryfproses. Leerders maak gebruik van hulle persoonlike woordeboeke.***

- Teken prente en skryf sinne om begrip van 'n storie te toon.
- Skryf instruksies, byvoorbeeld, aan 'n vriend.
- Gee idees, woorde en sinne vir ‘n klasstorie (gedeelde skryf).
- Gebruik prente om ‘n onderwerp vir skriftelike werk te kies.
- Beplan die skryfproses saam met ‘n maat.
- Stel vrae om die skryftaak te definieer.
- Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus, kreatiewe storie, beskrywing van ‘n gebeurlikheid / eksperiment.
- Skryf en illustreer ses tot agt sinne oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te maak tot die klasbiblioteek.
- Skryf woorde om ‘n sin te vorm en gebruik hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Gebruik die teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die eerste letter van die woord te gebruik soos **a**ppel, **b**oek, **d**am, ens.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringaktiwiteite**

***Handskrif***

- Hanteer skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër, liniaal.
- Spasieer woorde korrek in lyne.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Vorm alle kleinletters en hoofletters en skryf woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Skryf eenvoudige woorde in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Skryf 'n sin leesbaar en korrek in drukskrif enlopende skrif / skrif met verbindings.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Skryf***

- Teken prente en skryf sinne om begrip van 'n storie te toon.
- Skryf instruksies, byvoorbeeld, aan 'n vriend.
- Gee idees, woorde en sinne vir ‘n klasstorie (gedeelde skryf).
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die eerste letter van die woord te gebruik soos **a**ppel, **b**oek, **d**am, ens.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus, kreatiewe storie, beskrywing van 'n gebeurlikheid / eksperiment.
- Skryf woorde om ‘n sin te vorm en gebruik hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Gebruik teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek.

| GRAAD 3: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke***

- Luister na en reageer op aankondigings oor die interkom of radio.
- Praat oor persoonlike ervaringe soos om nuus te vertel, uitdrukking aan gevoelens te gee en eie mening te lug.
- Luister na stories, gedigte en liedjies en lug 'n mening daaroor met redes.
- Voorspel die verloop van die storie met ondersteuning. Byvoorbeeld: "Kyk na die titel en die boekomslag. Wat dink jy gaan gebeur?"
- Herken en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in stories, liedjies en gedigte en gebruik voegwoorde soos "want". Byvoorbeeld: "Die muis hardloop weg want ..."
- Gebruik taal om ondersoek in te stel en alternatiewe voor te stel. Byvoorbeeld: "Ek dink dit kan …" , "As … dan …"
- Stel vrae om duidelikheid oor 'n aktiwiteit te kry, beplanning te doen en inligting te verkry.
- Analiseer, vergelyk en kontrasteer inligting soos die eetgewoontes van 'n kind en 'n apie.
- Verstaan en gebruik toepaslike taal van verskillende vakke, soos Lewensvaardighede.
- Stel oplossings voor vir 'n probleem, veral woordprobleme tydens Wiskunde.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 – 3*

- Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 5) en reageer gepas.
- Doen 'n mondelinge aanbieding, byvoorbeeld, "wys en vertel" – beskryf en vergelyk 'n voorwerp.

*Week 4 – 6*

- Luister aandagtig na stories oor die radio, of wat deur die onderwyser voorgelees word.
- Vertel 'n kort storie met 'n eenvoudige storielyn en verskillende karakters.

*Week 7 – 10*

- Neem deel aan groeps- en klasbesprekings, stel onderwerpe en idees voor vir besprekings.
- Praat oor bekende nuus / nuusgebeure, lug 'n mening en druk gevoelens uit.
- Verstaan, reageer op en stel eie raaisels en grappe op.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Luister en Praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na en reageer op aankondigings oor die interkom of radio.
- Praat oor bekende nuus / nuusgebeure, lug 'n mening en druk gevoelens uit.
- Verstaan, reageer op en stel eie raaisels en grappe op.
- Gebruik taal om ondersoek in te stel en alternatiewe voor te stel. Byvoorbeeld: “Ek dink dit kan …”, “As … dan …”
- Stel vrae om duidelikheid oor 'n aktiwiteit te kry, beplanning te doen en inligting te kry.
- Analiseer, vergelyk en kontrasteer inligting soos die eetgewoontes van 'n kind en 'n apie.
- Verstaan en gebruik toepaslike taal van verskillende vakke, soos Lewensvaardighede.
- Stel oplossings voor vir 'n probleem, veral woordprobleme tydens Wiskunde.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

**Luister en Praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 5) en reageer gepas.
- Doen 'n mondelinge aanbieding. Byvoorbeeld, “wys en vertel” – beskryf en vergelyk 'n voorwerp.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

**Luister en Praat (mondeling en / of prakties)**

- Luister aandagtig na stories oor die radio, of wat deur die onderwyser voorgelees word.
- Vertel 'n kort storie met 'n eenvoudige storielyn en verskillende karakters.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

**Luister en Praat (mondeling en / of prakties)**

- Neem deel aan groeps- en klasbesprekings, stel onderwerpe en idees voor vir besprekings.
- Praat oor bekende nuus / nuusgebeure, lug 'n mening en druk gevoelens uit.
- Voorspel die verloop van die storie met ondersteuning. Byvoorbeeld: “Kyk na die titel en die boekomslag. Wat dink jy gaan gebeur?”
- Herken en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in stories, liedjies en gedigte en gebruik voegwoorde soos “want”. Byvoorbeeld: “Die muis hardloop weg want ...”

| GRAAD 3: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klankaktiwiteite van 15 minute elk, drie maal per week***

***Stel nuwe klanke en spelreëls aan die leerders bekend. Lei leerders om die aangeleerde klankkennis te gebruik om onbekende woorde te spel. Maak seker dat leerders die woorde verstaan en in sinvolle sinne kan gebruik. Die klankkennis word gebruik om die spelprogram van die jaar te versterk.***

- Hersien klanke wat reeds onderrig is.
- Herken woorde wat op -**er** eindig soos agt**er**; **-el** soos ket**el** aan die einde van 'n woord.
- Herken woorde wat op -l**m** eindig soos wa**rm**, ske**lm.**
- Herken woorde wat op -**ng**, en -**nk** eindig soos si**ng**, dri**nk**.
- Herken woorde wat op -like en -ige eindig soos heer**like**, bes**ige**.
- Verdeel woorde in lettergrepe, soos blaar - *bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Doen woordbou-aktiwiteite deur die klanke te gebruik wat onderrig is.
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike werk.

**Daaglikse leesaktiwiteite**

***Groepbegeleide lees* (twee groepe) per dag en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.**

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klassikale lesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week wat die onderwyser met die hele klas demonstreer. Sluit grafiese en niefiksie tekste hierdie kwartaal in.***

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Gebruik visuele leidrade om oor die doel van advertensies te praat en om die gehoor / teikengroep vir wie dit bedoel is, te bepaal.
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die volgorde van gebeure, agtergrond en die verwantskap tussen oorsaak en gevolg.
- Gebruik inligting van grafiese tekste. Byvoorbeeld, loop om die skool deur die aanwysings op 'n kaart te volg.
- Vind en gebruik inligtingsbronne soos gemeenskapslede, biblioteekboeke.
- Gebruik die inhoudsopgawe, indeks en bladsynommers om inligting te vind.
- Gebruik sleutelwoorde en opskrifte om inligting uit niefiksie tekste te kry.
- Beantwoord ‘n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: “Hoe sou jy die leeu se gedrag beskryf?”

***Groepbegeleide lees***

***Die onderwyser werk daagliks met twee groepe, spandeer 15 minute met elke groep. Onderrig leerders om hulleself te korrigeer tydens lees in beide woordherkennings- en begripsvaardighede. (Leerders word geleer om te vra: “Klink dit reg?”, “Lyk dit reg?” en “Maak dit sin?”) Demonstreer die proses tydens gedeelde lees en pas dit toe tydens begeleide lees met ondersteuning.***

- Lees stil en hardop uit ‘n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens die lees van onbekende woorde.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Leerders monitor hulself tydens lees in terme van woordherkenning en begripsvaardighede.
- Gebruik diagramme en prente uit die teks om begrip te bevorder.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

***Daaglikse leesaktiwiteite vir 20 minute terwyl sommige groepe begeleide lees saam met die onderwyser doen.***

- Lees hardop voor vir 'n maat.
- Lees eie en ander se skriftelike werk.
- Lees self boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, eenvoudige prenteboeke en ander boeke in die leeshoekie. Lees enige ander teks soos leesboeke wat die vorige jaar of aan die begin van die jaar gelees is en wat volgens leerders se leesvlak is.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Doen woordbou-aktiwiteite deur die klanke te gebruik wat onderrig is.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Gebruik aangeleerde spelreëls om woorde korrek te spel.
- Gebruik klankkennis om woorde te bou.
- Herken en gebruik woorde wat op -**er** eindig soos agt**er**; -**el** soos ket**el** aan die einde van 'n woord.
- Herken en gebruik woorde wat op -**lm** eindig soos wa**rm**, ske**lm**.
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike werk.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Gebruik aangeleerde spelreëls om woorde korrek te spel.
- Gebruik klankkennis om woorde te bou.
- Herken en gebruik woorde wat op -**ng** en -**nk** eindig soos si**ng**, dri**nk**.
- Herken en gebruik woorde wat op -**like** en -**ige** eindig soos heer**like**, bes**ige**.
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike werk.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Gebruik aangeleerde spelreëls om woorde korrek te spel.
- Gebruik klankkennis om woorde te bou.
- Verdeel woorde in lettergrepe soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike werk.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: “Hoe sou jy die leeu se gedrag beskryf?”

***Groepbegeleide lees***

- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Leerders monitor hulself tydens lees in terme van woordherkenning en begripsvaardighede.

***Lees in pare / Selfstandige Lees***

- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en ander se skriftelike werk.
- Lees self boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, of eenvoudige prenteboeke en ander boeke in die leeshoekie. Lees enige ander teks soos leesboeke wat die vorige jaar of aan die begin van die jaar gelees is en wat volgens leerders se leesvlak is.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Gebruik visuele leidrade om oor die doel van advertensies te praat en om die gehoor / teikengroep vir wie dit bedoel is, te bepaal.

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens die lees van onbekende woorde.
- Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser en beskryf die volgorde van gebeure, agtergrond en die verwantskap tussen oorsaak en gevolg.
- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: “Hoe sou jy die leeu se gedrag beskryf?”

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees boeke self wat tydens gedeelde lees gelees is, of eenvoudige prenteboeke en ander boeke in die leeshoekie. Lees enige ander teks, soos leesboeke wat die vorige jaar of aan die begin van die jaar gelees is en volgens leerders se leesvlak.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Gebruik inligting uit grafiese tekste. Byvoorbeeld, loop om die skool deur die aanwysings op 'n kaart te volg.
- Vind en gebruik inligtingsbronne, soos gemeenskapslede, biblioteekboeke.
- Gebruik die inhoudsopgawe, indeks en bladsynommers om inligting te vind.
- Gebruik sleutelwoorde en opskrifte om inligting uit niefiksie tekste te kry.

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens die lees van onbekende woorde.
- Gebruik diagramme en prente uit die teks om begrip te bevorder.

| GRAAD 3: KWARTAAL 2 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Handskrif**

***Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week***

***Leerders maak nou die oorgang vanaf drukskrif na lopende skrif / skrif met verbindings teen die einde van die kwartaal. Handskriflesse fokus op die inoefening van kleinletters en hoofletters en die verbindings wat vir die nuwe skrif benodig word. Leerders moet daartoe in staat wees om 'n transkripsie vanaf drukskrif (bv. in 'n boek) na die lopende skrif / skrif met verbindings te doen.***

- Hanteer skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër, liniaal.
- Transkribeer woorde en sinne korrek in die lopende skrif / skrif met verbindings.
- Vorm kleinletters en hoofletters korrek en sonder huiwering in lopende skrif **/** skrif met verbindings.
- Vorm letters in alle skriftelike werk korrek.
- Skryf woorde korrek na vanaf 'n verskeidenheid bronne, dit wil sê, skryfbord, werkkaarte, handskrifkaarte, ens., met toenemende spoed in lopende skrif **/** skrif met verbindings.
- Gebruik lopende skrif **/** skrif met verbindings in alle skriftelike werk, dit wil sê, datum, eie naam en eie skriftelike werk.

***Gedeelde , Groep en Selfstandige skryf***

***Klassikale / kleingroeplesse 20 minute elk, twee tot drie maal per week. Gebruik die gedeelde skryfaktiwiteite om korrekte leestekens, taal en spelling te demonstreer. Voorsien skryframe aan leerders om hul eie stories te skryf.***

- Neem deel aan 'n bespreking om ’n onderwerp te kies om oor te skryf.
- Skryf ten minste twee paragrawe (tien of meer sinne) oor persoonlike ervarings, soos daaglikse nuus of skoolgebeure.
- Hou ‘n dagboek van een week waarin die weer en ander inligting vervat is.
- Skryf ‘n eenvoudige boekresensie.
- Skryf en illustreer sinne oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te maak tot die leeshoekie.
- Gebruik korrekte taal sodat ander die skriftelike werk kan lees en verstaan.
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde en bywoorde korrek.
- Gebruik klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek, byvoorbeeld: Hy lees sy boek. Hulle het gister gesing.
- Lees en redigeer eie skryfstukke deur spelling, leestekens, ens., te korrigeer.
- Lees eie en ander se skryfstukke voor aan ‘n maat of groep.
- Skep eie woordbank en persoonlike woordeboek deur die eerste letter van die woord te gebruik soos **e**end, **f**les, **g**root, ens.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Handskrif***

- Hanteer skryfgereedskap doeltreffend: potlood, uitveër, liniaal.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Vorm kleinletters en hoofletters korrek en sonder huiwering in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Transkribeer woorde en sinne korrek in die lopende skrif / skrif met verbindings.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Handskrif***

- Vorm kleinletters en hoofletters korrek en sonder huiwering in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Gebruik lopende skrif / skrif met verbindings in alle skriftelike werk, dit wil sê, datum, eie naam en eie skriftelike werk.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Handskrif***

- Skryf woorde korrek na van 'n verskeidenheid bronne, dit wil sê, skryfbord, werkkaarte, handskrifkaarte, ens., met toenemende spoed in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Korrekte vorming van letters in alle skriftelike werk.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Skryf***

- Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek, byvoorbeeld: Hy lees sy boek. Hulle het gister gesing.
- Lees eie en ander se skryfstukke voor aan ‘n maat of groep.
- Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek op deur die eerste letter van die woord te gebruik soos **e**end, **f**les, **g**root, ens.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf 'n eenvoudige boekresensie.
- Skryf ten minste twee paragrawe (tien of meer sinne) oor persoonlike ervarings soos daaglikse nuus of skoolgebeure.
- Gebruik korrekte taal sodat ander die skriftelike werk kan lees en verstaan.
- Gebruik klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Skryf***

- Hou 'n dagboek van een week waarin die weer en ander inligting vervat is.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde en bywoorde.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Skryf***

- Neem deel aan 'n bespreking om 'n onderwerp te kies om oor te skryf.
- Skryf eie of bekende storie of ander kreatiewe teks van ten minste tien sinne.
- 
- Lees en redigeer eie skryfstukke deur spelling, leestekens, ens., te korrigeer.

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Doen 'n mondelinge aanbieding: vertel nuus of praat oor 'n ervaring in logiese volgorde.
- Gebruik toenemend interessante woorde en beskrywings in mondelinge taal.
- Stel oplossings vir probleme voor, veral woordprobleme in Wiskunde.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 3*

- Voer onderhoude met mense volgens 'n bepaalde doel, soos om meer uit te vind oor die persoon se werk.
- Luister na ‘n storie en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in die storie.

*Week 4 - 6*

- Neem deel aan besprekings en gee sinvolle terugvoering.
- Gee die logiese volgorde van gebeure.

*Week 7 - 10*

- Luister vir besonderhede in stories en ander mondelinge tekste en beantwoord oopeindevrae. Byvoorbeeld: “Wat gaan jy doen as jy groot is?”
- Vertel ‘n storie met ‘n begin, middel en einde.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Gebruik interessante woorde en beskrywings in mondelinge taal.
- Stel oplossings vir probleme voor, veral woordprobleme in Wiskunde.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Voer onderhoude met mense volgens 'n bepaalde doel soos om meer uit te vind oor die persoon se werk.
- Luister na ‘n storie en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in die storie.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Neem deel aan besprekings en gee sinvolle terugvoering.
- Kan die logiese volgorde van gebeure weergee.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Luister vir besonderhede in stories en ander mondelinge tekste, en beantwoord oopeindevrae. Byvoorbeeld: “Wat gaan jy doen as jy groot is?”
- Vertel ‘n storie met ‘n begin, middel en einde.
- Doen ‘n mondelinge aanbieding: vertel nuus of praat oor ‘n ervaring in logiese volgorde.

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klankaktiwiteite van 15 minute elk, drie maal per week***

***Stel nuwe klanke en spelreëls aan die leerders bekend. Gaan voort met woordbou-aktiwiteite.***

- Herken alle klankkombinasies wat alreeds aangeleer is.
- Herken en gebruik meervoude by woorde wat uit lang vokale bestaan soos *boom - bome.*
- Herken en gebruik meervoude van eenlettergrepige woorde wat verdubbeling van die slotmedeklinker neem soos *potte, koppe, visse.*
- Herken en gebruik verkleinwoorde van eenlettergrepige woorde wat op -**ng** eindig en -**etji**e as verkleiningsvorm kry soos ding**etjie**.
- Herken en gebruik verkleinwoorde van meerlettergrepige woorde wat op -**ng** eindig soos garin**kie**.
- Herken en gebruik verkleiningsvorme met -ie, -tjie, -pie, -jie soos muis**ie**, deur**tjie**, soom**pie**, mat**jie**.
- Herken verkleinwoorde waarin die slotkonsonant verdubbel soos bu**ss**ie, ka**ss**ie, ta**kk**ie.
- Verdeel woorde in lettergrepe soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*
- Doen woordbou-aktiwiteite deur die klanke te gebruik wat onderrig is.
- Gebruik klanke en lettername om woorde korrek te spel en gebruik klankkennis en spelreëls by die skryf van informele toetse, diktee en alle skriftelike werk.
- Gebruik klankkennis om woorde korrek te spel.
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike woorde.

***Daaglikse leesaktiwiteite: Groepbegeleide lees (twee groepe) per dag en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.***

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klassikale lesse per week van 15 minute elk. Behandel ten minste een nuwe teks per week. Stel verskillende genres bekend soos toneelstukke en verskillende tipes gedigte.***

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees 'n verskeidenheid gedigte oor 'n onderwerp en bespreek die gedig (vorm, betekenis en woordkeuse).
- Interpreteer inligting van grafiese tekste soos advertensies, illustrasies, plakkate, grafieke, kaarte.
- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en bespreek die hoofgedagte, karakters en storielyn.
- Sê of hy of sy van die storie hou en kan die antwoord regverdig. Byvoorbeeld: “Ek het van die storie gehou omdat ...”
- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat gegrond is op die leesstuk. Byvoorbeeld: “Moes die kind se ouma haar vertel het dat ...?”
- Gebruik ‘n woordeboek vir nuwe woordeskat en woordbetekenisse.

***Groepbegeleide Lees***

***Die onderwyser werk daagliks met twee groepe en spandeer 15 minute met elke groep. Elke groep werk twee maal per week saam met die onderwyser.***

- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Lees verskillende genres, soos toneelstukkies.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, aanlees, pouseer.
- Lees met toenemende vlotheid, uitdrukking en korrekte uitspraak.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede om onbekende woorde te lees.
- Leerders monitor hulself in terme van woordherkenning en begripsvaardighede tydens lees.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

***Daaglikse leesaktiwiteite 20 minute lank, terwyl sommige groepe groepbegeleide lees saam met die onderwyser doen.***

- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en ander se skriftelike werk.
- Lees self boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, storieboeke en ander tekste wat volgens die leerder se leesvlak in die leeshoekie gekies word. Lees enige ander teks, soos leesboeke, wat die vorige jaar of aan die begin van die jaar gelees is, volgens die leerder se leesvlak.
- Vind inligting onafhanklik of in pare uit gepaste niefiksie tekste.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Gebruik beide klanke en settername om woorde te spel.
- Doen woordbou-aktiwiteite deur die klanke te gebruik, wat onderrig is.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Herken en gebruik meervoude van klanke wat uit twee vokale bestaan (bv. *mier - miere; boek - boeke*) en tweeklanke (bv. *deur - deure*, *vlooi - vlooie*).
- Herken en gebruik meervoude by woorde wat uit lang vokale bestaan, soos *boom - bome.*
- Herken en gebruik *meervoude van eenlettergrepige woorde wat 'n verdubbeling van die slotmedeklinker* neem soos *potte*, *koppe*, *visse*.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 2**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en of skriftelik)**

- Herken en gebruik verkleinwoorde van eenlettergrepige woorde wat op -**ng** eindig en **-etjie** as verkleiningsvorm kry soos ding**etjie.**
- Herken en gebruik verkleinwoorde van meerlettergrepige woorde wat op -**ng** eindig soos garin**kie.**
- Herken en gebruik verkleiningsvorme met **-ie**, **-tjie**, **-pie**, **-jie** soos muis**ie**, deur**tjie**, soom**pie**, mat**jie**.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Herken verkleinwoorde waarin die slotkonsonant verdubbel soos bu**ss**ie, ka**ss**ie, ta**kk**ie.
- Verdeel woorde in lettergrepe soos *blaar - bla-re; katte - kat-te; hande - han-de.*

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat gegrond is op die leesstuk. Byvoorbeeld: “Moes die kind se ouma haar vertel het dat ...?”

***Groepbegeleide lees***

- Lees verskillende genres, soos toneelstukke.
- Leerders monitor hulself in terme van woordherkenning en begripsvaardighede tydens lees.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees eie en ander se skriftelike werk.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Lees 'n boek in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees) en bespreek die hoofgedagte, karakters en storielyn.
- Sê of hy of sy van die storie hou en kan die antwoord regverdig. Byvoorbeeld: “Ek het van die storie gehou omdat ...”

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede om onbekende woorde te lees.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Interpreteer inligting van grafiese tekste soos advertensies, illustrasies, plakkate, grafieke, kaarte.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees self boeke wat tydens gedeelde lees gelees is, storieboeke en ander tekste uit die leeshoekie, volgens die leerder se leesvlak. Lees enige ander teks, soos leesboeke, wat die vorige jaar of aan die begin van die jaar gelees is, volgens die leerder se leesvlak.

**Formele Assesseringsaktiwiteit 3**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Lees vergrote teks soos gedigte, Grootboeke, plakkate en elektroniese teks as 'n klas saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees 'n verskeidenheid gedigte oor 'n onderwerp en bespreek die gedig soos vorm, betekenis en woordkeuse.

***Groepbegeleide lees***

- Oefen stillees en hardoplees uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie volgens die groep se leesvlak.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, aanlees, pouseer.
- Lees met toenemende vlotheid, uitdrukking en korrekte uitspraak.

| GRAAD 3: KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Handskrif**

***Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week:***

***Leerders maak nou die oorgang vanaf drukskrif na lopende skrif / skrif met verbindings teen die einde van die tweede kwartaal. Handskriflesse fokus op die inoefening van kleinletters en hoofletters in lopende skrif / skrif met verbinding. Leerders moet daartoe in staat wees om 'n transkripsie vanaf drukskrif (soos in 'n boek) na die lopende skrif / skrif met verbindings te doen.***

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan die korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Skryf met toenemende spoed.

***Gedeelde, Groep en Selfstandige skryf***

***Klassikale / kleingroeplesse twee tot drie maal per week vir 20 minute. Voorsien 'n skryfraam om leerders te help om persoonlike tekste te skryf soos 'n brief. Demonstreer die korrekte gebruik van leestekens, spelling en taalstrukture tydens gedeelde skryfaktiwiteite. Gebruik gedeelde leesaktiwiteite om taalstrukture, sinstrukture en leestekens aan te leer.***

- Skryf persoonlike tekste in verskillende vorme: 'n dagboekinskrywing, 'n brief aan 'n familielid, 'n beskrywing.
- Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie van ten minste twee paragrawe aan (tien of meer sinne) en voorsien die skryfstuk van ‘n opskrif.
- Skryf en illustreer sinne oor ‘n onderwerp om ‘n bydrae te maak tot ‘n boek in die klaskamerbiblioteek.
- Som op en hou verslag van inligting deur middel van kopkaarte, tabelle, kennisgewings, diagramme of kaarte.
- Gebruik verskillende sinstrukture soos stelsinne, vraagsinne, bevelsinne.
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, bywoorde en voorsetsels korrek.
- Voeg sinne saam deur voegwoorde te gebruik, soos *en, maar, want.*
- Gebruik ‘n verskeidenheid woordeskat om skriftelike werk interessanter te maak.
- Gebruik klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.
- Lees eie skryfstukke aan die klas voor.
- Gebruik ‘n woordeboek vir nuwe woordeskat en woordbetekenisse.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Handskrif***

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Handskrif***

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Handskrif***

- Skryf met toenemende spoed.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

***Skryf***

- Lees eie skryfstukke aan die klas voor.
- Skep ‘n eie woordbank en persoonlike woordeboek.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf persoonlike tekste in verskillende vorme: 'n dagboekinskrywing, 'n brief aan 'n familielid, 'n beskrywing.
- Gebruik ‘n verskeidenheid woordeskat om die skriftelike werk interessanter te maak.
- Gebruik verskillende sinstrukture soos stelsinne, vraagsinne, bevelsinne.

**Formele assesseringsaktiwiteit 2**

***Skryf***

- Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie aan van ten minste twee paragrawe, of tien of meer sinne en voorsien die skryfstuk van 'n opskrif.
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik klankkennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf.

**Formele assesseringsaktiwiteit 3**

***Skryf***

- Som op en hou verslag van inligting deur middel van kopkaarte, tabelle, kennisgewings, diagramme of kaarte.
- Identifiseer en gebruik selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, bywoorde en voorsetsels korrek.
- Voeg sinne saam deur voegwoorde te gebruik, soos *en, maar, want.*

| GRAAD 3: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT (MONDELING)** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 1 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

**Daaglikse / Weeklikse aktiwiteite in alle komponente van Taal en ander vakke**

- Gebruik terminologie soos onderwerp, werkwoord, voorwerp, vraag, stelling, bevel, sinoniem, antoniem (teenoorgesteldes), uitroepteken, tydens teksbesprekings.
- Verstaan en gebruik gepaste taal van verskillende vakke.

***Tweeweeklikse aktiwiteite wat gefokus is op luister- en praataktiwiteite***

*Week 1 - 5*

- Neem aan 'n gesprek deel as 'n sosiale vaardigheid en respekteer die manier waarop ander praat.
- Gebruik verbeeldingryke taal: vertel grappe en raaisels en gebruik toepaslike stemvolume en intonasie.
- Luister vir besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae. Byvoorbeeld: “Dink jy dit is nodig om skool toe te kom?”
- Vertel ‘n storie deur gebruik te maak van beskrywende taal, handgebare en gesigsuitdrukkings.

*Week 6 - 10*

- Luister na 'n storie en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in die storie in reaksie op vrae soos: “Wat sou gebeur het as die sleutel nie gevind was nie?”
- Beplan en doen ‘n mondelinge aanbieding: vertel persoonlike nuus, beskryf ‘n ervaring, vertel ‘n gebeurtenis oor, ens., en gebruik ‘n visuele hulpmiddel.
- Druk gevoelens uit en lug ‘n mening oor ‘n teks en verskaf redes. Byvoorbeeld: “Hierdie boek is vervelig want dit het geen prente nie en die woorde is moeilik!”
- Bespreek oplossings vir ‘n probleem en gebruik hoër-orde-denkvaardighede. Byvoorbeeld: “As Pappa jou nie vanmiddag kan kom haal nie, kan jy ...”

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Gebruik terminologie soos onderwerp, werkwoord, voorwerp, vraag, stelling, bevel, sinoniem, antoniem (teenoorgesteldes), en uitroepteken tydens teksbesprekings.
- Druk gevoelens uit en lug ‘n mening oor ‘n teks en verskaf redes. Byvoorbeeld: “Hierdie boek is vervelig want dit het geen prente nie en die woorde is moeilik!”
- Bespreek oplossings vir ‘n probleem en gebruik hoër-orde-denkvaardighede. Byvoorbeeld: “As Pappa jou nie vanmiddag kan kom haal nie, kan jy ...”

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Luister en Praat*** **(mondeling en / of prakties)**

- Vertel 'n storie deur gebruik te maak van beskrywende taal, handgebare en gesigsuitdrukkings.
- Gebruik verbeeldingryke taal: vertel grappe en raaisels en gebruik toepaslike stemvolume en intonasie.
- Gebruik verbeeldingryke taal tydens mondelinge werk (soos vertel grappe / raaisels) en gebruik toepaslike stemvolume en intonasie.
- Beplan en doen ‘n mondelinge aanbieding: vertel persoonlike nuus, beskryf ‘n ervaring, vertel ‘n gebeurtenis oor, ens., en gebruik ‘n visuele hulpmiddel.

| GRAAD 3: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **LEES EN KLANKE** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 4 uur 30 minute per week<br>Maksimum tyd: 5 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Klankaktiwiteite van 15 minute elk, drie maal per week***

***Hersien die klanke en spelreëls wat alreeds onderrig is en stel die nuwe klankbegrippe bekend. Gaan voort met woordbou-aktiwiteite en spelprogram.***

- Herken en gebruik klanke en spelreëls om woorde korrek te spel.
- Verdeel woorde in oop en geslote lettergrepe.
- Herken en gebruik eenvoudige deeltekenwoorde, byvoorbeeld, *seël, hoë* (ook die woorde wat nie 'n deelteken kry nie soos: *dae, vlae*).
- Herken en gebruik eenvoudige kappiewoorde, byvoorbeeld, *sê, pêrel* (ook die woorde wat nie 'n kappie of deelteken kry nie soos *ster, werf*).
- Herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word, soos *hart / hard; lei / ly.*
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike woorde.

***Daaglikse leesaktiwiteite: Groepbegeleide lees (twee groepe per dag) en 2 - 3 gedeelde leessessies per week.***

***Gedeelde lees***

***Twee tot drie klassikale lesse per week van 15 minute elk waar ten minste een nuwe teks per week behandel word. Tekste sluit in fiksie, niefiksie, koerantartikels, dialoë en grafiese tekste.***

- Lees vergrote teks soos fiksie- en niefiksie Grootboeke, koerantartikels, dialoë en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).
- Lees 'n skriftelike teks in klasverband saam met die onderwyser en beskryf die karakters, storielyn en waardes in die teks.
- Sê of hy of sy van die storie hou en kan die antwoord regverdig.
- Gebruik visuele leidrade om 'n grafiese teks te lees en te analiseer vir houdings en aannames. Byvoorbeeld: “Op wie is die advertensie gerig? Hoekom sê jy so?”
- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat gegrond is op die leesstuk. Byvoorbeeld: “Wat sou gebeur het as die winkeleienaar die winkel se deur oopgelaat het toe hy huis toe gegaan het?”
- Gebruik ‘n woordeboek vir nuwe woordeskat en woordbetekenisse.

***Groepbegeleide lees***

***Die onderwyser werk daagliks met twee groepe en spandeer 15 minute met elke groep. Elke groep werk twee maal per week saam met die onderwyser.***

- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie wat op die groep se leesvlak is.
- Lees met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking (lees met gevoel).
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede om betekenis te skep.
- Leerders monitor hulself in terme van woordherkenning en begripsvaardighede tydens lees.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.
- Speel woordspeletjies om lees- en woordeskatvaardighede in te oefen.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

***Daaglikse leesaktiwiteite van 20 minute elk terwyl sommige groepe groepbegeleide lees saam met die onderwyser doen.Gebruik bekende tekste of tekste wat op die leerder se individuele leesvlak is.***

- Lees eie en ander se skriftelike werk.
- Lees hardop vir 'n maat.
- Lees selfstandig op ‘n meer komplekse vlak vir genot en inligting uit ‘n verskeidenheid beskikbare tekste, soos tydskrifte, strokiesprente, fiksie en niefiksie, boeke uit verskillende kulture, asook boeke wat tydens gedeelde lees gebruik is.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Klanke* (mondeling en / of prakties)**

- Spel woorde korrek in informele toetse, diktee en in alle skriftelike woorde deur klankkennis te gebruik.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Klanke* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

- Herken en gebruik eenvoudige deeltekenwoorde, byvoorbeeld, *seël, hoë* (ook die woorde wat nie 'n deelteken kry nie soos *dae, vlae*).
- Herken en gebruik eenvoudige kappiewoorde, byvoorbeeld, *sê, pêrel* (ook die woorde wat nie 'n kappie of deelteken kry nie soos *ster, werf*).
- Herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word soos *hart / hard; lei / ly.*
- Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike woorde.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Lees vergrote teks soos fiksie- en niefiksie, Grootboeke, koerantartikels, dialoë en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees).

***Groepbegeleide lees***

- Speel woordspeletjies om lees- en woordeskatvaardighede in te oefen.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees eie en ander se skriftelike werk.
- Lees hardop vir 'n maat.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Lees* (mondeling en / of prakties en / of skriftelik)**

***Gedeelde lees***

- Lees 'n skriftelike teks in klasverband saam met die onderwyser en beskryf die karakters, storielyn en waardes in die teks.
- Gebruik visuele leidrade om 'n grafiese teks te lees en analiseer vir houdings en aannames. Byvoorbeeld: “Op wie is die advertensie gerig? Hoekom sê jy so?”
- Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat gegrond is op die leesstuk. Byvoorbeeld: “Wat sou gebeur het as die winkeleienaar die winkel se deur oopgelaat het toe hy huis toe gegaan het?”

***Groepbegeleide lees***

- Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie wat op die groep se leesvlak is.
- Lees met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking (lees met gevoel).
- Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede om betekenis te skep.
- Leerders monitor hulself in terme van woordherkenning en begripsvaardighede tydens lees.
- Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word.

***Lees in pare / Selfstandige lees***

- Lees selfstandig op 'n meer komplekse vlak vir genot en inligting uit 'n verskeidenheid beskikbare tekste soos tydskrifte, strokiesprente, fiksie en niefiksie, boeke uit verskillende kulture asook boeke wat tydens gedeelde lees gebruik is.

| GRAAD 3: KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| **SKRYF** | **VOORGESTELDE KONTAKTYD**<br>Minimum tyd: 1 uur 45 minute per week<br>Maksimum tyd: 2 uur per week |

**INHOUD / BEGRIPPE / VAARDIGHEDE**

***Handskrif***

***Formele lesse van 15 minute elk, drie maal per week***

***Fokus op aktiwiteite om toenemende skryfspoed en netheid / leesbaarheid te bevorder. Sluit aktiwiteite in waar skriftelike werk vanaf drukskrif nalopende skrif / skrif met verbindings gedoen word.***

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan die korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Gebruik lopende skrif / skrif met verbindings in alle skriftelike werk.
- Eksperimenteer met pen vir skrifdoeleindes.
- Skryf netjies, leesbaar en met selfvertroue in lopende skrif / skrif met verbindings.

***Gedeelde, Groep- en Selfstandige skryf***

***Klassikale / kleingroeplesse van 20 minute elk twee tot drie maal per week. Gebruik die gedeelde skryfaktiwiteite om die korrekte gebruik van leestekens, spelling en taalstrukture (soos voorsetsels, voegwoorde) te demonstreer. Voorsien skryframe aan leerders om dialoë en 'n nuusberig te skryf. Lei die leerders deur die stappe van die skryfproses.***

- Gebruik pre-skryfstrategieë om inligting in te samel en skryfstukke te beplan: praat met 'n maat, teken 'n kopkaart, beplan 'n raamwerk vir skryf.
- Skryf 'n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes, soos vertellings, dialoë,
- Skryf oor 'n persoonlike ervaring in verskillende vorme, soos 'n kort nuusberig.
- Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie van ten minste twee paragrawe aan (ten minste 12 sinne).
- Skryf informatiewe tekste soos resepte, eksperimente.
- Gee inligting in die korrekte volgorde weer en gee dit ‘n opskrif (titel).
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens, aanhalingstekens.
- Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm.
- Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om moeilike woorde te skryf.
- Skep ‘n woordbank en persoonlike woordeboek.
- Gebruik ‘n woordeboek om nuwe woordeskat te vind en spelling na te gaan.
- Bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang.
- Skep eie boeke om ‘n bydrae tot die klaskamerbiblioteek te maak.

**ASSESSERING**

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite**

**Skryf / handskrif**

- Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan die korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings.
- Eksperimenteer met pen vir skrifdoeleindes.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Handskrif***

- Gebruik lopende skrif / skrif met verbindings in alle skriftelike werk.
- Skryf netjies, leesbaar en met selfvertroue in lopende skrif / skrif met verbindings.

**Voorstelle vir informele assesseringsaktiwiteite:**

***Skryf***

- Gebruik pre-skryfstrategieë om inligting in te samel en skryfstukke te beplan: praat met 'n maat, teken 'n kopkaart, beplan 'n raamwerk vir skryf.
- Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm.
- Bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang.
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.

**Formele assesseringsaktiwiteit 1**

***Skryf***

- Skryf 'n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes, soos vertellinge, dialoë.
- Skryf oor 'n persoonlike ervaring in verskillende vorme soos 'n kort nuusberig.
- Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie van ten minste twee paragrawe aan (ten minste 12 sinne).
- Skryf informatiewe tekste soos resepte, eksperimente.
- Gee die inligting in die korrekte volgorde weer en gee dit ‘n opskrif (titel).
- Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens.
- Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om moeilike woorde te skryf.

## VOORGESTELDE TEKSTE / HULPMIDDELS VIR DIE JAAR

| |
|---|
| **LUISTER EN PRAAT**<br>• Prente en plakkate<br>• Werklike voorwerpe wat van toepassing is op die temas ,soos handpoppe, maskers, ens.<br>• Storiebordstukke<br>• Prente vir volgorde<br>• Fantasieklere vir rolspel en ander mondelinge aktiwiteite<br>• CD's of bande met stories (wat gelees of vertel word), gedigte, rympies en liedjies, CD-speler / bandspeler, televisie en video's / DVD's<br>• Storieboeke |
| **LEES EN KLANKE**<br>• Prente en plakkate<br>• Muurklankkaarte<br>• Gegradeerde leesreekse wat 'n verskeidenheid genres insluit (toneelstukke, niefiksie, gedigte, ens.)<br>• Grootboeke - mag tydens gedeelde skryfsessies gemaak word<br>• Vergrote tekste soos gediggies, rympies, liedjies, stories<br>• Storieboeke en prenteboeke vir die klaskamerbiblioteek<br>• Kort pretboeke met 1 - 2 sinne op 'n bladsy vir die leeshoekie<br>• Niefiksie-tekste wat op die graad van toepassing is<br>• Flitskaarte vir klaskameritems, uitstallings en sigwoorde<br>• Wysers vir gebruik tydens die lees van vergrote tekste, muurstories, uitstallings<br>• Prent- en woordraaisels en -speletjies<br>• Koerante en tydskrifte<br>• Muurkaarte met eenvoudige kaarte, vloeidiagramme |
| **SKRYF EN HANDSKRIF**<br>• Skryfgereedskap soos potlode, kleurkryte, vetkryte, blanko papier in verskeie groottes (A3, A4, A5), liniaal, uitveër, 8.5 mm liniëring boeke.<br>• Skryf- en sinstroke in lopende skrif / skrif met verbindings en dui die beginpunte en rigting van skryf aan.<br>• Blaaibord en dik merkpenne<br>• Persoonlike woordeboeke<br>• Eenvoudige woordeboeke wat op die graad van toepassing is |

# WOORDELYS

**antoniem -** ‘n woord wat die teenoorgestelde beteken, byvoorbeeld *groot* en *klein*

**assessering -** ‘n deurlopende en beplande proses van inligting versamel,oor leerderprestasie, formeel en informeel, op verskillende maniere

**assesseringsaktiwiteit -** ‘n aktiwiteit wat gebruik word om leerders te assesseer, bestaande uit ‘n aantal klein aktiwiteite / sub-aktiwiteite

**enkelbeginkonsonant -** die deel van die lettergreep voor die eerste vokaal (bv. m - at)

**dekodering -** die vermoë om ‘n woord van teks na spraak te vertaal deur letter-klank-verwantskap; die verdeling van ‘n woord in klank- en lettergrepe

**deurlopende assessering -** ‘n assesseringsmodel wat die integrering van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

**fantasiehoekie -** ‘n hoekie in die klaskamer waar die leerders aan denkbeeldige spel kan deelneem, bv. verskillende soorte klere kan aantrek en rolspeel

**fonemies -** die onderskeid tussen die aparte klanke van ‘n taal (bv. “t”, “k”)

**fonemiese bewustheid -** die vermoë om te onderskei tussen die aparte klanke van die taal, bv. “bed” en “bad”, “bod” en “bid”

**fonologiese bewustheid -** die vermoë om bewus te wees van klanke en klankveranderinge van ‘n taal

**fynmotories -** koördinasie van kleinspierbewegings, bv. waar die vingers en oë saamwerk, soos om ‘n skêr te gebruik om iets uit te knip. Fynmotoriese vaardighede word gebruik by die skryfproses

**gedeelde lees -** ‘n aktiwiteit waar leerders en onderwysers die lees van vergrote teks met mekaar deel. Dit is ‘n les vir die hele klas. Sekere leerders sal slegs op luistervlak funksioneer, ander sal poog om te lees en die res sal ten volle deelneem. Dieselfde teks word oor die bestek van ‘n paar dae gebruik. Die onderwyser selekteer elke dag ‘n nuwe fokuspunt. Die teks word gebruik om klanke, taal en leesvaardighede in konteks aan te bied

**gegradeerde leesreeks -** leesboeke met grammatika en woordeskat op verskillende vlakke, byvoorbeeld Graad 1 - vlak 1, 2, 3, 4. Die vlakke gaan van maklik (eenvoudige woordeskat, kort teks) na moeilik. Elke vlak het ‘n aantal leesboeke. Die leerder begin, met hulp van die onderwyser, op die korrekte vlak, lees verskeie boeke op daardie vlak tot hy vlot kan lees en beweeg dan na ‘n volgende vlak

**geletterdhede -** verskillende soorte geletterdheid: lees en skryf; kulturele geletterdheid (begrip van die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat ons lees van tekste vorm); kritiese geletterdheid (die vermoë om krities op die boodskap in tekste te reageer); visuele geletterdheid (die lees / skryf van beelde, tekens, prente, ens); mediageletterdheid (die lees van koerante, tydskrifte, TV en film as kulturele boodskappe)

**geletterdheid -** die vermoë om te lees en geskrewe inligting te gebruik en om vir verskillende doeleindes te skryf. Dit is deel van die vermoë om sin van ‘n mens se wêreld te maak

**geslote prosedures -** ‘n tegniek waar woorde van ‘n teksgedeelte uitgelaat word, bv. elke vyfde woord. Die leerders moet wenke volg om die openinge te vul. Dit word gebruik om begrip te toets en die taal te bemeester

**grafiese teks -** teks waar inligting visueel deur middel van diagramme en grafieke aangebied word

**groepbegeleide lees -** ‘n groepleessessie waar alle leerders op dieselfde vlak funksioneer en die onderwyser leerders op so ‘n manier ondersteun dat hulle met toenemende selfvertroue kan lees

**groepbegeleide skryf -** skryf van ‘n wye reeks tekste, individueel of in klein groepies, nadat die onderwyser aspekte van skryf ( bv. formaat, punktuasie, taal, spel) verduidelik het

**grondlynassessering -** aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

**Grootboeke -** ‘n groot storieboek met prente en teks wat tydens gedeelde en groepbegeleide lees gebruik word. Hierdie Grootboeke is kommersieel verkrygbaar of dit kan deur die onderwyser en / of leerders self geskryf word

**hoëfrekwensie woorde -** ‘n groep bekende woorde wat gereeld in die Afrikaanse gedrukte media voorkom

**hoër-orde-denkvrae -** vrae wat vereis dat die leerders inligting van verskillende dele van ‘n teks bymekaarbring (lees tussen die reëls), evalueer wat gebeur (lug ‘n mening) en waardering kan uitspreek (sê hoekom hy of sy daarvan gehou het en hoekom)

**holistiese rubriek vir assessering -** ‘n rubriek wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

**kinesteties -** leer wat plaasvind deur fisiese aktiwiteite (bv. leer deur te doen)

**klankbewustheid -** die vermoë om tussen die afsonderlike klanke van ‘n taal te onderskei

**klanke / fonetiek -** die verhouding tussen klanke en spelling in ‘n taal. Dit help met woordherkenning wanneer daar gelees word en help leerders om te spel

**klankkombinasies -** saamvloei van klanke in ‘n woord of gedeelte van ‘n woord

**klanke -** die verhouding tussen klanke en spelling. Klanke word in lees en in skryf gebruik

**kontekts -** die konteks waarin ‘n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kruising van die middellyn -** aksies wat uitgevoer word om ‘n denkbeeldige lyn (wat van kop tot

toon in die middel van die liggaam strek) te kruis, byvoorbeeld om die teenoorgestelde elmboog te

raak

**laer-orde-denkvrae -** vrae wat van leerders vereis om feite te onthou. Byvoorbeeld: “Wie was die hoofkarakters in die verhaal?” / “Wat was die hoofkarakter se naam?”

**leesgewoonte -** dit wat leerders doen wanneer hulle lees om sin te maak van die teks

**legkaart -** ‘n kaart bestaande uit inmekaarpassende stukkies wat saamgevoeg moet word

**lopende skrif -** 'n vloeiende skrif waar letters vinnig gevorm word sonder om die pen of potlood te lig. 'n Ander lopende skrif is waar letters met verbindings gevorm word, maar die pen of potlood word in die proses opgelig

**meta-kognitief -** 'n leerder se bewustheid van sy / haar eie denkproses

**onderskrif -** wat onder 'n foto,plakkaat of prent geskryf word

**ontluikende / vormende geletterdheid -** verwys na die kind se groeiende kennis van die gedrukte

woord. Kinders sien die gedrukte teks in die omgewing en begin die doel daarvan verstaan. Wanneer stories aan hulle gelees en vertel word, leer hulle hoe stories werk en wat boeke is. Selfs voordat hulle skool toe gaan, weet hulle dikwels reeds baie. Hulle mag hulle eie idees van letters en spelling gebruik (vormende spelling). Hulle kan maak of hulle 'n boek of boeke lees (vormende lees). Dit is die begin van leerders se geletterdheid

**oopeindevrae -** vrae waarop die leerders verskillende response kan gee

**ouditief -** wat op die klank gerig is, luister / hoor

**perseptueel-motories -** perseptueel-motoriese vaardighede koördineer sig en gehoor deur middel van liggaamlike aksies

**plastisien -** boetseerklei in alle kleure (speelklei)

**publiseer -** 'n geskrif laat druk

**ruimtelike oriëntering -** bewuswording van voorwerpe in die ruimte rondom ons asook bewuswording van ons eie liggaamsposisie in die ruimte

**sigwoorde -** woorde wat leerders outomaties (op sig) kan herken. Dit is nie nodig om hierdie woorde te ontleed (op te breek) nie. Sigwoorde kom heel dikwels voor in vroeë lees of hoëfrekwensie woorde (bv. hy, sy)

**sinoniem -** 'n woord wat min of meer dieselfde as 'n ander woord beteken (bv. "mooi" en "pragtig")

**sintaksis -** leer van sinsbou

**sluitingstegniek -** 'n tegniek waar woorde van 'n teksgedeelte uitgelaat word, bv. elke vyfde woord. Die leerders moet wenke volg om die openinge te vul. Dit word gebruik om begrip te toets en die taal te bemeester

**stemtoon -** gebruik van stem om gevoel uit te druk

**storiebord -** 'n reeks prente wat 'n storie illustreer

**strategie -** manier waarop leerders besig is om te dink oor lees,skryf en mondelinge taal sodat leer en begrip bevorder kan word. Voorbeelde van begripstrategieë is voorspelling en visualisering

**strutureel-analities -** ontleding van dele van 'n woord (voorvoegsel en agtervoegsels) om 'n

onbekende woord te verstaan

**tangram -** 'n Chinese legkaart wat uit sewe stukke bestaan en 'n vierkant vorm van enige geskrewe,

gesproke of visuele vorm van kommunikasie wat die doelbewuste gebruik van taal behels

**teks -** enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**vryspel -** wanneer leerlinge toegelaat word om te kies waar, hoe en waarmee hulle wil speel

**woordbank -** 'n lys woorde wat die leerder ken of nuwe woorde wat in die proses geleer word / 'n persoonlike woordeboek